# MOONTLIKE IMPLIKASIES VAN ARTIKEL 32 VAN DIE

# GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (Wet 108/1996)

# VIR BIBLIOTEKE

**Suzette Coetzee**
**B.A., H.O.D., H.D.B.**

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
**Magister Bibliothecologiae**
in Inligtingkunde
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Mnr. T. Larney
Hulpleier Prof. G.M. Ferreira

Potchefstroom
1998

**SUMMARY**

*Title*: Possible implications of section 32 of the Constitution of the Republic of South Africa 108 of 1996 for libraries

*Keywords*: Information, libraries and information management, right to information, Constitution (RSA) and information, fundamental right to information, freedom of information.

*Aim of the study*: The aim of the study was to research the implications of section 32 of the Constitution of the Republic of South Africa 108 of 1996 for libraries and librarians.

*Research method*: The study was mainly a literature study of the most important legislative measures and other material dealing with the right to information, library and information science and fundamental rights. The position in South Africa was compared to the position of libraries in the United States of America.

*Core findings*: The right to information as a fundamental right read with the *Open Democracy Bill* (B67-98), the *Legal Deposit Act* 54 of 1997 and the *National Archives Act* 43 of 1996 has implications for libraries and librarians. The right to information entails that state or government information should be made more readily available to the public. In order to exercise one's rights in a democratic dispensation the right to information is indispensable. At this stage the public does not realise the value of official information and, therefore, they do not make use of it. This information is, however, not readily available. Libraries could play an important role in making this information available to the public, as they could act as depositories for official information. These depositories could be based on the United States model of the *Federal Depository Library Program*. Training should be given to document librarians dealing with official information.

# VOORWOORD

Dank word aan die volgende persone en instansies betuig:

- My studieleiers Mnr. Tom Larney en Prof. Gerrit Ferreira vir hulle hulp.
- Die Ferdinand Postma-Biblioteek en personeel vir die geleentheid en verlof om hierdie studie te voltooi.
- My familie en vriende vir hulle geduld en bystand.
- Maar boweal *Soli Deo Gloria*.

## INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1 1

INLEIDING 1

1.1 PROBLEEMSTELLING 1

1.2 SENTRALE VRAAGSTELLING 4

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING 6

1.4 METODOLOGIE 6

HOOFSTUK 2 7

BEGRIPSVERKLARING EN KONSEPTUALISERING 7

2.1 INLEIDING 7

2.2 BESPREKING VAN BEGRIPPE 8
2.2.1 Inligting en informasie 8
2.2.2 Inligting van openbare belang of openbare inligting 11
2.2.3 Staatsinligting en staatspublikasies 16
2.2.4 Vryheid van inligting 18
2.2.5 Reg op inligting 19
2.2.6 Demokrasie en inligting 23

2.3 SLOT 26

HOOFSTUK 3 28

ONTLEDING VAN STATUTÊRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT 'N REG OP TOEGANG TOT INLIGTING 28

3.1 DIE GRONDWET VAN 'N STAAT 28
3.1.1 Inleiding 28
3.1.2 Definisies van 'n grondwet 29
3.1.3 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 30

3.2 HANDVES VAN REGTE 33
3.2.1 Die ontstaan en geskiedenis van fundamentele regte 33
3.2.2 Teorieë oor en die aard van fundamentele regte 35
3.2.3 Klassifikasie van fundamentele regte 36
3.2.4 Die ratio vir die insluiting van fundamentele regte 37
3.2.5 Konklusie 37

3.3 ARTIKEL 23 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 200 VAN 1993 38

3.4 ARTIKEL 32 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 108 VAN 1996 39

3.5 DIE WETSONTWERP OP OOP DEMOKRASIE 41

3.6 WET OP PLIGLEWERING 54 VAN 1997 45

3.7 WET OP DIE NASIONALE ARGIEF VAN SUID-AFRIKA 43 VAN 1996 48

3.8 SLOT 49

## HOOFSTUK 4 52

## DIE HUIDIGE ROL VAN BIBLIOTEKE TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGVERSKAFFING 52

4.1 INLEIDING 52

4.2 DEFINISIES VAN BIBLIOTEKE, BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE 53
4.2.1 Definisies 53
4.2.2 Afleidings uit definisies 54

4.3 ENKELE NORMATIEWE VEREISTES TEN OPSIGTE VAN DIE ROL EN FUNKSIE VAN BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE 55
4.3.1 Ranganathan, Norman en Line se normatiewe ontledings 56
4.3.2 Ander menings oor die rol en funksie van biblioteke 60
4.3.3 Gevolgtrekkings 61

4.4 FAKTORE WAT BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE BEÏNVLOED 62
4.4.1 Nie-tegnologiese faktore 62
4.4.2 Tegnologiese faktore 64
4.4.3 Die inligtingsamelewing: ontstaan en kenmerke 65
4.4.3.1 Ontstaan van die inligtingsamelewing 67
4.4.3.2 Enkele kenmerke van die inligtingsamelewing 67

4.5 BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE IN SUID-AFRIKA 68
4.5.1 Algemene oorsig 68
4.5.1.1 Mediasentra / skoolbiblioteke 70
4.5.1.2 Openbare Biblioteke 71
4.5.1.3 Universiteite en Technikons 71
4.5.1.4 Nasionale Biblioteke 72
4.5.2 Samevatting 72

4.6 BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE EN STAATSINLIGTING 73
4.6.1 Algemene oorsig staatsinligting en die rol van die staat 73
4.6.2 Probleme ten opsigte van staatsinligting in Suid-Afrika 75

4.7 SLOT 77

## HOOFSTUK 5 78

## DIE ROL VAN BIBLIOTEKE IN DIE KONKRETISERING VAN 'N REG OP TOEGANG TOT INLIGTING 78

5.1 INLEIDING 78

5.2 DIE FEDERAL DEPOSITORY LIBRARY PROGRAM VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA 79
5.2.1 Ontstaansgeskiedenis van die FDLP 79

5.2.2 Beginsels en voorwaardes waarop die FDLP gebaseer is 79
5.2.3 Elektroniese toegang tot staatsinligting 82

**5.3 MOTIVERING VIR DIE VESTIGING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIEBEWAARPLEKKE IN BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA 83**

**5.4 VOORSTELLE VIR DIE VESTIGING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIEBEWAARPLEKKE IN BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA 88**
5.4.1 Agtergrond tot die 1997-seminaar oor amptelike bewaarplekke 88
5.4.1.1 Inleiding 88
5.4.1.2 Die aanloop tot die 1997-seminaar oor amptelike publikasiebewaarplekke in Suid-Afrika 88
5.4.2 Besprekingspunte tydens die 1997-seminaar oor amptelike publikasiebewaarplekke 89
5.4.2.1 Aanwysing van amptelike publikasiebewaarplekke 89
5.4.2.2 Seleksie van materiaal vir amptelike publikasie-bewaarplekke 90
5.4.2.3 Die aanwins en prosessering van amptelike bronne 90
5.4.2.4 Menslike hulpbronne 91
5.4.2.5 Finansiële aanspreeklikheid en kosteverhaling 92
5.4.2.6 Inligtingstegnologie 92

**5.5 BEKENDSTELLING EN BEMARKING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIES 93**
5.5.1 Inleiding 93
5.5.2 Die skepping van 'n publieke bewustheid oor staatsinligting deur die staat 94
5.5.2.1 Die staat se hulpbronne 94
5.5.2.2 Moontlike maniere waarop die staat amptelike publikasies en die reg op toegang tot inligting kan bevorder 95
5.5.3 Biblioteek-en inligtingsdienste 95
5.5.4 Amptelike publikasiebewaarplekke 97

**5.6 SLOT 98**

## HOOFSTUK 6 99

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 99

**6.1 INLEIDING 99**

**6.2 GEVOLGTREKKINGS 100**

**6.3 AANBEVELINGS 103**

**6.4 SLOT 105**

## BRONNELYS 106

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Suid-Afrika het in 1994 'n nuwe fase in sy geskiedenis betree toe die tussentydse *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 (hierna die 1993-Grondwet) in werking getree het. Die nuwe grondwetlike bedeling het grondliggende verskuiwings en veranderinge op meer as een terrein van die Suid-Afrikaanse samelewing teweeggebring (Hofmeyr, 1996:31). In Hoofstuk 3 van die 1993-Grondwet word die fundamentele regte van staatsburgers verskans. Die finale *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 (hierna die 1996-Grondwet) plaas klem op konsepte soos demokrasie, bemagtiging van die individu, deelname aan bestuur, deursigtigheid en die reg op toegang tot inligting. Die reg op toegang tot inligting is een van die fundamentele regte wat in die Handves van Regte in die 1996-Grondwet opgeneem is.

Artikel 32 van die 1996-Grondwet omskryf die reg op toegang tot inligting en bepaal soos volg:

> (1) Elkeen het die reg op toegang tot -
> (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en
> (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.
>
> (2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

'n Reg op toegang tot inligting word deur die gewone burger gesien as sy reg om inligting te verkry, te publiseer en die vrye vloei van inligting te bewerkstellig sonder inmenging deur die staat (Johannessen *et al.*, 1995:46).

Dit sluit in dié opsig nou aan by die menseregtekultuur wat volgens die Grondwet in Suid-Afrika gevestig moet word (Johannessen *et al.,* 1995:46).

Op internasionale vlak word die reg op toegang tot inligting in, onder andere, die *Universele Deklarasie van Menseregte* beliggaam. Die relevante voorskrif lui soos volg: "Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media ..." (Hamalengwa *et al.*, 1988:165).

Dit spreek vanself dat alle inligting nie openbaar gemaak kan word nie. Trouens, die 1996-Grondwet self maak in artikel 36 voorsiening vir die beperking van al die fundamentele regte:

> (1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van
>
> (a) die aard van die reg;
> (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
> (c) die aard en omvang van die beperking;
> (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
> (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.
>
> (2) Behalwe soos in subartikel (1) of enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

Inligting is mag en sonder die vrye vloei van inligting sal die nuwe demokratiese bedeling beswaarlik oorleef. Volgens Gumbi (Van Wyk, 1995:10) is juis die toegang tot amptelike inligting een van die hoekstene vir die vestiging en die uitbou van 'n kultuur van menseregte. Sodoende word die man op straat in staat gestel en toegelaat om aan regeringsbesluitneming op alle vlakke deel te hê.

In 1998 is die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98) gepubliseer wat wesenlike implikasies vir inligtingverskaffers kan hê. Gevolglik sal bibliotekarisse waarskynlik bewus moet wees van watter inligting vrygestel mag word en hulle sal moontlik ook in staat moet wees om die uitsluitingsgronde, soos in die wetsontwerp voorgestel, te ken en te kan interpreteer ten einde behoorlike bystand aan die gebruiker te verleen. Die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 en die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika* 43 van 1996 maak daarvoor voorsiening dat inligting in bepaalde gevalle onder sekere voorwaardes verskaf moet word. Hierdie wetgewing hou ook sekere implikasies vir biblioteke in.

In die Verenigde State van Amerika speel die bibliotekaris 'n belangrike rol met betrekking tot die interpretasie van die *Freedom of Information Act*. Sommige biblioteke vervul verder die rol van 'n depot vir regeringsinligting. Die inligting is hier ter insae vir die publiek en sodoende word die las van die staat verlig. Tans dien meer as 1500 biblioteke in die Verenigde State van Amerika as depots vir staatsinligting (Lor, 1995a:15-20). Hierdie biblioteke moet almal aan streng vereistes voldoen soos neergelê deur die Kantoor van die Staatsdrukker (Government Printing Office - GPO). Die vereistes is onder andere dat biblioteke diens moet kan lewer en dat die akkommodasie van gebruikers en materiaal nie 'n probleem in dié verband moet wees nie. Net een biblioteek per streek of area mag as depot vir staatsinligting dien en belangrike vereistes wat geld is gratis dienslewering, toeganklikheid en bereikbaarheid (Lor, 1995a:15). Met die oog op bogenoemde word baie aandag aan die opleiding van bibliotekarisse in die hantering van staatspublikasies gegee (Lor, 1995a:16).

Vir die biblioteek in die nuwe bedeling in Suid-Afrika is artikel 32 van die 1996-Grondwet en die beklemtoning van deursigtigheid om verskeie redes van kardinale belang. Die bibliotekaris se professie behels byvoorbeeld die beskikbaarstelling van inligting. 'n Groot aantal biblioteke word amptelik befonds - hetsy in die vorm van direkte toekennings uit die begroting, hetsy in die vorm van subsidies (South African Yearbook, 1996:320). Dit beteken dat hierdie inligtingsinstellings (minstens sover dit die besteding van dié fondse

en die produk wat daardeur gelewer word, betref), deur die publiek verantwoordbaar gehou word. Biblioteke staan nie los van die gemeenskap nie en het, veral in die lig van die Growth, Employment and Redistribution-denkskema (hierna die GEAR-denkskema) baie spesifieke pligte met betrekking tot die gemeenskap (Cillié, 1995:6). Volgens Bowden (1995:5) is op 'n United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation - konferensie (hierna UNESCO) in verband met inligting en die verantwoordelikhede van inligtingsinstellings ten opsigte van gemeenskappe, onder andere ooreengekom dat inligting 'n belangrike deel van 'n nasie se hulpbronne is en dat toegang daartoe 'n basiese mensereg is. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die bibliotekaris deel met die radio, televisie, die pers en ander media. Die verantwoordelikheid ter sprake is om toe te sien dat daar 'n vrye vloei van inligting in die gemeenskap is. Elke burger van die staat moet bewus wees van sy reg op inligting. Die inligtingsinstansie moet meewerk om 'n gees van openheid ten opsigte van die verkryging van inligting te bewerk (Bowden, 1995:5).

Biblioteke in Suid-Afrika mag moontlik 'n belangrike rol speel - nie alleen om die prosedurele voorskrifte van die wetgewing toe te pas of inligting daaroor te verskaf nie - maar ook om aktief as inligtingsaanvraer op te tree of selfs as depot van staatsinligting te dien.

## 1.2 SENTRALE VRAAGSTELLING

Die sentrale probleem behels dat die nuwe grondwetlike bedeling 'n klimaat van deursigtigheid en toeganklikheid met betrekking tot inligting daarstel omdat artikel 32 van die 1996-Grondwet meebring dat 'n reg op toegang tot inligting geskep word wat in sterk teenstelling staan met die kultuur van geheimhouding voor 1993 (vergelyk Du Plessis, 1986:5). Die rol van biblioteke is onder meer inligtingverskaffing. Artikel 32, gelees met die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie*, die *Wet op Pliglewering* en die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika*, verbreed moontlik die rol van biblioteke hoewel dit tans nog onseker is wat hierdie rol sal behels. Van die moontlikhede in dié verband sou nie alleen wees dat inligting oor die werking

en die prosedures van die toekomstige *Wet op Oop Demokrasie* aan die publiek beskikbaar gestel kan word nie, maar dat biblioteke ook as depots vir inligting kan dien. Na aanleiding van bogenoemde sou byvoorbeeld ook verwag kon word dat die opleiding van bibliotekarisse aangepas sal moet word om enersyds werknemers vir die staat op te lei en andersyds die biblioteekstudent te bemagtig om die betrokke wetgewing na behore te interpreteer en deur te gee of toe te pas.

Artikel 32 van die 1996-Grondwet, gelees met die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* bring bepaalde navorsingsvrae na vore:

1. Wat behels die bepalings en die moontlike regsimplikasies van artikel 32 van die Grondwet gelees met die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie,* vir die biblioteek en bibliotekaris?
2. Wat is die rol wat die biblioteek as instelling tans vervul ten opsigte van die verskaffing van inligting en meer spesifiek staatsinligting?
3. Wat kan biblioteke doen in hulle nuwe rol om:
   3.1 'n kultuur van openheid en toeganklikheid ten aansien van die verskaffing en die vrye vloei van inligting te bewerkstellig, en
   3.2 om die toeganklikheid tot staatsinligting vir gebruikers te bewerkstellig?

Die hoofdoel van die studie is om vas te stel watter moontlike implikasies artikel 32 van die 1996-Grondwet vir die bibliotekaris en biblioteke kan meebring.

Die volgende subdoelstellings word gestel ten einde die hoofdoel te bereik:

1. 'n Ontleding en evaluering van die regsimplikasies van artikel 32 gelees met die genoemde wetsontwerp.
2. 'n Analise van die huidige rol van die biblioteek ten opsigte van inligtingverskaffing.
3. Die sintetisering van die implikasies vir biblioteke en bibliotekarisse na aanleiding van die bepalings van artikel 32 van die 1996-Grondwet en die formulering van 'n nuwe rol vir biblioteke in bogenoemde verband.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die leidende teoretiese argument behels dat die nuwe grondwetlike bedeling omvattende en ingrypende implikasies vir die bibliotekaris en biblioteke meegebring het wat veranderings en aanpassings op 'n wye front sal vereis.

## 1.4 METODOLOGIE

Hierdie studie is uitsluitlik 'n literatuurstudie. Vir die doeleindes van die studie is daar hoofsaaklik van vergelykende materiaal en vergelykende metodes ten opsigte van teoretiese aspekte gebruik gemaak. Die metodes van ontleding, vergelyking, evaluering en sintetisering is gebruik. Die navorsing sluit die vernaamste literatuur en wetgewing tot Augustus 1998 in.

In hoofstuk twee word aandag gegee aan die opheldering en verduideliking van konsepte wat betrekking het op toegang tot inligting. In hoofstuk drie word 'n ontleding gegee van die bestaande statutêre bepalings en beplande wetgewing met betrekking tot 'n reg op toegang tot inligting. Die normatiewe vereistes waaraan biblioteke waarskynlik sal moet voldoen met die oog op inligtingverskaffing in die lig van nuwe wetgewing, word in hoofstuk vier uiteengesit. In hoofstuk vyf is 'n ontleding gemaak van die praktiese vereistes waaraan biblioteke sal moet voldoen om uitvoering te gee aan die implementering van praktiese maatreëls soos die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997. Die bevindings en enkele aanbevelings word in hoofstuk ses uiteengesit.

# HOOFSTUK 2

# BEGRIPSVERKLARING EN KONSEPTUALISERING

## 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om enkele sentrale begrippe en konsepte wat vir die studie van belang is, nader te omskryf en te verduidelik. Hiermee word veral gepoog om groter duidelikheid te verkry in verband met begrippe en konsepte wat betrekking het op toegang tot inligting, soos in artikel 32 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 vervat.

Soos dit veelal die geval is met begrippe en konsepte in die geesteswetenskappe, bestaan daar ten opsigte van al die begrippe wat bespreek word, 'n veelheid betekenisse en interpretasies omdat skrywers vanuit verskillende standpunte en agtergronde na konsepte kyk - sommige vanuit 'n intellektuele, ander vanuit 'n filosofiese of uit 'n metodologiese oogpunt (Lundu, 1995:42). Du Plessis (1986:13) onderstreep dié verskynsel en stel dat "... woorde se betekenis wissel na gelang van verskillende standpunte, ideologieë, tale, lewensbeskouings en begripstrukture". Die term inligting hou dikwels verband met begrippe soos propaganda, voorligting en manipulasie (Du Plessis, 1986:10). In laasgenoemde konteks is die gebruik van 'n verbandhoudende begrip soos disinformasie baie bekend. Uit die ontledings wat volg, sal enersyds blyk dat die konsep disinformasie nie wesenlik van die definisies van informasie verskil nie - dit is eerder die doel en die konteks daarvan wat verskil. Andersyds is daar egter wel 'n verskil, naamlik dat inligting berus op die afleiding dat die "waarheid", die "ware toedrag van sake", die "korrekte interpretasie en oordrag van gegewens of feite" veronderstel word. Disinformasie het die teenoorgestelde van die "waarheidsaspek" ten doel. In dié verband is die siening van Lundu (1995:42) van meer as net verbygaande belang, naamlik dat daar 'n verband bestaan tussen kennis en inligting - en die twee konsepte word dikwels uitruilbaar gebruik. Kennis dra immers die veronderstelde betekenis van "betroubare kennis" of "waarheid".

Gevolglik is daar geen algemeen aanvaarde definisie of 'n standaardbetekenis en interpretasie van die begrippe ter sprake nie. Aangesien die parlement van die Republiek van Suid-Afrika nog nie die beoogde en vereiste wetgewing wat handel oor die reg op toegang tot inligting gepromulgeer het nie, is daar ook geen regsdefinisie waarop teruggeval kan word nie. Die 1996-Grondwet verstrek slegs enkele begripsmatige aanduidings wat tans van weinig hulp is. Daar kan egter vanuit 'n internasionaal vergelykende perspektief gepoog word om verdere duidelikheid oor hierdie begrippe te bekom, maar dit is nie te sê dat byvoorbeeld die Amerikaanse interpretasie daarvan eventueel in die Republiek van Suid-Afrika beslag sal kry nie.

## 2.2 BESPREKING VAN BEGRIPPE

Die begrippe en konsepte wat bespreek word, is: inligting, openbare inligting, staatsinligting, vryheid van inligting, 'n reg op inligting, en laastens demokrasie en inligting.

### 2.2.1 Inligting en informasie

Beide konsepte (inligting en informasie) word in Engels vertaal met "information" en in Latyn met "informatio" (Bosman *et al.*, 1982:312, 316). Harteveld *et al* (1992:116) en Aucamp (1962:49) stel inligting gelyk aan informasie. Geldenhuys (1993:20, 44) volg ook dié siening en stel dat die woorde inligting en informasie in die alledaagse omgangstaal as sinonieme van mekaar beskou word. HAT (1994:423, 433) gebruik die woorde inligting en informasie in dieselfde sinsverband, naamlik: "... inligting: (1) handeling van inlig (2) mededeling waardeur iemand op hoogte van sake gebring word" en informasie: (1) handeling van informeer, verstrekking van kennis; mededeling van feite; inligting. (2) meegedeelde kennis of feit, inligting". In dié studie sal die begrip inligting deurgaans gebruik word hoewel die begrip informasie as sinoniem daarvoor gesien sal word.

Daar bestaan verskeie taalkundige definisies vir die begrip inligting. In die WAT (1961,4:587) word inligting gedefinieer as "1 handeling van inlig, proses van mededelings maak ... 2. meervoud inligtinge of inligting. Mededelings waardeur iemand op hoogte van sake gebring word; opheldering; kennis; feite wat meegedeel word ...".

Die definisie van die *Shorter Oxford Dictionary* (1980,1:1070-1071) behels die volgende: "1. The action of informing, training, and instruction, communication of instructive knowledge. 2. The action of telling or fact of being told something. 3. That of which one is appraised or told, intelligence, news. 4. The action of informing with some active or essential quality, inspiration, animation".

Lundu (1995:43). verstrek 'n baie breë en meer omvattende definisie van inligting, naamlik: "Information will be taken to mean: data, signals, facts, views, opinions, ideas, events, news, etc. of significance, able to influence man's actions, behaviour and decisions as he goes about interacting with others in a given environment". Lundu (1995:43) vereis egter dat inligting oor bepaalde "moontlikhede" moet beskik alvorens dit as inligting geag kan word, naamlik: dit moet aangeneem of vatbaar wees vir eienaarskap, dit moet geberg, vrygestel en deur een of ander kommunikasiekanaal oorgedra kan word. Die waarde of relevansie van inligting word bepaal deur die ontvanger wat dit vir persoonlike voordeel of tot voordeel van ander kan gebruik.

Geldenhuys (1993:59) se omskrywing van inligting sluit deels by Lundu aan in die sin dat hy, naas die vasstelling wat inligting is, verdere vereistes stel waaraan dit moet voldoen om as inligting te kan kwalifiseer. Vir hom is inligting enige voorstelling van feite betreffende enige onderwerp of voorwerp. So 'n voorstelling(s) moet onder meer oor die volgende eienskappe beskik: sintuiglike waarneembaarheid; onstoflike en afsonderlike bestaansmoontlikheid; die potensiaal om iemand op hoogte te stel; dit moet oor die potensiaal beskik om 'n onbepaalde aantal kere gedupliseer te word, en in die geval van 'n geestesvoorstelling, moet dit (die geestesvoorstelling) nie van die persoon ontneem kan word nie.

Bostaande definisie sentreer wesenlik rondom die waardegelaaide en normatiewe konsep "beïnvloeding" van gedrag en nie bloot die oordrag van inligting nie.

Uit bostaande definisies en omskrywings van inligting, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word, naamlik:

1. Die leksikale uiteensettings van die begrip inligting kom (uiteraard) nie veel verder as 'n algemene beskrywing en verstrekking van sinonieme en bepaalde werkwoordelike betekenisse en moontlikhede nie. In bostaande sin verwys inligting hoofsaaklik na toeligting, opheldering, verklaring, inlig en op die hoogte bring.
2. Die gesigs- en uitgangspunte, waardes, motiewe, agtergronde (kultureel en andersins) en bepaalde kontekste of verwysingsareas waarin skrywers hulle bevind, beïnvloed die (wetenskaplike) interpretasies (wat verder strek as blote leksikale uiteensettings) van inligting.
3. Naas bykans "neutrale" verduidelikings van die konsep inligting, is dit uit ander wetenskaplike ontledings en interpretasies van die konsep duidelik dat bepaalde vereistes neergelê word waaraan inligting moet voldoen om in wetenskaplike sin as inligting beskou te word. Trouens, die vereistes bevat 'n normatiewe element of elemente - soos ook die positiewe en negatiewe gebruik van inligting. Dus: inligting bevat ook bepaalde werkwoordelike funksie-vereistes.
4. Inligting verwys na stoflike, waarneembare en nie-stoflike objekte.
5. Inligting is 'n menslike produk waaroor daar onvervreembare eienaarskap bestaan en dit (inligting) het 'n bepaalde of meerdere bestemmingsfunksies - hetsy bloot informerend, hetsy om te informeer sodat gedrag kan verander.
6. Inligting het te make met 'n voorwerp of onderwerp: dit kan nie op niks betrekking hê nie.
7. Inligting het 'n medium nodig waardeur dit vrygestel kan word.

### 2.2.2 Inligting van openbare belang of openbare inligting

Uit die bespreking wat volg asook uit die uiteensetting van staatsinligting, sal dit duidelik word dat die konsepte "openbare belang" en "openbare inligting" slegs vir analitiese doeleindes onderskei kan word. Gevolglik sal 'n mate van oorvleueling in die bespreking van die twee begrippe voorkom.

Artikel 32(1)(a) van die 1996-Grondwet het betrekking op inligting van openbare belang of dan inligting wat deur die openbare sektor gegenereer en/of bewaar word. Hierdie studie fokus op hierdie faset van inligting.

Die algemeenheid van die begrip openbaar word deur HAT (1994:759) soos volg uiteengesit: "... vir iedereen bestem, toeganklik, publiek ... 2. algemeen ...".

Daar is in Afrikaans en Engels 'n aantal verbandhoudende begrippe wat verwarring (werklik of oënskynlik) kan meebring, byvoorbeeld: publieke inligting, openbare inligting, staatsinligting, regeringsinligting, publieke sektor, en openbare sektor. Voortaan word enersyds publieke inligting en openbare inligting, en andersyds publieke sektor en openbare sektor as sinonieme gebruik.

"Staatsinligting" en "regeringsinligting" kom dikwels verwarrend voor en word ook verwarrend gebruik. As uitgangspunt word 'n kerndefinisie van die staat gebruik om helderheid te probeer bekom. Die hedendaagse nasionale staat bestaan uit 'n afgebakende territorium met 'n bevolking (mense) waaroor 'n bepaalde regering die regeerfunksie verrig en die soewereiniteit van gesag of by die parlement (dus: die publiek) of by 'n grondwet (soos deur die publiek gesanksioneer) lê (Rodee *et al.*, 1967:29-39). Dus: "staat" verwys na die hele entiteit (met insluiting van die regering as instelling en as "bemanning" (laasgenoemde verander natuurlik van persone met verloop van tyd) en die regering volvoer wesenlik 'n funksie binne die konteks van die staat ten behoewe van die staat. Geen regering kan onder normale omstandighede hom distansieer van die staat waaroor dit moet regeer nie. (Sesessie en die

skepping van nuwe state en bannelingregerings word nie hier verreken nie). Gevolglik is daar 'n baie nou assosiasie tussen staat en regering (Strong, 1963:4-6; Roskin *et al.*, 1991:36). 'n Regering wat slegs ter wille van die regering as sodanig wil regeer, verkrag die beginsel van demokratiese publieke regering binne staatsverband (Strong, 1963:5; Rodee *et al.*, 1967:48; Roskin *et al.*, 1991:62-79). Onder normale en ideale omstandighede is alle regeringsinligting sinoniem met staatsinligting. Wanneer bepaalde inligting egter ontspruit uit en ten behoewe van 'n bepaalde regerende party (byvoorbeeld partykoukusse en verbandhoudende inligting), is nie alle sodanige inligting noodwendig staats- of regeringsinligting nie - tensy dit direk of indirek verband hou met die publieke regeerfunksie. Hier raak die grens tussen staatsinligting en enger partypolitieke inligting baie vaag.

By die bespreking van die begrippe en konsepte van "inligting wat van openbare belang" is en "openbare inligting", kan enersyds 'n enger en andersyds 'n wyer interpretasie en benadering gevolg word. Die genoemde begrippe as sodanig strek baie verder as die enger en meer direkte publieke regeerfunksie. As sodanig kan bogenoemde verwys na sake wat publiek (algemeen bekend) gemaak word, soos in koerante en ander media oor byvoorbeeld sportgebeure, popkonserte, motorongelukke, sekere sosiale aangeleenthede en dies meer. Dit het weinig indien enige direkte en onmiddellike verband met die publieke regeerfunksie. Binne die konteks van 'n enger interpretasie kan geargumenteer word dat slegs inligting wat te make het met die direkte regeerfunksie en wat inderdaad deur die regering ter tafel geneem word, as openbare inligting (in die sin van regeringsinligting) beskou word.

Binne die raamwerk van die politieke dinamika en die stelselteorie, word 'n breër perspektief gehandhaaf ten opsigte van samelewing-owerheid-beleid-samelewing (Roskin *et al.*, 1991:22). Volgens dié teorie ontstaan vraagstukke in samelewings onder andere as gevolg van reaksies op regeringsbeleid. Regeringsbeleid en die toepassing daarvan word as uitsette beskryf. (Daar kan ook reaksies op samelewingsaangeleenthede ontstaan wat nie die direkte gevolg van regeringsbeleid is nie.) Hoewel normaalweg geredeneer word dat

publieke (openbare) inligting in die enger sin gebruik word, word aanvaar dat dit geensins geïsoleerd gesien kan word van die uitsetaktiwiteite van die owerheid nie. Sodra enige beleidstoepassing of beleidsafkondiging positiewe of negatiewe reaksie (of beide) ontlok, word dit as van "politieke" (dus: regerings-) belang gesien. Aktiwiteite wat op een of ander wyse direk of indirek die regeerfunksie raak, kan as openbare inligting beskou word.

Daar word van die vertrekpunt uitgegaan dat die algemene uitdrukking "inligting van openbare belang" of blote "openbare inligting" baie wyd kan strek en nie noodwendig gelykstaande is aan openbare inligting in die enger sin van die publieke regeerfunksie nie. Andersyds word aanvaar dat sodanige inligting bes moontlik op een of ander stadium van meer direkte belang vir die publieke regeerfunksie sal word of sal wees. Hierbenewens is juis 'n algemeen ingeligte publiek (oor verskeie sake wat buite die enger kring van die publieke regeerfunksie lê) hoogs noodsaaklik.

Vervolgens is groter duidelikheid nodig oor die konteks waarin openbare of publieke inligting gebruik word - en veral die begrip publiek.

Die kern waarom dit draai, is enersyds die verpligting van die verkose owerheid (in die geval van 'n demokrasie) om aan die publiek (kiesers en burgers) verantwoordelik te wees en verslag te doen omdat hulle deur die publiek verkies is. Andersyds, maar in aansluiting by bostaande, gaan dit om die beskerming van die regte van die burgery ten aansien van die owerheid. Dus: die publiek is binne die filosofie en die praktyk van die demokrasie die belangrikste komponent aangesien dit regeerders daarstel om in die belang van die algemene (publieke) welsyn te regeer. Die publiek moet ook toesien dat die owerheid sy gesag binne die grense wat deur die reg (wetgewing) neergelê word, uitoefen. Vir die publiek waaroor regeer word, is dit van kardinale belang om toegang tot amptelike (regerings-) inligting te hê om hierdie kontrolefunksie te kan verrig. Publieke inligting is ook noodsaaklik vir die optimale funksionering van 'n demokratiese stelsel aangesien dit berus op die veronderstelling van die "ingeligte" publiek wat "rasionele keuses" moet en kan of minstens behoort te kan maak.

Die *Concise Oxford Dictionary of Current English* (1990:966) definieer "public sector" soos volg: "... that part of an economy, industry, etcetera that is controlled by the state". Die woord "publiek" word deur Bosman *et al.* (1982:1559) soos volg gedefinieer: "a. openbaar, publiek, algemeen, staats-; lands-; volks-; ...".

Die konsep publieke sektor word meestal bloot gebruik om te verwys na die (publieke) regeringsektor of staatsektor in samehang met die staatsdiens. In die sin verwys dit dus na die uitvoerende gesag van die owerheid. In beginsel moet uiteraard die wetgewende en regsprekende funksies ook hierby ingesluit word. Die geldende beginsel is dat die owerheid regverdig in algemene publieke belang moet regeer en daaroor verantwoording moet doen. Die "publiekheid" van regeringsoptredes en -inligting is essensieel, aangesien die demokrasie juis ontstaan het om geslotenheid, eksklusiwiteit, eensydigheid, onbillikheid, wanadministrasie en wanbesteding van publieke fondse deur konings en regeerders om te swaai na publieke verantwoordelikheid en publieke verteenwoordiging.

Openbare inligting word deur Du Plessis (1986:33) gesien as alle feite (uitgesluit persoonlike feite) wat deur die staat versamel word. Alhoewel die inligting nie noodwendig op die individu betrekking het nie, sal dit hom in staat stel om staatsoptredes te beoordeel (1986:33). Vir Du Plessis is openbare inligting blykbaar gelykstaande aan staatsinligting.

Van Graan (1984:6) se definisie van openbare inligting is soos volg: "Openbare inligting is inligting oor enige aspek van die bedrywighede van die openbare sektor." Hy ken ook die volgende kenmerke toe aan inligting met betrekking tot die openbare sektor (Van Graan, 1984:3-5):

- Inligting van die openbare sektor moet gesien word as 'n hulpbron.
- Hoe moeiliker die inligting bekombaar is, hoe waardevoller word dit as hulpbron.

- Weerhouding van inligting oor openbare aangeleenthede kan net sulke nadelige gevolge vir 'n land hê as die weerhouding van fisiese hulpbronne.
- Daar is nie 'n onfeilbare metode om werklike inligting van vals inligting te onderskei nie.
- Die waarde van openbare inligting word bepaal deur die voordele wat die ontvanger daarvan kan verwag.

In Swede waar inwoners sedert 1766 'n reg op staatsinligting het, word openbare inligting gebou op die konsep “publieke dokumente”. 'n Dokument is 'n publieke dokument indien dit gevind word in die kantoor van ‘n publieke owerheid, dit in sy finale vorm van verwerking of afhandeling is, en indien dit handel oor 'n onderwerp wat verband hou met die owerhede se omvang van werksaamhede (Petren, 1987:38-39). Hierdie siening van Petren versterk die idee dat openbare inligting gelykstaande aan staatsinligting is.

Du Plessis (1986:13) onderskei twee basiese inligtingsterreine. Hierdie twee terreine word bepaal deur die aard van die feite wat ter sprake is, naamlik of dit oor persoonlike aangeleenthede of aangeleenthede wat openbaar van aard is, handel. Haar definisie van openbare inligting is soos volg: "... feite wat deur die openbare sektore beheer en verskaf word en wat die individu (of privaatinstansie) in staat stel om voldoende feite aangaande staatsoptredes te bekom sodat 'n positiewe of negatiewe oordeel gevel kan word ongeag of die feite hom in sy persoonlike hoedanigheid of regstreeks in sy hoedanigheid as inwoner raak” (1986:16).

Uit bostaande bespreking kan tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

1. “Openbare inligting” as sodanig kan 'n breër konsep as “staatsinligting” wees aangesien dit benewens inligting oor die enger en breër publieke regeerfunksie en regeerinstansies, kan verwys na inligting wat betrekking het op parastatale instellings soos Telkom, Eskom, Transnet. Hierdie kategorie inligting kan op 'n gegewe tydstip relatief ver verwyder van die enger en breë publieke regeertaak lê. Inligting

oor parastatale instellings soos Telkom, Eskom en Transnet is van direkte publieke belang - al sou dit met die eerste oogopslag nie so voorkom nie. Dié tipe instellings is eerstens aan die regering gekoppel, tweedens word belastinggeld daarvoor aangewend en derdens is dit bedoel om juis 'n publieke funksie in naam van die staat en ten behoewe van die publiek te verrig. (Die moderne staat het al hoe meer sosiale dienste begin bestuur met die gevolg dat regerings al dieper by die alledaagse samelewingsorde betrokke geraak het.) Vierdens neem genoemde instansies besluite wat miljoene mense (burgers) se lewens raak.

2. In alle gevalle sluit openbare inligting nie staatsinligting uit nie.

Vir die doeleindes van dié studie sal van die breër interpretasie van openbare inligting gebruik gemaak word met die verdere uitgangspunt dat die sentrale beginsel berus op verantwoordelike, deursigtige en regverdige regering van die publiek aan wie die regering verantwoording verskuldig is. Openbare inligting en staatsinligting sal in hierdie studie as sinonieme gebruik word.

### 2.2.3 Staatsinligting en staatspublikasies

In die voorafgaande bespreking is reeds enkele gedagtes gestel oor staatsinligting. Vervolgens word meer aandag gegee aan verskillende soorte staatspublikasies en verbandhoudende aspekte.

Behrens (1994:229) sien staatspublikasies as: "... an information source which is issued at public expense, either by a governmental body or by a contractee (for example a commercial publisher) on the instructions of a governmental body". Van As (1995:31) definieer die begrip staatspublikasies soos volg: "Any publication which originates in the South African government, whether national, provincial or local, or in institutions established in terms of legislation such as marketing and research boards, is regarded as government publications."

Volgens Cillié (1995:6) reflekteer staatspublikasies die aktiwiteite van die regering, die ekonomie van die land, die ondernemings, beleid en navorsing wat deur die regering onderneem word.

Staatspublikasies is van groot waarde aangesien dit inligting verskaf oor bykans enige onderwerp. Daarby is staatspublikasies relatief goedkoop en is resente inligting by die staat beskikbaar (Lor, 1995b:3).

Staatspublikasies dek die volgende areas: wetgewende en parlementêre publikasies; staatsondersoeke en verslaggewing; statistiek; wetenskaplike publikasies rakende navorsing en dokumentasie; publikasies in verband met opvoeding, opleiding, welsyn, ontwikkeling en rehabilitasie; publikasies vir publisiteit, werwing en algemene inligting (Sievers, 1975:80-81).

Die mees gebruikte staatspublikasies is provinsiale koerante en staatskoerante, Hansards, wette en regulasies. Ander publikasies wat dikwels gebruik word, is onder andere witskrifte, konsepwetgewing en staatstenderbulletins (Van As, 1995:33). Die Suid-Afrikaanse Hofverslae (wat gereeld gebruik word), is egter nie streng gesproke staatspublikasies nie aangesien dit deur 'n privaatmaatskappy uitgegee word. Hierdie verslae is gebaseer op die oorkondes van die sake wat in die howe verhoor en vir 'n sekere tyd bewaar word en toeganklik vir die algemene publiek is.

Nie al hierdie inligting, veral provinsiale en plaaslike owerheidsinligting, is algemeen toeganklik vir die publiek nie.

Die grootste gebruikers van staatspublikasies, volgens 'n opname deur die Staatsbiblioteek, is regeringsdepartemente; die regsprofessie; die besigheidsektor; navorsers en studente en ander gebruikers wat meestal individue met regsprobleme is (Cillié, 1995:7).

Die volgende kort gevolgtrekkings kan uit die voorgaande gemaak word:

1. Uit die definisies en omskrywings is dit duidelik dat staatspublikasies

nie net deur die Staatsdrukker nie, maar ook in opdrag van die regering deur gekontrakteerde privaatmaatskappye uitgegee en gedruk word.

2. Staatspublikasies het betrekking op alle vlakke van regering en ten aansien van alle instellings wat deur wetgewing ingestel is om een of ander funksie vir die regering in belang van die publiek uit te oefen. Oor die algemeen bevat staatspublikasies inligting oor aktiwiteite van die regering, die ekonomie, ondernemings, beleid en navorsingswerk gedoen deur die regering vir beleidsdoeleindes. Hierdie publikasies het betrekking op bykans alle samelewingsfasette. Die inligting wat hierin vervat is, is nie slegs van groot nut nie, maar ook oor die algemeen van groot belang vir die publiek en die regering.

3. Dit is duidelik dat staatspublikasies baie wyer gebruik word as net vir die interne verspreiding van inligting deur staatsinstansies self.

### 2.2.4 Vryheid van inligting

Die "vryheid van inligting" of die "vrye vloei van inligting" is konsepte wat dikwels gebruik word wanneer demokrasie en inligting ter sprake is. Daarom is dit nodig om dit kortliks te omskrywe. Skrywers verskil ten opsigte van die fasette wat onder vryheid van inligting tuisgebring moet word. Die meeste beskou dit as 'n veelsinnige en uiteenlopende begrip (Turfan, 1995:xiii). Riley en Relyea (1983:1) verskraal die begrip volgens die Amerikaanse uitdrukking van "freedom of information" tot "toegang tot staatsinligting" alhoewel hy ook toegee dat dit 'n omvattende term is wat vir verskillende mense verskillende betekenisse het.

Vryheid van inligting word meestal gesien as 'n omvattende term wat meer presies verwys na "vryheid van uitdrukking" en "toegang tot inligting". Turfan (1995:xiii-xiv) is van mening dat vrye toegang tot informasie deursigtigheid, die reg om te weet en die beskerming van inligting insluit. Vryheid van uitdrukking omvat volgens hom sensuur en sluit ook die regulering van die pers en die reg om te publiseer in.

Riley en Relyea (1983:1) gee toe dat die konsep vryheid van inligting vir sekere mense, veral die media, beide die reg om inligting te publiseer en die reg op 'n vrye vloei van inligting - sonder beperkings deur die regering - insluit. Die belangrike vir Riley en Relyea, of dit nou gaan om die vrye vloei van inligting of toegang tot inligting, is dat daar wetgewing moet bestaan wat dié reg waarborg (1983:1).

Die konsep vryheid van inligting beklemtoon, volgens Banjo (1994:135), die belangrikheid van vrye en onbeperkte toegang tot inligting vir alle inwoners in 'n demokratiese bestel. Hierdie ideaal word beliggaam in artikel xix van die *Universele Deklarasie van Menseregte* wat die volgende bepaal: "Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers." (Hamalengwa *et al.*, 1988:165.)

Die volgende konklusies kan uit bostaande gemaak word:

1. Konseptueel is die begrip vryheid van inligting vaag en veelsinnig en dit is duidelik dat verskeie betekenisse daaraan geheg word.
2. Vryheid van inligting word onder andere geïnterpreteer as vrye toegang tot inligting en as vryheid tot/van uitdrukking. In beide gevalle word dit (veral in die demokrasie en spesifiek in die mediawêreld) gekoppel aan die universele reg daarop en die gepaardgaande wetgewing wat dit waarborg.
3. Uit voorgaande blyk dat die konsep vryheid van inligting 'n breë en omvattende begrip kan wees wat die vryheid van spraak, uitdrukking en toegang tot inligting insluit. In alle gevalle sluit dit egter die toegang tot staatsinligting in.

### 2.2.5 Reg op inligting

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse staatsbedeling berus op die oppergesag

van die 1996-Grondwet (artikel 2) wat op sy beurt 'n stel grondwetlik gewaarborgde fundamentele regte bevat. Artikel 39 van die 1996-Grondwet bepaal onder andere dat 'n hof, tribunaal of forum by die uitleg van die Handves van Regte die volkereg in ag moet neem. Gevolglik is die Suid-Afrikaanse staatsbedeling direk gekoppel aan minstens die internasionale teoretiese beginsels en normatiewe vereistes van die demokrasie en fundamentele regte. Dit raak dus ook die bespreking van die reg op toegang tot inligting.

Du Plessis (1994:308) se algemene definisie van 'n reg op inligting (soos die konsep toe gebruik is), is soos volg: "... die aanspraak van 'n regsubjek op (1) die openbaarmaking van openbare inligting en (2) die beskerming van persoonlike inligting aangaande hom- of haarself waarvolgens hy/sy enersyds die inligting kan bekom en andersyds van derdes of/en van die staat kan vorder om sy of haar aanspraak op openbare inligting te duld en daaraan te voldoen, tensy die inbreukmaking ter beskerming van ander belange is."

Die meeste Suid-Afrikaanse skrywers stem saam dat toegang tot inligting as 'n reg geïdentifiseer kan word (Van Wyk, 1995:12; Du Plessis, 1994:307; Van Graan, 1984:193). Sodanige reg is in artikel 32 van die 1996 Grondwet opgeneem en lui soos volg:

> (1) Elkeen het die reg op toegang tot
>
> (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en
>
> (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.
>
> (2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

'n Reg op toegang tot inligting word deur die gewone burger gesien as sy reg om inligting te verkry, te publiseer en die vrye vloei van inligting te bewerkstellig sonder inmenging deur die staat (Johannessen *et al.*, 1995:46). Dit sluit in dié opsig nou aan by die menseregtekultuur wat volgens die Grondwet in Suid-Afrika gevestig moet word (Johannessen *et al.*,1995:46).

Dit spreek vanself dat alle inligting nie openbaar gemaak kan word nie. Trouens, die 1996-Grondwet self maak in artikel 36 (vergelyk 1.1) voorsiening vir die beperking van al die fundamentele regte. Artikel 32 van die 1996-Grondwet bevat self 'n inherente beperking: artikel 32(1)(b) bepaal dat elkeen die reg op toegang tot inligting het wat deur 'n ander persoon gehou word **en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word** (eie beklemtoning). Artikel 32(1)(a) bepaal dat elkeen die reg op toegang tot inligting het wat deur die staat gehou word. Artikel 32(1)(a) bevat dus geen soortgelyke inherente beperking nie.

Die reg op inligting geld dus nie absoluut nie, maar word ter beskerming van ander belange ingeperk. Artikel 32(2) bepaal dat nasionale wetgewing uitgevaardig moet word om uitvoering aan dié reg te verleen en dit mag (kan) voorsiening maak vir redelike maatreëls ter verligting van die administratiewe en finansiële las wat op die staat rus. Hierdie bepaling beteken dat die nasionale regering nie alleen die administratiewe en finansiële las vir die uitvoering van die reg op toegang tot inligting sal kan dra nie en dat bykomende hulp benodig sal word. Gevolglik kan probleme ten opsigte van die uitvoerbaarheid van die reg op toegang tot inligting moontlike beperkings plaas op die reg op toegang tot inligting.

Een van die gronde waarvolgens die beskikbaarstelling van inligting beperk kan word, is die openbare belang. Dit is egter nie maklik bepaalbaar wat in die openbare belang is nie (en nog minder is dit maklik deur die publiek kontroleerbaar) maar die volgende belange kan wel onder meer beskerming geniet (vergelyk ook artikels 28-44 van die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98)):

- Internasionale betrekkinge
- Regstoepassing
- Privaatheidsbeskerming
- Beskerming van kommersiële inligting

- Die Republiek se verdedigingsaangeleenthede en sekuriteit
- Rekords wat vertroulik verskaf is.

Hierdie beperkings moet steeds strook met die voorskrifte wat in artikel 36 vervat is.

Marsh (1987:6) stem saam dat staatsinligting nie op alle stadiums vir die publiek beskikbaar sal wees nie. Redes vir die nie-openbaarmaking van inligting lê of in die soort inligting of die omstandighede waarbinne inligting verkry is. Johannessen *et al.* (1995:56) sou wou sien dat inligting wat nie openbaar gemaak mag word nie, eerder op grond van die aard van die inligting as op grond van die oorsprong of die soort inligting uitgesluit behoort te word. Dit sou byvoorbeeld inhou dat nie alle inligting wat handel oor staatsveiligheid van openbaarmaking uitgesluit word nie.

'n Reg op toegang tot inligting sluit inligting in wat deur die staat gegenereer en of geberg word, maar dit kan ook inligting insluit wat ander instansies of persone oor 'n betrokke saak of persoon het (artikel 32(1)).

Uit bogenoemde uiteensetting kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Die hedendaagse Suid-Afrikaanse staatsbedeling is gebaseer op die aanvaarding van grondwetlik gewaarborgde fundamentele regte - ingeslote die reg op toegang tot inligting.
2. Die reg op toegang tot inligting is inderdaad 'n fundamentele reg – dit is as sodanig in die Handves van Regte (hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet) opgeneem. In 'n breër sin hou hierdie reg op toegang tot inligting verband met die pilare van die demokrasie soos onder meer die vrye vloei van inligting, die reg op meningsuiting en die reg op kritiek op owerheidsoptredes.
3. 'n Reg op staatsinligting is nie onbeperkte reg nie aangesien dit deur artikel 36 van die 1996-Grondwet beperk kan word.

4. Indien die reg op inligting begrens word, sal die begrensing daarvan duidelik bewoord moet word sodat inligting nie op grond van vae omskrywings van belange soos staatsveiligheid, nasionale sekuriteit, bepaalde besigheidstransaksies waarby die staat betrokke is, of ander sodanige belange, geweier word nie. Enige beperking op die reg op toegang tot inligting sal, soos reeds hierbo gestel, aan die bepaling van artikel 36 getoets moet word.

### 2.2.6 Demokrasie en inligting

In die politieke wetenskappe is daar waarskynlik geen konsep wat meer (en uiteenlopender) betekenisse verkry het as die konsep demokrasie nie (Roskin *et al.*, 1991:63). So het byvoorbeeld Mobutu Seseseko sy land as demokraties beskou, Kabila het Zaïre onlangs herdoop tot die Demokratiese Republiek van die Kongo, die regering van Sjina noem die staat die Volksrepubliek van Sjina en Suid-Afrika se vorige bewind het, ten spyte van die feit dat ongeveer 80% van die bevolking nie kon stem nie, hom daarop beroem dat die regering demokraties is.

Die konsep demokrasie is afgelei van die Griekse woorde *demos*, wat mense beteken, en *kratos* wat regeer beteken (Fox & Meyer, 1995:35). Demokrasie beteken, volgens Shils (1968:51), die "... regime of civilian rule through representative institutions and public liberties". Fox en Meyer (1995:35) definieer demokrasie soos volg: "... democracy is a system of government in which ultimate political power rests with the public at large". As gevolg van die kompleksiteit van die moderne samelewing word besluitneming nie direk deur die publiek geneem nie, maar deur verteenwoordigers van die publiek (Fox & Meyer, 1995:35). Volgens Louw (1987:97) berus demokrasie op die balans tussen vryheid en gelykheid. Dit word verkry deur die nouste moontlike korrelasie tussen owerheid en onderdaan. Volgens Shils (1968:52-60) hang die balans wat demokrasie kan laat slaag of misluk van die volgende voorwaardes af:

- die stabiliteit en die effektiwiteit van die regerende elite;
- die praktyk en aanvaarding van die opposisie-stelsel;
- 'n voldoende en bekwame staatsdiens;
- toelating en beoefening van die publiek se opinies en kritiek - veral die media, akademici en ander;
- 'n burgerlike orde waar sekere gemeenskaplike waardes algemeen moet geld.

Demokrasie vereis politieke deelname deur burgers van die land. Aangesien alle burgers nie direk aktief aan die landsregering kan deelneem nie, is die vrystelling en bekombaarheid van staatsinligting dié wyse waarop burgers bemagtig word om kontrole oor die regering te hê en inspraak in besluitneming te bekom (Du Plessis, 1986:96). Matthews (1978:67) bevestig dit met die stelling dat demokrasie alleenlik moontlik is indien die samelewing (burgery) ingelig is. Hy argumenteer verder dat strukturele ongelykhede (soos byvoorbeeld rykdom teenoor armoede, diskriminasie - op watter vlak ookal) onder andere lei tot ongelykheid ten opsigte van die verkryging en bekombaarheid van inligting (Matthews, 1978:189).

Op 'n UNESCO-interregeringskonferensie wat oor nasionale dokumentasie gehandel het, is die volgende gestel: "Information is an essential part of a nation's resources and access to it is one of the basic human rights." (Bowden, 1995:5.)

Ten opsigte van die belangrikheid van staatsinligting maak Allan (1990:43) die volgende stellings: eerstens is alle staatsinligting en dokumente van belang, tweedens dra landsburgers op een of ander wyse by tot die koste met betrekking tot staatsinligting en derdens is die regering in 'n demokratiese bestel verantwoordbaar vir sy dade aan die samelewing.

In die lig van voorgaande volg dit dat die regering 'n plig het om staatsinligting wyd aan alle landsburgers beskikbaar te stel.

Die nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika wat in 1994 begin is met die aanvaarding van die tussentydse *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 het 'n klimaat van deursigtigheid en toeganklikheid teweeggebring (Van Wyk, 1995:1). Dit staan in sterk kontras met die ou bedeling waar die parlement die soewereine gesag gehad het. In die woorde van Rabie en Loubser (1984:44) is die "... wetgewer verhef tot die oppergesag in Suid-Afrika". Die wetgewer kon dus fundamentele regte inperk of vasstel en was aan geen juridiese beheer onderworpe nie (1984:44). So was daar voor die 1993-Grondwet geen algemene reg op inligting nie. Trouens, daar was 'n verskeidenheid wetgewing wat die vrye vloei van inligting beperk het. Van die wette is onder andere die *Wet op Beveiliging van Inligting* 84 van 1982; die *Wet op Binnelandse Veiligheid* 74 van 1982; die *Verdedigingswet* 44 van 1957; die *Wet op Openbare Veiligheid* 3 van 1953; die *Polisiewet* 7 van 1953 en die *Wet op Publikasies* 42 van 1974. (Vergelyk Du Plessis, 1986:282-375; Mathews, 1978:144-155.) Aangesien heelwat van die wetgewende maatreëls wat die reg op toegang tot inligting beperk het, vaag omskryf was, het dit gelei tot uiteenlopende vertolkings en toepassings van dié wette. Daarteenoor is die huidige 1996-Grondwet (kragtens artikel 2) die hoogste gesag en verleen dit aan elke burger 'n grondwetlik gewaarborgde en juridies afdwingbare reg op toegang tot inligting (artikel 32).

Die groot probleem met vryheid van inligting in Suid-Afrika was en is die afwesigheid van 'n kultuur van openheid en deursigtigheid. "Secrecy was endemic not only within the apartheid system, but also, inevitably among those who opposed it." (Merrit, 1995:156.) Volgens Merrit (1995:155) is die kwessie rondom vryheid van inligting veral om twee redes belangrik: Eerstens om die verlede te verstaan en tweedens om 'n toekoms te verseker. Hy stel dit dat indien daar nie 'n groot verbetering in die vlak van inligtingvoorsiening is nie, demokrasie en deelname aan demokrasie doodgebore is. Vryheid tot inligting is volgens Gumbi (Van Wyk, 1995:11) een van die hoekstene in die bou van 'n demokratiese gemeenskap aangesien dit onder andere mense bemagtig om deel te neem aan die demokrasie en sodoende die regering verantwoordbaar te maak.

Uit die voorgaande volg dit dat 'n demokratiese staatsbedeling onvervreembaar verbind is met die reg op toegang tot staatsinligting, die algemene vrye vloei en wisseling van inligting, en die skepping van 'n deelnemende burgerlike politieke kultuur en samelewing. 'n Wesenlike probleem, tans en vroeër in Suid-Afrika, was en is enersyds 'n afwesigheid van 'n kultuur van openheid met betrekking tot die beskikbaarstelling van staatsinligting deur die staat en andersyds die afwesigheid van 'n kultuur waarin burgers aandring op openbaarmaking van staatsinligting - of minstens uiters gefrustreerd geraak het met sodanige pogings omdat die demokratiese kultuur en middele ontbreek het om dit af te dwing. Staatsinligting as sodanig - maar ook ander meer algemene inligting - word beskou as deel van die nasionale bates van 'n staat. Staatsinligting waartoe mense geen toegang wil hê nie en dit nie wil gebruik nie - of selfs kan gebruik nie, is van min waarde. Die bate lê eerstens in die gebruik van sodanige inligting deur die burgery en in die gehalte van die inligting.

## 2.3 SLOT

Die doel van die hoofstuk was om sekere begrippe op te helder en te omskryf aangesien dit begrippe is wat ten grondslag van die studie lê. Indien die begrippe verstaan word, sal dit lei tot beter insig in die probleme, uitdagings en geleenthede wat artikel 32 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 vir die biblioteekwese inhou. Dit moet egter ook duidelik gestel word dat na ontledings van die begrippe gedoen is, daar nog vaagheid en veelvuldigheid van betekenis ten opsigte van 'n reg op toegang tot inligting, vryheid van inligting, staatsinligting en openbare inligting bestaan.

Na aanleiding van genoemde ontleding, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Inligting het te make met toeligting, opheldering, verklaring, inlig en op die hoogte bring.
2. Inligting word op verskeie maniere en deur verskeie instansies (met insluiting van individue) gekanaliseer.

3. Inligting is 'n hulpbron en daarby 'n nasionale bate. Alle mense is dus, met uitsondering van enkele beperkings, geregtig op inligting.
4. Staatsinligting en openbare inligting sluit mekaar in, hoewel openbare inligting ook inligting ten opsigte van sekere instansies van openbare belang insluit. Staatsinligting is van groot belang aangesien dit inligting oor bykans enige onderwerp insluit. Daar is egter op dié stadium probleme met die ontsluiting en beskikbaarstelling van die inligting.
5. Vryheid van inligting is 'n breë begrip wat sowel vryheid van uitdrukking as vryheid tot inligting insluit.
6. Die reg op toegang tot inligting is 'n fundamentele reg wat in die 1996-Grondwet vervat is. Dit omvat die publiek se reg op staatsinligting maar verwys ook na inligting wat deur instansies en individue gehou word.
7. Sonder inligting sal 'n demokrasie moeilik oorleef aangesien demokrasie 'n ingeligte samelewing veronderstel en vereis.

# HOOFSTUK 3

# ONTLEDING VAN STATUTÊRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT 'N REG OP TOEGANG TOT INLIGTING

Die doel van die hoofstuk is om die wetgewing wat 'n reg op toegang tot inligting daarstel, naamlik artikel 23 van die tussentydse *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 en artikel 32 van die finale *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 nader te ondersoek. Dié artikels moet egter ook in breër verband gesien word, aangesien dit vertolk en geïnterpreteer moet word teen die agtergrond en gees van die 1996-Grondwet en die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98). Gesien die belangrikheid van die Handves van Regte en die hele vraagstuk rondom die vryheid van inligting en die reg op inligting, vereis dit meer as 'n blote verwysing daarna. Gevolglik word die volgende fasette bespreek: die grondwetlike fundering van 'n staat en in besonder dié van die Republiek van Suid-Afrika; die Handves van Regte en in besonder die reg op inligting; artikel 23 van die 1993-Grondwet en artikel 32 van die 1996-Grondwet; die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie*, die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 en die *Wet op die Nasionale Argief* 43 van 1996.

Artikel 23 van die 1993-Grondwet geld steeds totdat die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* of soortgelyke wetgewing deur die nasionale vergadering aanvaar word (item 23(2)(a) bylae 6 van die 1996-Grondwet).

## 3.1 DIE GRONDWET VAN 'N STAAT

### 3.1.1 Inleiding

In 'n grondwet word die belangrikste regsreëls ten opsigte van die politieke stelsel van 'n land opgeneem. 'n Grondwet verleen gesag aan regeringsinstellings, omskryf en beperk dit en bepaal ook die verhouding

tussen die landsburger en die staat (Rautenbach & Malherbe, 1998:1). 'n Grondwet is die beliggaming van die regeringstrukture waaronder 'n bepaalde staatsgemeenskap bereid is om te funksioneer en as sodanig word dit ook die simbool en die draer van sekere waardes (Booysen & Van Wyk, 1984:26). Rautenbach en Malherbe (1998:1) is dit eens dat die grondwet uitdrukking gee aan die waardes wat in 'n samelewing geld.

### 3.1.2 Definisies van 'n grondwet

Roskin *et al.* (1991:46) definieer 'n grondwet soos volg: "A constitution is that set of rules and customs, either written or unwritten, legally established or extralegal by which a government conducts its affairs." Ranney (1990:83) sien 'n grondwet as 'n ideologie om die gesag van die regering te beperk ten einde menseregte te beskerm. Vorster (1982:109) tipeer 'n grondwet in die moderne staat as sy internasionale geboortesertifikaat.

Finer (1985:145) argumenteer dat die basiese kenmerke van 'n konstitusionele raamwerk van 'n staat bestaan uit "... codes of rules which govern the allocation of functions, powers and duties among the various governmental agencies and their officers, and define the relationship between them and the public".

Vir Strong (1963:15) is 'n grondwet 'n "... frame of political society organised through and/by law, in which law has established permanent institutions with recognised functions and definite rights, and a constitutional state as one in which the powers of the government, the rights of the governed and the relations between the two are adjusted". Strong (1963:4) beklemtoon verder dat geen studie van regering gedoen kan word sonder 'n definisie van samelewing nie, aangesien 'n staat 'n polities-georganiseerde samelewing is. Die wesenlike taak van 'n regering is immers om ten behoewe van die samelewing of samelewings waaroor dit gesag dra, te regeer. In aansluiting hierby wys hy op die verbondenheid tussen samelewingsreëls en regering en staat. "The force at the back of law has always been a social force." (Strong,

1963:6.) In dié sin speel samelewingswaardes, gebruike en konvensies 'n deurslaggewende rol in die vasstelling en handhawing van bepaalde reëls waarvolgens regeer moet word (konstitusie) en ten opsigte van verhoudings binne samelewings.

Van der Waldt en Helmbold (1995:2-3) onderstreep die sosiale kontrak tussen gemeenskappe en 'n regering waarvolgens daar deur die samelewing op 'n regering ooreengekom is en dat regering geskied volgens samelewingsbehoeftes en vereistes. Normatief gesien beteken grondwetlike regering dat die algemene welsyn van die samelewing deur die regering bevorder moet word.

Uit die definisies kan die volgende oorhoofse gevolgtrekkings gemaak word:

1. 'n Grondwet (geskrewe of ongeskrewe) is 'n stel ooreengekome reëls wat enersyds die magte en bevoegdhede van 'n regering oor die staatsburgers uiteensit en andersyds eksplisiet owerheidsgesag aan bande lê.
2. 'n Grondwetlike regering regeer in alle gevalle oor 'n samelewing of samelewings binne 'n bepaalde staatsverband.
3. Algemene wetgewing - maar ook grondwetlike reëls as sodanig - is vergestaltings van samelewingswaardes.
4. 'n Regering in 'n staatsverband is normatief verplig om in die publieke belang te regeer en die publieke welsyn na binne en na buite te bevorder.
5. 'n Demokratiese grondwetlike bestel impliseer verantwoordelike regering - dit wil sê die regering is verantwoording vir sy optredes aan die publieke verteenwoordigers verskuldig.

### 3.1.3 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996

Suid-Afrika se nuwe grondwet is op 8 Mei 1996 aanvaar as die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 en dit het 'n nuwe Suid-

Afrikaanse grondwetlike bedeling ingelui. Die 1996-Grondwet het op 4 Februarie 1997 in werking getree. Van die vernaamste kenmerke van dié Grondwet is die volgende: die oppergesag van die Grondwet; gelyke stemreg; 'n Handves van Regte; en die instelling van die Konstitusionele Hof om die regsgeldigheid van staatsoptredes aan die Grondwet te toets.

In die aanhef van die 1996-Grondwet word onder andere daarop klem gelê dat die Grondwet 'n gemeenskap sal skep wat gebaseer is op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte; dat die Grondwet die basis sal lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin die regering op die wil van die mense gebaseer sal wees, en dat alle inwoners gelyke beregtiging sal ontvang.

Met die aanvaarding van hierdie Grondwet het Suid-Afrika hom gevoeg by die Westerse wêreld wat 'n regstaat as algemene maatstaf vir die ordening van die staat aanvaar en as een van die fundamentele hoekstene van die demokrasie beskou (Le Roux, 1994:56). (Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 het die begrip regstaat bevat, maar dié spesifieke begrip is nie in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 opgeneem nie - hoewel laasgenoemde Grondwet in beginsel op die regstaatidee gebaseer is.) Erasmus (1995:120) sien die konsep regstaat as 'n normatiewe basis vir die Grondwet waarvolgens beregtiging sal plaasvind. Volgens Le Roux (1994:57-59) word die regstaat gekenmerk deur sekere verskanste beginsels waaronder die volgende:

- die grondwet geniet hoër status as enige ander wet; die parlement is nie bevoeg om wetgewing te aanvaar wat in stryd met die Grondwet is nie
- 'n handves van fundamentele regte
- 'n onafhanklike regbank
- stemreg en politieke gelykheid
- die aanstel van 'n ombudsman ('n openbare beskermer) wat misbruik van owerheidsgesag moet voorkom
- meerderheidsbesluitneming wat poog om soveel persone en partye as moontlik by besluite te betrek.

Die strewe van die 1996-Grondwet om onder andere fundamentele regte te beskerm en 'n oop samelewing en 'n demokrasie daar te stel - soos verwoord in die aanhef van die 1996-Grondwet - kry gestalte in Hoofstuk 2 wat die Handves van Regte bevat en in Hoofstuk 3 wat oor samewerkende regering handel. Die strewe na deursigtigheid en aanspreeklikheid word deurgaans in verskeie hoofstukke in die 1996-Grondwet aangetref waarvan die volgende voorbeelde is:

> Hoofstuk 3 artikel 41(1)(c): Om "... doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering vir die Republiek as geheel te voorsien".
>
> Hoofstuk 4 artikel 59(1): "Die Nasionale Vergadering moet (a) publieke betrokkenheid in die wetgewende en ander prosesse van die Vergadering en sy komitees vergemaklik en (b) sy werksaamhede op 'n oop wyse verrig."
>
> Hoofstuk 4 artikel 72(2): "Die Nasionale Raad van Provinsies mag nie die publiek, met inbegrip van die media, van 'n sitting van 'n komitee uitsluit nie tensy ...".
>
> Hoofstuk 10 artikel 195(1): "Openbare administrasie word beheers deur demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is met inbegrip van die volgende beginsels: (Hier word slegs ter voorbeeld na een van die beginsels in dié subartikel verwys.)
>
> (g) Deursigtigheid moet bevorder word deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien."

Bogenoemde is enkele voorbeelde van die strewe en eis na deursigtigheid, aanspreeklikheid en 'n oop demokrasie. Hiermee is gepoog om 'n nuwe politieke kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid te vestig en hierdie beginsels word gesien as boustene vir 'n demokrasie waar goeie en doeltreffende regering ter sprake is (Esterhuyse, 1995:18).

Die verlening van 'n reg op toegang tot inligting (soos vervat in Hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet) is 'n verdere bewys van die erns wat gemaak is ter nastrewing van 'n oop demokrasie waar aanspreeklikheid van die regering en

deursigtigheid van staatsoptredes hoë prioriteit verkry.

## 3.2 HANDVES VAN REGTE

Die reg op toegang tot inligting is vervat in artikel 32 van die 1996-Grondwet en spesifiek in Hoofstuk 2 wat handel oor fundamentele regte. In hierdie bespreking word fundamentele regte en menseregte as sinonieme gebruik. Aangesien die Handves van Regte nie in die vroeëre bestel "bekend" was en in geen vorige grondwet opgeneem is nie en juis omdat dit tans en in die toekoms ten diepste die grondslag is en sal wees vir die reg van toegang op inligting, sal daar aandag gegee word aan die ontstaan, geskiedenis, teorieë, klassifikasie en die *ratio* vir die invoeging van fundamentele regte in die 1993-Grondwet en in die 1996-Grondwet.

### 3.2.1 Die ontstaan en geskiedenis van fundamentele regte

"Human rights are rooted in moral values" (Harries, 1991:7). Die wortels van die konsep menseregte is dat daar waardes bestaan wat vir die mensdom belangrik is en dat mense graag dié waardes beskerm wil hê, onder andere deur die staat. Die geskiedenis het getoon dat state dikwels menseregte geskend en misken het en dat dit tot opstand teen onderdrukkende regerings gelei het (Dlamini, 1995:19). John Dugard (1994:171) wys daarop dat Suid-Afrika se rol in die uitbreiding van die konsep menseregte in 'n negatiewe sin - dit wil sê vanuit die verset teen die miskenning van menseregte - groter was as wat algemeen geag word, aangesien daar - as gevolg van Suid-Afrika se apartheidsbeleid - norme ontstaan en bygevoeg is deur verskeie organisasies en bewegings wat teen Suid-Afrika se binnelandse beleid geveg het.

Alhoewel die idee van menseregte vandag wyd aanvaar word (met mindere en meerdere praktiese erns) was dit nie altyd die geval nie. Die idee het grootliks in die Weste ontstaan alhoewel die vroegste oorsprong moeilik te bepaal is (Dlamini, 1995:9). In die meeste godsdienste word daar byvoorbeeld nie direk van die regte van mense gepraat nie, maar die idee om ander te behandel soos jy graag self behandel wil word - soos in die Bybel in

Matteus 7:12 gesê word - bevat die essensie van dit wat menseregte is (Dlamini, 1995:10). Harries (1991:3) voeg hierby dat God die mens na Sy beeld geskape het en dat Hy die waarde en menswaardigheid van die mens hoog ag.

In die agtiende eeu is verskeie pogings aangewend (deur onder andere John Locke, J-J Rousseau, William Blackstone en Immanuel Kant) om die vryheid van die mens te begrond en in die praktyk uitgeleef te kry (Dlamini, 1995:12-13). De Villiers (1996:682) stel dit dat die wortels van die moderne konsep van menseregte in die geskrewe werk van John Locke, naamlik: *Treatise of Civil Government* (1690) teruggevind kan word waar hy - op grond van die natuurregteorie - argumenteer dat elke mens sekere natuurlike regte het. In die negentiende eeu ontwikkel die positivisme en die sosialisme. Beide denkstrominge plaas 'n beperking op die siening dat die individu sekere regte het, aangesien die klem toe al meer op die groep gelê is (Dlamini, 1995:14). Byna 'n eeu na Locke se formulering van die menseregte-teorie, word in 1787 'n opgaaf van menseregte in die federale grondwet van die Verenigde State van Amerika opgeneem en in dieselfde jaar volg die eerste menseregte-deklarasie van die Franse Parlement (De Villiers, 1984:18).

Voor die Tweede Wêreldoorlog was die algemene siening dat slegs state regte het (Rautenbach, 1995:3). Na die Tweede Wêreldoorlog het leiers van die Geallieerde Nasies besluit om 'n formule te probeer vasstel om blywende vrede daar te stel (Dlamini, 1995:15). Dit lei in 1948 tot die stigting van die Verenigde Nasies. Die destydse eerste minister van Suid-Afrika, generaal J. C. Smuts, wat 'n stigterslid van die Verenigde Nasies was, was grootliks verantwoordelik vir onder andere die voorwoord van die Handves van die Verenigde Nasies (Dugard, 1994:171). Op 10 Desember 1948 is 'n *Universele Deklarasie van Menseregte* deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar (Dugard, 1994:172). Dié deklarasie van menseregte het die standaard daargestel vir internasionale sowel as regionale menseregte (Hamalengwa *et al.,* 1988:v). Volgens Dugard (1994:173) het die deklarasie van menseregte gedien as inspirasie vir die volgende verdrae: Die *Internasionale Verdrag op Siviele en Politieke Regte*;

die *Internasionale Verdrag op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte*, asook verskeie regionale menseregte-verdrae. Om die rede is die *Amerikaanse Konvensie vir Menseregte* (1969) ook in baie opsigte in ooreenstemming met die *Universele Deklarasie van Menseregte* van 1948 (Hamalengwa *et al.*, 1988:v). Alhoewel die *Universele Deklarasie van Menseregte* nie bindend was op die ondertekenaars daarvan nie, word dit vandag gesien as die Magna Carta van internasionale menseregte (Rautenbach, 1995:4).

Na die bevryding van Europa en Asië van militaristiese en fascistiese regerings, was daar 'n oplewing met betrekking tot die invoeging van 'n handves van regte in verskeie lande se grondwette (Beatty, 1994:1). Ook in Afrika het lande wat gedekolonialiseer is, hulle gewend tot 'n grondwet met 'n handves van regte om sodoende beskerming te kry teen magsmisbruik (Beatty, 1994:2).

### 3.2.2 Teorieë oor en die aard van fundamentele regte

Daar bestaan verskeie interpretasies van fundamentele regte en dit maak dit moeilik om die presiese inhoud van die begrip menseregte vas te stel (Du Plessis, 1986:38).

Fundamentele regte word deur Maluwa (1995:29) gesien as 'n reg wat alle individue het "... merely by reason of their being human, without regard to status or position". Menseregte hou vir Vincent (1986:9) in dat alle mense menseregte het en dat dit nie afhanklik is van die subjek se behorendheid tot 'n bepaalde gemeenskap nie. Hierdie uitgangspunt is in Hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet vervat in die sin dat die regte van alle mense in die staat verskans word en dat die 1996-Grondwet verwys na die demokratiese waardes van menswaardigheid, vryheid en gelykheid. Harries (1991:1) glo dat menseregte net moontlik is indien erkenning gegee word aan die adel en die waardigheid (waarde) van die mens.

### 3.2.3 Klassifikasie van fundamentele regte

Daar bestaan verskeie indelings of klassifikasies van menseregte. Normaalweg word van 'n drieledige indeling gebruik gemaak, naamlik: eerste, tweede en derde generasieregte (Dlamini, 1995:5). Die eerste generasie menseregte het betrekking op siviele en politieke regte; die tweede generasieregte het betrekking op ekonomiese, sosiale en kulturele regte, en die derde generasieregte verwys na regte op vrede, ontwikkeling en 'n skoon omgewing. Die verskil tussen die eerste generasieregte teenoor die tweede en derde generasieregte, is dat die eerste generasieregte gemik is op die beskerming van die individu teenoor die optrede van die staat, terwyl die ander generasieregte van die staat vereis om sekere voorwaardes daar te stel sodat die regte as sodanig nie geneutraliseer en die uitvoering daarvan nie belemmer word nie. Dié klassifikasie moet egter nie strak toegepas word nie, aangesien sekere regte onder meer as een generasie tuisgebring kan word (Dlamini, 1994:611). Alhoewel dit nie uit die literatuur duidelik is onder watter kategorie die reg op toegang tot inligting sou val nie, kan geredeneer word dat dit 'n eerste generasiereg is. Dié reg word aangewend om die individu teenoor die staat te beskerm en die individu die geleentheid te gee om die staat te kontroleer.

Die konkretisering van die tweede en derde generasieregte is dikwels afhanklik van die ekonomiese vermoë van die staat en is daarom (in baie state) nie teen die staat afdwingbaar nie (Dlamini, 1995:6). Al drie die generasies menseregte kom in die 1993-Grondwet en in die 1996-Grondwet voor (Dlamini, 1995:118, Du Plessis, 1996:299-230).

Rabie en Loubser (1984:40) onderskei op hulle beurt tussen substantiewe en prosedurele regte. Onder substantiewe regte onderskei hulle die volgende: persoonlike regte; burgerlike, politieke, ekonomiese, kulturele en maatskaplike regte. Prosedurele regte het betrekking op 'n behoorlike regsproses.

### 3.2.4 Die ratio vir die insluiting van fundamentele regte

Die rede vir die invoeging van 'n handves van regte is deurgaans dat die staat aan die individu bepaalde regte moet waarborg sodat die individu hom teen ongemagtigde optrede deur die staat kan beskerm en om hom in staat te stel om by 'n onafhanklike regbank appèl daarteen aan te teken (Le Roux, 1994:58; Esterhuyse, 1984:98).

'n Handves van regte reguleer primêr die verhouding tussen die staat en die burgery (Esterhuyse, 1995:18). Verhoudings tussen individue onderling, tussen individue en instansies en tussen instansies onderling, kan ook deur 'n handves van regte geraak word, aangesien 'n hof in 'n regsgeding die gees en oogmerke van 'n handves van regte in ag moet neem (Rautenbach & Malherbe, 1994:8). Die huidige 1996-Grondwet (artikel 8(2)) stel duidelik dat die fundamentele regte in die verhoudings tussen burgers onderling toepassing moet vind.

Demokrasie en die beskerming van die mens se regte gaan hand aan hand (De Villiers en Sindane, 1996:81). Esterhuyse (1984:98) glo verder dat demokrasie per definisie berus op die beginsel dat elke individu sekere regte het. Die 1996-Grondwet stel dit ook dat die Handves van Regte 'n hoeksteen in die demokrasie van Suid-Afrika is (artikel 7(1)).

### 3.2.5 Konklusie

Na aanleiding van bostaande uiteensetting ten opsigte van Hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet, kan onder andere die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Die Handves van Regte bind die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag en alle staatsorgane aan bepaalde beginsels en waardes (artikel 8(1)).
2. Die Handves van Regte beskerm alle mense.

3. Sommige regte beskerm slegs Suid-Afrikaanse burgers, byvoorbeeld die reg om te stem (artikel 19) en die reg om die land in te kom en te verlaat (artikel 21).
4. Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in alle grondwetlike aangeleenthede (artikel 167(3)).
5. In beginsel is geen regte absoluut nie en dit is gevolglik ook die geval met die genoemde regte in die 1996-Grondwet. Artikel 36 van dié Grondwet bevat sekere bepalings waarvolgens beperkings neergelê kan word ten opsigte van die uitoefening van regte.
6. Die reg op toegang tot inligting kan as 'n eerste generasiereg beskou word.

## 3.3 ARTIKEL 23 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 200 VAN 1993

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 het op 27 April 1994 in werking getree. Hierdie Grondwet verskans sekere regte in Hoofstuk 3 (Griessel, 1995:779). Een van die regte wat verskans is, is die reg op staatsinligting soos vervat in artikel 23. Hierdie artikel van die 1993-Grondwet bly van krag tot tyd en wyl die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* of soortgelyke wetgewing deur die nasionale vergadering aanvaar word (item 23(2)(a) bylae 6).

Artikel 23 van die 1993-Grondwet lui soos volg:

> Elke persoon het die reg op toegang tot alle inligting wat deur die staat of enige orgaan van die staat op enige regeringsvlak gehou word in soverre sodanige inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van sy of haar regte.

Dit val dadelik op dat die reg in artikel 23 nie 'n absolute reg is nie (Du Plessis, 1994:309). Eerstens moet dit inligting wees wat deur die staat of enige orgaan van die staat gehou word. Dit geld dus nie vir inligting ten opsigte van private instellings en persone nie (Johannessen *et al.*, 1995:49). Tweedens kan 'n persoon hom slegs daarop beroep sover dit gaan om die

uitoefening of beskerming van sy of haar regte (Du Plessis, 1994:309). Die saak word verder bemoeilik aangesien die term "orgaan van die staat" nie omskryf word nie en gevra kan word wat die posisie van statutêre liggame is (Griessel, 1995:779). Artikel 233(1) van die 1993-Grondwet bepaal dat "staatsorgaan" ook 'n statutêre liggaam of funksionaris kan wees. (Die 1996-Grondwet bevat 'n veel vollediger omskrywing van "staatsorgaan" in artikel 239.) Mureinik (1994:43) redeneer dat die sinsnede "... in soverre sodanige inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van sy of haar regte ..." kan lei tot verskillende vertolkings oor die uitoefening van hierdie regte. Geld dit net in gevalle van 'n regsgeding of kan 'n persoon inligting nodig hê om byvoorbeeld publisiteit daaruit te kry?

Die reg wat deur artikel 23 verkry word, is dus 'n beperkte reg ten opsigte van die toepassing daarvan in teenstelling met alle ander regte waarop daar nie sodanige beperkings geplaas word nie (Johannessen *et al.*, 1995:49). Hollamby (1994:140) sien artikel 23 as eng en wyd met betrekking tot die reikwydte daarvan. Dit is enersyds eng aangesien daar nie 'n algemene reg op toegang tot inligting is nie. Andersyds is dit wyd aangesien daar geen spesifieke beperkings op artikel 23 geplaas word nie. Die artikel kan slegs beperk word deur die algemene beperkingsklousule (artikel 33) (Hollamby, 1994:140-141).

Volgens Griessel (1995:780) sal 'n persoon, indien hy inligting wil bekom op grond van artikel 23 die onus dra om die volgende te bewys: dat hy 'n konstitusionele reg het ten opsigte van die inligting; dat hy die inligting benodig vir die beskerming of uitoefening van so 'n reg; en dat die inligting in besit is van die staat of enige orgaan van die staat op enige vlak van regering.

## 3.4 ARTIKEL 32 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 108 VAN 1996

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 is op 8 Mei 1996 deur die Grondwetlike Vergadering aanvaar. Artikel 32 in Hoofstuk 2 vervang artikel 23 van die 1993-Grondwet. (Vergelyk hoofstuk 1.)

Dit blyk duidelik uit artikel 32 dat die reg op toegang tot inligting aansienlik uitgebrei is in vergelyking met die bepalings van artikel 23 van die 1993-Grondwet (Klaaren, 1997). Die uitbreiding van die reg op inligting behels die volgende:

1. Die beperking wat gegeld het, naamlik dat 'n persoon geregtig is op staatsinligting in soverre dit nodig is vir die uitoefening of beskerming van sy regte, is weggelaat. Die reg op inligting ten opsigte van staatsinligting bevat dus geen beperkings nie.
2. Die reg op inligting is ook uitgebrei tot 'n algemene reg op inligting omdat inligting verkry mag word van "'n ander persoon" vir die uitoefening en beskerming van die aanvraer se regte. Hierdie "'n ander persoon" kan verwys na 'n private liggaam soos byvoorbeeld 'n werkgewer (Anon., 1996a:50).

Ten opsigte van artikel 32 moet dit ook gemeld word dat geen reg absoluut is nie en dat artikel 32 beperk kan word deur die werking van artikel 36. (Vergelyk hoofstuk 1.)

Artikel 32(2) bepaal dat nasionale wetgewing verorden moet word ten einde uitvoering te gee aan hierdie algemene reg op toegang tot inligting soos vervat in artikel 32(1). Daarby moet maatreëls ingestel word om die finansiële en administratiewe las van die staat ten opsigte van 'n reg op toegang tot inligting te verlig.

Daar moet dus praktiese riglyne neergelê word vir die vrye toegang tot inligting, onder andere (ook) om regsgedinge te voorkom. Daar sal ook gekyk moet word na die hantering van private inligting en hoe die beperkingsgronde geïnterpreteer moet word. Gumbi (Van Wyk, 1995:11) bevestig dat die voorgestelde wetgewing die noodsaaklike detail sal moet uitwerk om die ideaal van 'n oop demokrasie te bereik. Daar is reeds sekere riglyne neergelê ten opsigte van 'n reg op toegang tot inligting aangesien adjunk-president Thabo Mbeki 'n taakgroep aangestel het om wetgewing oor die vryheid van

inligting op te stel en in 1995 is 'n *Konsep Wetsontwerp op Oop Demokrasie* aan die Kabinet voorgelê. Die finale wetsontwerp is eers laat in 1998 na die Nasionale Vergadering verwys.

Artikel 32 kan egter vir 'n periode van tot drie jaar nie in werking tree nie - afhangende van die voltooiing van die wetgewing ten opsigte van 'n reg op inligting wat in artikel 32(2) vereis word. Item 23 van Bylae 6 van die 1996-Grondwet wat handel oor oorgangsmaatreëls, bepaal dat artikel 32(1), totdat nasionale wetgewing verorden is, soos volg moet lees:

> (1) Elke persoon het die reg op toegang tot alle inligting wat deur die staat of enige van sy organe in enige regeringsfeer gehou word vir sover daardie inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van hul regte.

Die gevolg is dat artikel 32(1), totdat nasionale wetgewing verorden is, nog gelees moet word as artikel 23 van die 1993-Grondwet aangesien die veranderings ten opsigte van artikel 23 in Bylae 6 slegs taalkundig van aard is (Klaaren, 1997). Vir alle praktiese doeleindes bly artikel 23 van die 1993-Grondwet ondertussen dus van krag. Du Plessis (1996:304) vertolk Bylae 6, paragraaf 23 dat artikel 23 permanent van krag sal bly indien die voorgestelde wetgewing - soos in artikel 32(2) vereis - nie in werking tree nie. Daarteenoor stel Klaaren (1997) dat indien die voorgestelde wetgewing nie deurgevoer word nie, sal artikel 32(1) outomaties van krag word en bly. Volgens Bylae 6, paragraaf 23, sal artikel 32(2) verval indien wetgewing nie binne drie jaar in werking tree nie.

## 3.5 DIE WETSONTWERP OP OOP DEMOKRASIE

Die 1996-Grondwet lê groot klem op die bereiking van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid van al die inwoners. Deursigtigheid en verantwoordbaarheid is die basiese waardes ten grondslag van so 'n samelewing (Johannessen *et al.*, 1995:43). Gumbi (Van Wyk, 1995:11) sien deursigtigheid en verantwoordbaarheid as hoekstene om mense te bemagtig sodat die regering aan die burgers verantwoording

verskuldig is. 'n Reg op toegang tot inligting is in die Grondwet vervat waardeur (onder andere) die doel van deursigtigheid ten opsigte van regeringsoptredes, verwesenlik kan word. Verdere wetgewing is egter nodig aan om hierdie ideaal uitvoering te gee.

In 1994 het adjunk-president Thabo Mbeki 'n taakgroep aangestel om ondersoek in te stel met die oog op wetgewing oor die toeganklikheid van inligting (Anon., 1996a:50). Advokaat Moyanku Gumbi is aangestel as hoof van die taakgroep bestaande uit regsgeleerdes (Van Wyk, 1995:10). Aanvanklik is gepraat en gedink na analogie van die Amerikaanse stelsel van 'n *Freedom of Information Act*, maar geleidelik het die wetsontwerp 'n ander titel gekry, naamlik die *Open Democracy Bill / Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (Anon., 1996b:2).

Die algemene doelstelling van die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98) - soos dit later genoem is - is om die burgers 'n reg te gee op inligting wat gehou word deur staatsliggame terwyl die oorkoepelende doelstelling die algemene bemagtiging van die publiek is ten einde in staat te wees om wanbestuur te beperk en breë deelname aan staatsbesluitneming te bevorder (Anon., 1996b:1). 'n Vraag waarop die Oop Demokrasietaakgroep 'n antwoord sal moet gee, is of die beginsel van deursigtigheid net geld vir die staat en of dit ook moet geld vir die instellings in die privaatsektor (Esterhuyse, 1995:18). COSATU huldig byvoorbeeld die standpunt dat die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* problematies is in dié opsig dat "... it covers government bodies but not business" (Anon., 1996(c):46).

Johannessen *et al.* (1995:46-49) onderskei die volgende redes ter ondersteuning van wetgewing ten opsigte van toegang tot inligting:

- Toegang tot inligting is 'n fundamentele reg wat in die hoofstuk oor die Handves van Regte voorkom. Die belang van toegang tot inligting lê in die reg om inligting te publiseer en die reg tot 'n vrye vloei van inligting sonder onnodige beperkings. Die reg tot inligting vorm deel van die menseregtekultuur wat Suid-Afrika graag wil uitbou.

- 'n Reg op toegang tot inligting lei daartoe dat gewone burgers deel kan hê aan die staatsbestuur. Inligting is noodsaaklik vir staatsburgers indien hulle demokraties betrokke wil wees, aangesien inligting mense bemagtig om die regte besluite te neem. Deur die deelname van die publiek word die regering ook aanspreeklik gehou vir sy optrede.
- Deur deelname en aanspreeklikheid word die beginsel van verbeterde administrasie bevorder.
- Toegang tot inligting kan ook lei tot ontwikkeling en heropbou aangesien die breë bevolking geregtig is op regeringsinligting, en daar dus teoreties beter besluite geneem kan word.

Daar is egter ook besware teen dié wetgewing. Die volgende word onder andere genoem:

- Toegang tot inligting kan die gesag van die regering ondermyn en die effektiwiteit van die staatsbestuur in die wiele ry (Johannessen *et al.*, 1995:52).
- Deursigtigheid kan in sommige gevalle goeie "governance" in die wiele ry. Staatsinligting moet byvoorbeeld teruggehou kan word indien die bekendmaking daarvan sou lei tot skade ten opsigte van nasionale verdediging en sekuriteit (Van Wyk, 1995:13). 'n Voorbeeld van dié tipe opweging van belange, is Denel se pogings om in die internasionale wapenhandel geheimhoudingsklousules in kontrakte tussen koper en verkoper te beskerm ten koste van die individu se reg op inligting (Anon., 1997:7). Esterhuyse (1995:18) stel dit soos volg: "'n Demokrasie is nie bloot oop en deursigtig nie. Dit moet ook verantwoordelik en veilig wees."
- Koste verbonde aan die toepassing en administrasie van wetgewing ten opsigte van die reg op toegang tot inligting, is hoog aangesien (onder andere) inligtingsbeamptes benodig sal word omdat inligtingsnavrae sal toeneem en dit beantwoord sal moet word (Johannessen *et al.*, 1995:52). Dit op sigself sal lei tot 'n "... expensive and cumbersome bureaucracy specializing in dealing and circumventing demands for information and access to meetings" (Harber, 1995).

- Besware is ook teen die kompleksiteit van die voorgestelde wetgewing geopper aangesien dit die uitvoering daarvan gaan bemoeilik (Anon., 1996a:50).

Die doelstellings van die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98) is in die hersiene wetsontwerp soos volg gestel:

- Om aan die publiek 'n reg op toegang tot inligting te gee wat gehou word deur regeringsliggame in soverre dit nie goeie regering in die wiele ry nie.
- Om inligting beskikbaar te stel sodat die publiek kan verstaan wat die funksies van regeringsliggame is, hoe hulle funksioneer, en wat die kriteria is wat gebruik word by besluitneming.
- Om aan individue (a) 'n sterker reg op toegang tot inligting (wat deur regeringsliggame oor sulke individue gehou word) te gee; (b) 'n reg op toegang tot inligting te gee ten opsigte van private instansies wat inligting oor individue hou; (c) 'n reg te gee om verbeterings aan te bring indien inligting ten opsigte van die genoemde individue nie korrek is nie.
- Om individue te beskerm teen die misbruik van inligting wat deur die regering of private instansies oor hulle gehou word.
- Om persone te beskerm wat wanadministrasie en oortredings van die wet en korrupsie in regeringsliggame aan die lig bring.
- Om die publiek, oor die algemeen, te bemagtig om oop en verantwoordbare administrasie te bevorder en om individue te bemagtig ten einde deel te hê aan regeringsbesluitneming.

Samevattend kan gestel word dat die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* vir individue die volgende regte wil bewerkstellig (Klaaren, 1997; vgl. ook Harber, 1995):

1. ‘n Reg op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word – met enkele beperkings op die reg.
2. Die reg op privaatheid van inligting rakende individue wat deur staatsdepartemente en privaatinstansies gehou word. Sover dit

biblioteek- en inligtingsdienste betref, sal artikel 32(1)(b) hoofsaaklik betrekking hê op werknemers wat insae in dokumentasie oor hulle (wat deur biblioteke gehou word) aanvra. (Die ander implikasies van artikel 32(1)(b) val buite die bestek van hierdie ondersoek en sal nie verder bespreek word nie.)

3. Die beskerming van persone wat wanadministrasie en korrupsie aanmeld, die sogenaamde "whistle blowers".

Indien 'n persoon toegang tot inligting geweier word, lê die onus op die regeringsinstansies om te bewys hoekom die inligting nie beskikbaar kan wees nie en indien die persoon nog nie tevrede gestel is nie, kan hy hom wend tot 'n inligtingshof wat deel sal vorm van die Hoë Hof (Klaaren, 1997).

Die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* sal dus 'n statutêre raamwerk daarstel wat die howe sal help in die vertolking en implementering van die grondwetlike reg op toegang tot inligting (Johannessen *et al.*, 1995:60). Harber (1995) is van mening dat indien die wetsontwerp aanvaar word, dit Suid-Afrika 'n wêreldleier ten opsigte van demokrasie en die implementering daarvan sal maak aangesien geen ander land se wetgewing ten opsigte van vryheid van inligting so omvattend is soos die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* nie. Die nuutste inligting in verband met die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* is dat dit gedurende September 1998 voor die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee gedien het.

## 3.6 WET OP PLIGLEWERING 54 VAN 1997

Dit is nodig om kortliks aandag te gee aan die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 aangesien dié nuwe wet belangrike implikasies kan hê vir biblioteke in die konkretisering van 'n reg op inligting.

Die doel van pliglewering word deur Lor en Cillié (1998:4) soos volg saamgevat:

- om alle intellektuele eiendom wat die land "geproduseer" het, op rekord te

hê;

- om te verseker dat daar ten minste een kopie van alles wat op intellektuele gebied geproduseer is, bewaar word sodat dit ook deur interbiblioteeklening beskikbaar kan wees;
- om 'n nasionale bibliografiese databasis op te bou.

Die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 vervang die *Wet op Pliglewering van Publikasies* 17 van 1982. Die 1982-Wet is meer as 15 jaar gelede opgestel en in hierdie inligtingseeu is dit 'n lang tydperk en daarom is 'n nuwe wet genoodsaak (Lor, 1997:2).

Die lang titel van die Wet op Pliglewering stel sy doel:

> Om voorsiening te maak vir die bewaring van die nasionale dokumentêre erfenis deur middel van pliglewering van gepubliseerde dokumente; om die bewaring en katalogisering van, en toegang tot, gepubliseerde dokumente afkomstig uit, of aangepas vir Suid-Afrika te verseker; om voorsiening te maak vir toegang tot regeringsinligting; om voorsiening te maak vir 'n Pliglieweringskomitee; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die belangrikste verskille tussen die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 en die *Wet op Pliglewering van Publikasies* 17 van 1982 is die volgende (Lor, 1997:3):

- die uitbreiding van die omvang van die wetgewing sodat ander materiaal as slegs boeke en gedrukte materiaal ingesluit word;
- die insluiting van sekere buitelandse publikasies;
- groter buigsaamheid in die uitvoering van pligte;
- die bekendstelling van die begrip "bewaarplek vir amptelike publikasies", wat nie net die pligleweringsbiblioteke insluit nie, maar ook ander tipe bewaarplekke insluit;
- uitbreiding van pliglewering tot die Nasionale Film- en Klankargiewe;
- die voorsiening vir gespesialiseerde bewaarplekke vir materiaal wat spesiale kundigheid vereis;

- die instelling van 'n Pligleweringskomitee;
- die instelling van amptelike publikasiebewaarplekke.

Dit is veral die laaste punt, naamlik die instelling van amptelike publikasiebewaarplekke, wat nuwe momentum kan gee aan die konsep van 'n reg op toegang tot inligting. Dit word in die nuwe Wet in artikel 6(2)(a) soos volg gestel:

> Die Minister, op aanbeveling van die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir biblioteke in elke provinsie, wys minstens een plek van pliglewering in elke provinsie aan om as 'n bewaarplek vir amptelike publikasies te dien, wat geregtig sal wees om 'n eksemplaar van elke amptelike publikasie, maar nie van ander kategorieë dokumente nie, te ontvang.

Volgens die bepalings van die Wet is die funksie van amptelike publikasiebewaarplekke soos volg:

- om te dien as sentrum vir die bevordering van 'n publieke bewustheid van en toegang tot amptelike publikasie en informasie;
- om aan die publiek toegang tot databasisse en ander informasiebronne te verleen.

Montjane (1997:10) sien die spesifieke verantwoordelikhede van amptelike publikasiebewaarplekke as volg: om materiaal te versamel, te organiseer, te bewaar en om toegang tot publikasies te verskaf; om as 'n sentrum te dien vir die bevordering van 'n publieke bewustheid met betrekking tot staatspublikasies; om as sentrum te dien vir toegang tot inligting van die staat en van sy ander institusies, en om toegang tot sekere databasisse te gee. Dit behoort (volgens Montjane) ook te dien as 'n verspreidingspunt vir die verkoop van amptelike publikasies aan die publiek. Lor sien die amptelike publikasiebewaarplekke nie as afgeskaalde plekke van pliglewering wat net amptelike publikasies ontvang nie, maar sien dit as 'n een-stop-instansie vir amptelike inligting. Dit impliseer dat personeel goed opgelei moet wees sodat die amptelike publikasiebewaarplekke as sentra kan dien waar die publiek

gehelp word om 'n pad te vind deur die burokratiese rompslomp ten einde toegang tot inligting te verkry (Lor, 1997:7).

Die instelling van amptelike publikasiebewaarplekke sal die konsep van voetsooldemokrasie ondersteun aangesien dit ook impliseer dat dokumente van provinsiale sowel as plaaslike regerings beskikbaar moet wees (Montjane, 1997:10). Dit onderstreep die eis om 'n oop en deursigtige demokrasie (De Beer, 1998:11).

## 3.7 WET OP DIE NASIONALE ARGIEF VAN SUID-AFRIKA 43 VAN 1996

Die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika* 43 van 1996 maak hoofsaaklik voorsiening vir die behoorlike bestuur en versorging van rekords van regeringsliggame sowel as die bewaring en gebruik van 'n nasionale argivale erfenis. Die doel van die nasionale argief is onder meer om openbare en nie-openbare rekords wat blywende waarde het, vir gebruik deur die publiek en die staat te bewaar; om dié dokumente vir publieke gebruik toeganklik te maak, en om 'n nasionale gerekenariseerde argivale inligtingherwinningstelsel in stand te hou (artikel 3). Die nasionale argivaris moet saamwerk met organisasies wat belangstel in argivale aangeleenthede of die bestuur van rekords en tegniese en professionele bystand verleen ter ondersteuning van die argivale aktiwiteite en die argivale gemeenskap (artikel 5(2)).

Artikel 12 bepaal dat behoudens die bepalings van enige ander wet (wat die *Wet op Oop Demokrasie* sal insluit wanneer dit in werking tree), enige persoon toegang het tot publieke rekords in bewaring van die nasionale argief nadat 'n tydperk van 20 jaar verstryk het vanaf die datum waarop die rekord tot stand gekom het. Die nasionale argivaris kan op versoek toegang tot dokumente resenter as 20 jaar verleen. Enige nie-publieke rekord is beskikbaar vir insae tensy daar spesifieke voorwaardes aan die bewaring van die dokumente gekoppel is. Die Minister kan regulasies uitvaardig ten opsigte van die toelating van die publiek tot argiefbewaarplekke sowel as die beskikbaarstelling van rekords vir openbare toegang.

Artikel 14 bepaal dat die nasionale argivaris nie-publieke rekords wat na sy mening blywende nasionale waarde en betekenis het, kan bekom deur dit aan te koop of dit as permanente of nie-permanente skenkings te ontvang. Bepaalde voorwaardes kan ten opsigte van die skenking of aankoop neergelê word. Die verspreider of vervaardiger van 'n opname van 'n nie-publieke rekord moet binne ses maande nadat 'n skriftelike versoek van die nasionale argivaris ontvang is, 'n kopie aan hom lewer. Hierdie bepaling is nie van toepassing op opnames wat aan pligleweringsbiblioteke verskaf moet word nie. Die nasionale argivaris moet nasionale registers van nie-publieke rekords hou.

Die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika* reël, net soos die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie*, die reg op toegang tot staatsdokumente. Daar word egter in die geval van argiewe 'n tydsbeperking op toegang geplaas wat waarskynlik nie deur die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* opgehef sal kan word nie. (Die *Wet op die Nasionale Argief* hou net rakelings met dié skripsietema verband. Vanweë die beperkte omvang van die skripsie word dit nie verder in besonderhede bespreek nie.) Biblioteke moet egter bewus wees van die werking van hierdie wet omdat rekords in besit van biblioteke moontlik na argiewe oorgeplaas kan word. Biblioteke wat onder die jurisdiksie van die staat val, sal moontlik ook hulle dokumentasie ooreenkomstig die Wet aan die argief moet lewer. Die rekords wat aan die Argief gelewer word, sal dan aan die bepalings van die Argiefwet onderhewig wees tensy voorwaardes oor die openbaarmaking daarvan gestel word.

## 3.8 SLOT

Met die aanvaarding van die 1996-Grondwet is Suid-Afrika verbind tot 'n staatsbedeling waarin die Grondwet die oppergesag vorm, die Handves van Regte die burgery se regte beskerm, en waarin die Konstitusionele Hof die regsgeldigheid van staatsoptredes aan die 1996-Grondwet toets. In die Grondwet word klem op deelnemende en samewerkende regering en deursigtigheid met betrekking tot staatsbestuur gelê. Die grondliggende

gedagte is dat hierdie grondwetlike bepalings en waardes tot die demokratisering van die Suid-Afrikaanse gemeenskap moet lei. In die verband moet inligting ten opsigte van staatsbestuur beskikbaar wees sodat 'n ingeligte samelewing tot stand kan kom waarin ingeligte besluite geneem kan word. In Hoofstuk 2 van die 1996-Grondwet en in Hoofstuk 3 van die 1993-Grondwet (Handves van Regte) word die publiek se reg op toegang tot inligting gewaarborg. Artikel 32(2) van die 1996-Grondwet bepaal dat wetgewing gepromulgeer moet word om (onder andere) besonderhede in verband met die toepassing van artikel 32(1) uit te werk. Daar is voorsiening gemaak vir 'n tydperk van drie jaar waarbinne sodanige wetgewing gepromulgeer moet word. Tot tyd en wyl, bly artikel 23 van die 1993-Grondwet van krag.

Die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98) - wat laat in 1998 voor die Nasionale Vergadering gedien het - is bedoel om aan hierdie vereiste te voldoen. Hierin word meer spesifieke besonderhede oor die reg op toegang tot inligting - en verbandhoudende aspekte - vergestalt. In meer besonderhede is die doel van die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* onder andere om aan die publiek 'n reg op toegang tot inligting te gee, om individue te beskerm teen die misbruik van inligting, om individue te beskerm wat wanadministrasie en korrupsie aan die lig bring, en om die publiek te bemagtig sodat 'n ingeligte kieserskorps daargestel kan word.

Die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 se doel is om alle intellektuele eiendom van die land te bewaar, 'n nasionale bibliografiese databasis op te bou en die vestiging van bewaarplekke vir amptelike publikasies moontlik te maak. Hierdie wet reël die praktiese uitvoering van hierdie aspekte van die genoemde reg op toegang tot inligting. Die beoogde amptelike publikasiebewaarplekke bied 'n gulde geleentheid aan biblioteke om deel te wees van die praktiese toepassing en bevordering van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika.

Die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika* 43 van 1996 reël onder meer tydperke waarbinne bepaalde inligting vrygestel moet word en wat in ag

geneem moet word by die interpretasie van ander wetgewing.

Uit die bespreking van die 1996-Grondwet, die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* - gelees teen die agtergrond van die Handves van Regte - is dit duidelik dat 'n reg op toegang tot inligting fundamenteel is vir die vestiging van 'n demokrasie.

# HOOFSTUK 4

# DIE HUIDIGE ROL VAN BIBLIOTEKE TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGVERSKAFFING

## 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is aan sekere konsepte wat belangrik is vir die studie, onder andere die reg op toegang tot inligting en die vrye vloei van inligting, aandag gegee. Daar is ook aandag gegee aan wetgewing wat ten grondslag lê aan 'n reg op toegang tot inligting soos in artikel 32 van die 1996-*Grondwet* vervat.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan biblioteek- en inligtingsdienste se rol ten opsigte van inligtingsverskaffing; faktore wat 'n rol speel ten opsigte van inligtingsverskaffing en hoe biblioteek- en inligtingsdienste tans beantwoord aan die toepassing van die eis om 'n reg op toegang tot inligting. Aangesien 'n reg op toegang tot inligting in Suid-Afrika 'n nuwe konsep is, sal daar eers vasgestel word hoe biblioteek- en inligtingsdienste oor die algemeen die plig vervul ten opsigte van inligtingsverskaffing. Hierna sal gepoog word om met inligting wat verkry is uit die studie, afleidings te maak oor die geskiktheid van Suid-Afrikaanse biblioteke met betrekking tot die konkretisering van 'n reg op toegang tot inligting.

Om bostaande doel te bereik, sal 'n ontleding verstrek word van definisies oor biblioteke en biblioteek- en inligtingsdienste, 'n ontleding sal gemaak word van die funksies van biblioteke en van faktore wat biblioteke en biblioteek- en inligtingsdienste beïnvloed, en die huidige stand van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika sal geëvalueer word.

## 4.2 DEFINISIES VAN BIBLIOTEKE, BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

Die konsepte biblioteke en biblioteek- en inligtingsdienste word in een afdeling behandel aangesien die definisies nie wesenlike verskille na vore bring nie - trouens die konsepte biblioteek en biblioteek- en inligtingsdienste kom afwisselend in die literatuur voor.

Die twee terme is nie sinonieme nie. Biblioteek- en inligtingsdienste is 'n konsep wat nie net biblioteke nie, maar ook ander instansies insluit. Waar dit ook om inligtingverskaffing gaan, word die term biblioteek- en inligtingsdienste al hoe meer gebruik. Alhoewel die term biblioteek 'n enger betekenis kan hê, naamlik dat boeke en ander materiaal in 'n gebou gehou word, is dit lankal reeds so dat biblioteke hulle "gebougrense" verskuif het deur byvoorbeeld interbiblioteekfasiliteite, CD-ROM-gebruik en die gebruik van die Internet.

### 4.2.1 Definisies

In definisies binne die ouer denkskool oor biblioteke, is daar meer klem gelê op die bewaringsfunksie van boeke en is ander vorme en formate van inligting (benewens die boek) nie gemeld nie (HAT, 1994:86, Concise Oxford Dictionary, 1990:683). Dalton (1988:183) sien egter die funksie van biblioteke, ook binne navorsingsorganisasies, om gepubliseerde sowel as ongepubliseerde materiaal aan te skaf, te organiseer en te versprei. Hier vind dus 'n uitbreiding plaas vanaf die eng siening dat net boeke in biblioteke gehuisves word na die huisvesting van ander materiaal in biblioteke.

Shillinglaw (1988b:24) bring die diensoogmerk van biblioteke na vore en sien 'n biblioteek as 'n diensorganisasie wat bestaan sodat daar toegang tot inligting bewerkstellig kan word. Hy beklemtoon bostaande deur na die biblioteek te verwys as "an access mechanism" wat die gebruiker moet aanwend om toegang tot inligting te verkry (Shillinglaw, 1988b:27). In die Arts and Culture Task Group-verslag (voortaan ACTAG) in verband met biblioteke, word, benewens die funksies van organisering, bewaring en

versameling van boeke en ander inligtingsmateriaal, ook gemeld dat biblioteke die gebruiker moet help om inligting uit die versameling te kry, of, indien nie moontlik nie, die inligting van elders vir die gebruiker te verkry (ACTAG, 1995:6).

Die HAT (1994:433) definieer 'n inligtingsdiens as 'n diens of liggaam wat inligting inwin en verskaf. 'n Omvattende definisie van biblioteek- en inligtingsdienste is te vind in die beleidstuk wat 'n raamwerk daar wou stel vir opvoeding en opleiding soos opgestel deur die ANC se Education Department (ANC, 1995:85). Die definisie in verband met biblioteek- en inligtingsdienste lui soos volg: "... it refers to the range of agencies and activities by which information, in various recorded forms and covering any subject, discipline or topic, is collected, organised and stored, for eventual retrieval, circulation and dissemination to meet the needs of users and to enhance the development of the community". In dié definisie vind 'n verdere verbreding plaas aangesien daar verwys word na inligtingsagentskappe en aangesien inligting oor enige onderwerp en dissipline ter sprake kom. Die ontwikkeling van die gemeenskap moet verder bevorder word deur die beskikbaarstelling van inligting. In hierdie definisie het daar dus enkele elemente bygekom waardeur biblioteke en inligtingsdienste in 'n breër raamwerk geplaas is as in definisies wat handel oor biblioteke. Die verskille geld egter nie ten opsigte van die kerndienste van inligtingsorganisasies nie.

### 4.2.2 Afleidings uit definisies

Uit die meeste definisies blyk dit dat inligting, boeke en ander materiaal fisies geberg word vir gebruik deur 'n bepaalde groep gebruikers. In alle definisies is daar eksplisiet of implisiet sprake van 'n sistematiese organisering van die materiaal ten einde dit vir die gebruiker te ontsluit.

Toegang tot inligting word, hetsy deur die biblioteekmateriaal by die plaaslike biblioteek te verkry, hetsy dit deur middel van interbiblioteeklening van 'n ander biblioteek of inligtingsdiens te verkry, as prioriteit gesien. Daar moet

egter rekening gehou word met die term "biblioteekmateriaal" wat verskeie soorte inligtingsformate insluit.

'n Belangrike saak wat na vore kom, is dat in alle gevalle die organisering van inligting geskied ter wille van die eindgebruiker. Katalogisering en indeksering is dus nie 'n doel op sigself nie, maar word gedoen ter wille van die gebruiker. Biblioteek- en inligtingsdienste word as diensorganisasies gesien wat die publiek moet dien. Hierdie gebruikers kan 'n bepaalde groep wees wat byvoorbeeld betaal vir dienste of dit kan 'n groep wees wat indirek vir dienste betaal soos byvoorbeeld in die geval van gemeenskapsbiblioteke. Ontwikkeling en bemagtiging van die gemeenskap word as die einddoel van biblioteek- en inligtingsdienste gesien.

## 4.3 ENKELE NORMATIEWE VEREISTES TEN OPSIGTE VAN DIE ROL EN FUNKSIE VAN BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

Verskeie skrywers het hulle uitgelaat oor wat biblioteke en biblioteek- en inligtingsdienste behoort te wees en daardeur bepaalde normatiewe vereistes neergelê. Normatiewe vereistes het betrekking op 'n ideaaltipiese toestand - nie noodwendig dit wat werklik bestaan nie. Enige normatiewe standaard wat gestel word, skep 'n bepaalde riglyn waarna gestreef behoort te word om 'n bepaalde doel te bereik. Die veelseggende van die normatiewe vereistes wat byvoorbeeld neergelê is deur 'n skrywer soos Ranganathan (1963), is dat dit nie resent van aard is nie maar terugstrek tot 1931. Meer resente publikasies in die verband het betrekking op 'n outeur soos Line (1996) en Gorman (1995). Uit die aard van die saak sal normatiewe vereistes vir biblioteek- en inligtingsdienste deurlopend verander aangesien nuwe vereistes en behoeftes intree. Aan die ander kant is daar, soos aangetoon sal word, sekere bykans universele kwaliteite en vereistes wat deurlopend geld.

Die ontleding van enkele normatiewe vereistes soos deur genoemde skrywers neergelê - afgesien van die tydperke waarin geskryf is - is van groot belang ter bepaling van die huidige stand van sake by Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsdienste. Daar moet vasgestel word wat verder gedoen behoort te

word - veral ten opsigte van die reg op toegang tot inligting en die rol van die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsdienste in dié verband. Sodanige ontleding behoort te lei tot 'n sinvolle evaluering waarop weer verder gebou kan word.

### 4.3.1 Ranganathan, Norman en Line se normatiewe ontledings

Ranganathan (1963) se ontleding is gedoen aan die hand van die formulering van bepaalde normatiewe reëls (hy formuleer dit as wetmatighede) of stellings ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste.

Die eerste reëlmatigheid wat hy stel is dat "BOOKS ARE FOR USE" en hy kontrasteer dit met die ouer opvatting dat "BOOKS ARE FOR PRESERVATION." Hierdie stelling van Ranganathan het meer implikasies as wat met die eerste oogopslag besef mag word aangesien die gebruik van boeke verskeie aspekte van die algemene biblioteekbestuur en -organisering behels. Dit raak onder andere aspekte soos die lokaliteit van biblioteke, biblioteekure, plasing en keuse van biblioteekrakke en -meubels, die keuse van personeel wat nie bloot opgelei is en optree as "bewaarders" van biblioteekmateriaal nie, maar eerder die beskikbaarstelling van boeke vir leesdoeleindes as oogmerk en funksie het (Ranganathan, 1963:26-79). Trouens, Ranganathan (1963:77) sien die rol van die bibliotekaris as dié van 'n vriend, filosoof en gids vir enigiemand wat die biblioteek wil gebruik. Volgens Ranganathan se bevindings - en as normatiewe vereiste - kan opleiding en hoë salarisse nie op sigself "goeie" bibliotekarisse tot gevolg hê nie. Daar is min, indien enige, twyfel binne die hedendaagse biblioteek- en inligtingswese dat hierdie normatiewe vereiste van Ranganathan steeds geld.

Die tweede belangrike vereiste wat Ranganathan stel, het betrekking op die algemeen publieke (populêre) aard van die gebruik van biblioteekmateriaal - en dit kontrasteer hy met die elitistiese siening ten opsigte van biblioteke. Sy standpunt is dat "BOOKS ARE FOR ALL" teenoor die genoemde elitistiese beskouing dat boeke daar is vir gebruik deur die "chosen few" (Ranganathan,

1963:189). Binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks is die stelling van hom uiters kontemporêr - hoewel dit reeds in 1963 en selfs vroeër (in 1931) deur hom geformuleer is. Op grond van bogenoemde normatiewe vereiste wat Ranganathan stel, moet daarna gestreef word om biblioteekvoorsiening aan alle strata en groepe van die gemeenskap moontlik te maak en die biblioteek moet daarna streef "... to carry knowledge to the doors of those that lack it and to educate all to perceive the right" (Ranganathan, 1963:189).

Ten einde aan alle mense toegang tot biblioteekmateriaal te gee, is daar sekere vereistes waaraan voldoen moet word deur byvoorbeeld die staat (ten opsigte van finansiering en wetgewing) en deur beheerliggame van biblioteke. Hoewel die staat 'n primêre verantwoordelikheid in dié verband het, sal die aansporing vir die herevaluering en selfs hersiening van wetgewing grootliks afhang van bydraes deur die biblioteekbeheerliggame (Ranganathan, 1963:190-242). Per implikasie is dit onvermydelik dat die strewe om aan hierdie vereiste te voldoen, gevolge vir biblioteekpersoneel sal inhou, naamlik dat hulle onder andere 'n grondige kennis sal moet hê van die gebruiker se behoeftes, die boeke, die naslaanbronne, bibliografieë, katalogisering, en onderwerpsanalise (Ranganathan, 1963:245-251). In aansluiting hierby sal die biblioteekgebruiker moet besef dat daar sekere reëls en verpligtinge op hom as gebruiker rus en hy deur die eerbiediging van die reëls nie net sy eie regte nie maar ook dié van ander beskerm (Ranganathan, 1963:252).

Soos in die geval van Ranganathan se eerste normatiewe vereiste, word die beginsel van "boeke vir almal" - veral in Suid-Afrika - al hoe belangriker in gemeenskaps- en regeringskringe. 'n Wesenlike probleem en selfs 'n versperring in Suid-Afrika om toegang tot inligting aan almal beskikbaar te stel, is beperkte finansiële bronne.

'n Aangeleentheid wat in Ranganathan se derde normatiewe vereiste aangeraak word, het betrekking op die algemeen bekende feit dat indien potensiële gebruikers van inligting nie weet watter soort inligting beskikbaar is en waar dit beskikbaar is nie, dit die potensiële toegang tot inligting blokkeer.

'n Praktiese voorbeeld in die verband het betrekking op die publiek se kennis oor watter vorme van staatsinligting beskikbaar is. Ranganathan formuleer sy derde normatiewe vereiste so: "EVERY BOOK HIS OWN READER." Sy eie ontleding het betrekking gehad op praktiese fasette soos 'n funksionele rakplasing van bronne sodat gebruikers met gemak gelyksoortige onderwerpe kan vind; 'n goeie ontsluitingstelsel en inligtingsdiens; die bemarking en bekendstelling van die biblioteek en wat dit bied deur nuusblaaie, die radio, inligtingstukke en uitstallings; dienslewering deur byvoorbeeld leeskringe te stig, voorlesing aan ongeletterdes te lewer, storie-ure en deur die stigting van intellektuele gespreksgroepe (Ranganathan, 1963:258-581).

Dit is duidelik dat die reg op toegang tot inligting in Suid-Afrika van die biblioteek- en inligtingsdienste van biblioteke antwoorde gaan vereis oor wat dit kan doen om dié reg aan die publiek bekend te stel. Ook in die verband sal opvoeding ten opsigte van die reg op toegang tot inligting moet geskied.

Die gebruik van moderne biblioteke is 'n gespesialiseerde aangeleentheid en des te meer so in verhouding tot die relatiewe vlakke van ingeligtheid en kundigheid oor biblioteke en biblioteek- en inligtingsdienste. Dus: tyd en tydbesparing is 'n wesenlike faktor wat verreken moet word by die lewering van biblioteekdienste aan gebruikers. Ranganathan beklemtoon hierdie aspek in sy vierde normatiewe vereiste met die stelling: "SAVE THE TIME OF THE READER." Hierdie stelling van Ranganathan is 'n algemeen erkende praktyk in moderne biblioteke. Nieteenstaande die beskikbaarheid van elektroniese hulpmiddels in biblioteke, is die aanwending hiervan egter beperk indien daar nie een of ander vorm van interpretasie van die behoeftes van gebruikers en die verskaffing van inligting en kundigheid oor die sistematisering van inligting aan die gebruiker beskikbaar gestel kan word nie. Dit is in dié verband wat die bibliotekaris hulp moet verleen aangesien hy die kundigheid het ten opsigte van bronontsluiting en hy optree as die hulpmiddel en die interpreteerder van die katalogus sowel as van dit wat die gebruiker wil hê. Ranganathan (1963:287-320) het geargumenteer dat die gebruiker se tyd bespaar kan en moet word deur die aard van die plasing van biblioteke binne 'n bepaalde geografiese radius

Bostaande normatiewe vereistes van Ranganathan word vandag wyd erken en biblioteke in die Republiek van Suid-Afrika is oor die algemeen toegerus met goeie personeel en bibliotekarisse. Dit is egter ook waar dat die oneweredige geografiese verspreiding van biblioteke in die Republiek van Suid-Afrika nie aan dié norm voldoen nie.

Ranganathan se vyfde normatiewe vereiste kom eweneens ooreen met 'n hedendaagse bekende feit, naamlik dat biblioteke soos 'n organisme steeds groei en verander na gelang van nuwe vereistes en veranderde omstandighede. Biblioteke sal ten opsigte van die eis om 'n publieke reg op inligting, steeds nuwe moontlikhede moet ondersoek om op die effektiefste manier inligting tot beskikking van die gemeenskap te stel. Ranganathan (1963:326) argumenteer byvoorbeeld dat indien biblioteke nie aanpas en groei nie, dit nie kan oorleef nie: "A growing organism takes in new matter, casts off old matter, changes in size and takes new shapes and forms." Biblioteke sal nuut moet dink oor voorraad, gebouebeplanning, personeel en personeelopleiding. Volgens Ranganathan (1963:196) is dit belangrik dat daar nie 'n houding ingeneem word van wag en sien nie aangesien gevind sal word dat diesulkes is soos die man wat uitgestel het om die staldeur te sluit.

Na analogie van die normatiewe vereistes vir biblioteke wat deur Ranganathan daargestel is, het die skrywers Gorman en Line elk aangepaste wette of vereistes geformuleer en sodoende aangetoon dat Ranganathan se vereistes vir vandag nog relevant is. Gorman sowel as Line se vyf nuwe "wette" is volgens hulle aangepas vir biblioteke van vandag en die toekoms. Vir die doeleindes van die studie, waar dit gaan om die rol van biblioteke in die konkretisering van 'n reg op toegang tot inligting kom, onder andere, die eis om inligting vir alle gebruikers by albei skrywers na vore. Gorman sien onder andere die plig van die biblioteek om vrye toegang tot inligting te beskerm en beskou biblioteke as "central to freedom" (Gorman, 1995:784). Line beklemtoon ook dat een van die vereistes vir biblioteke moet wees dat inligting vir almal beskikbaar moet wees. Hy sien biblioteke as "... main means of equalising access to information" (Line, 1996:144). Albei skrywers

beklemtoon dat die dominante etiek van biblioteke diens aan die individu en die publiek behoort te wees. Gorman (1995:784) argumenteer dat biblioteke in diens staan van "humanity", terwyl Line (1996:144) dit stel dat alle norme uiteindelik gekondenseer kan word tot "... librarianship is about managing information resources for people".

### 4.3.2 Ander menings oor die rol en funksie van biblioteke

Vervolgens enkele ander opinies oor wat die rol en funksies van biblioteke moet wees.

Harris en Hannah (1993:34) argumenteer dat daar 'n verandering ingetree het van die bibliotekaris as 'n sensor wat moes besluit wat die publiek mag lees na dié van 'n fasiliteerder van die demokratiseringsproses. Hierdie nuwe taak moes bereik word deur die beskikbaarstelling van 'n hele spektrum menslike kennis aan die leser. Daarna kan die leser self besluit watter inligting hy wil gebruik en hoe hy dit wil gebruik. Poulter (1996:299) voeg hierby dat inligting 'n noodsaaklike hulpbron in besluitneming en daarom 'n kragtige middel vir ontwikkeling is.

Volgens Borovansky (1996:68) het die bibliotekaris dwarsdeur die geskiedenis die rol vervul om 'n skakel te wees in die akademiese kommunikasieproses. Twee faktore het egter 'n groot invloed op die paradigma van akademiese kommunikasie gehad, naamlik eerstens die geweldige groei van gepubliseerde inligting sedert die Tweede Wêreldoorlog en tweedens die ontwikkeling van elektroniese inligtingstegnologie. Beide faktore het 'n invloed op die siening van die biblioteek in sy rol as voorsiener van inligting. Binne hierdie paradigma moet die bibliotekaris se waarde gesien word in sy mediatorskap tussen die gebruiker en die masjien. Hoe groter die rekenarisering van biblioteke, hoe groter die ontmensliking van die biblioteek. Juis hierin lê 'n belangrike funksie vir die bibliotekaris, naamlik die byvoeg van die menslike komponent (Poulter, 1996:313).

In 'n ondersoek na die rol van biblioteke in die Verenigde State van Amerika word onder andere aangevoer dat die volgende drie vrae ten grondslag van die voortbestaan van biblioteke lê (Raber, 1997:47):

- Hoe beantwoord biblioteke aan die sosiale behoefte aan kennis en inligting?
- Hoe bedien dit die belange van spesifieke groepe in 'n plurale samelewing?
- Hoe effektief is biblioteke in hulle bydrae tot 'n demokratiese lewenswyse?

Bostaande vrae berus op bepaalde uitgangspunte met betrekking tot die sosiale en politieke vereistes waaraan biblioteke in die beskikbaarstelling van inligting in genoemde samelewings behoort te voldoen. Hierdie uitgangspunte is ook te vinde in die beleidstuk van die ANC (1995:84-85):

- **Alle burgers is geregtig op 'n vrye vloei van inligting en gelyke toegang tot basiese inligtingsbronne vir opvoeding en rekreasie** (eie beklemtoning).
- Inligting en biblioteek- en inligtingsdienste is sentraal tot lewenslange onderwys en opleiding en dit is ook 'n voorwaarde vir persoonlike kulturele, sosiale en ekonomiese ontwikkeling.
- Die regte en vryhede van die individu (wat duidelik blyk uit die 1996-Grondwet), onderstreep die vryheid van biblioteek- en inligtingsdienste om versamelings te ontwikkel, te onderhou en te versprei - met inagneming van kopieregwetgewing.

### 4.3.3 Gevolgtrekkings

Uit die voorgaande ontleding blyk dat die normatiewe vereistes van Ranganathan van 1931 vir biblioteek- en inligtingsdienste (met enkele aanpassings) vandag nog net so toepaslik is as destyds. In Ranganathan sowel as in Gorman en in Line se vereistes kom die strewe en eis na inligting vir almal sterk na vore. Dit gaan in alle gevalle om die bemagtiging van die

individu en die gemeenskap en die biblioteek word gesien as 'n belangrike instelling in die verbetering van menslike vermoëns en kwaliteite. Biblioteke behoort verder alle vorme waardeur inligting oorgedra word te eksploiteer en moet besef dat inligting daar is ter wille van die gebruik daarvan deur die hele gemeenskap. Uit die voorgaande blyk dit dat die algemene beskikbaarstelling van inligting en die bemagtiging van die publiek om inligting te bekom en te gebruik, 'n wesenlike aspek van die demokrasie en demokratisering is.

## 4.4 FAKTORE WAT BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE BEÏNVLOED

Ten einde biblioteek- en inligtingsdienste te kan evalueer, is dit nodig en nuttig om die faktore wat 'n invloed op die funksionering van biblioteek- en inligtingsdienste het, te ontleed.

Volgens die verslag van die Working Group on the National Libraries of South Africa (hierna Working Group on National Libraries) wat primêr oor nasionale biblioteke handel (maar waarin daar ook aandag aan die biblioteek- en inligtingswese gegee word), is daar veral twee stelle faktore wat biblioteek- en inligtingsdienste beïnvloed, naamlik nie-tegnologiese faktore en tegnologiese faktore (Working Group on National Libraries: 1997). Benewens die genoemde stelle faktore, sal aandag aan die begrip inligtingsamelewing gegee word aangesien dit 'n invloed het op biblioteek- en inligtingsdienste.

### 4.4.1 Nie-tegnologiese faktore

Nie-tegnologiese faktore het betrekking op sosiale, kulturele, politieke, regs- en administratiewe faktore wat een of ander invloed op biblioteek- en inligtingdienste het. Nie-tegnologiese faktore verwys in meer besonderhede na demografiese fasette soos verstedeliking, bevolkingsaanwas en die ouderdomsverspreiding van die bevolking. Die faktore het ook betrekking op opvoedkundige standaarde soos geletterdheidsverskille tussen groepe en kategorieë mense en op ongelykhede tussen groepe en kategorieë. Hierbenewens speel kulturele faktore soos taalverskeidenheid en

kultuurdiversiteite 'n belangrike rol. Die algemene ekonomiese omstandighede is van kardinale belang ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste terwyl konstitusionele en politieke faktore 'n baie groot invloed het op die konteks en die funksionering van die inligtingswese. Politieke faktore sluit uiteraard 'n aspekte soos beleid in. Alhoewel bogenoemde faktore universeel voorkom, sal die kombinasies faktore en die spesifieke invloed daarvan nogtans van land tot land verskil.

In die ACTAG-verslag (1995:10) word dit beklemtoon dat daar in Suid-Afrika groot dispariteite in die toegang tot inligting tussen ryk en arm, wit en swart, en landelike en stedelike bevolkings bestaan. In sommige dele van die land is daar gesofistikeerde infrastruktuur ten opsigte van inligtingverskaffing, maar die grootste deel van die bevolking het nie toegang tot die mees elementêre biblioteek- en inligtingsdienste nie. Nie-tegnologiese faktore het 'n groot rol gespeel wat gelei het tot dié toedrag van sake. Ook die ANC se Departement van Onderwys (ANC, 1995:83) stel dit dat biblioteek- en inligtingsdienste onder die vorige regering se beleid van differensiasie ongelykhede tussen rasse, etniese groepe en klasse vergroot het. Hulle bevinding is dat biblioteekvoorsiening in blanke areas baie gunstig vergelyk met gevorderde geïndustrialiseerde lande, maar in swart woonbuurtes en landelike nedersettings daar weinig sprake was van biblioteek- en inligtingsdienste.

Witbooi (1994:14) onderskei die volgende as faktore wat 'n beperkende invloed op biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika het:

- beperkte en afnemende regeringsteun
- 'n swak ekonomie en 'n gebrek aan voldoende fondse
- 'n gebrek aan 'n nasionale beleid ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste
- 'n hoë graad van ongeletterdheid
- 'n groot verskeidenheid tale
- onvoldoende voorsiening vir landelike en "township"-gemeenskappe.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat verskeie faktore 'n invloed kan hê op 'n land se biblioteek- en inligtingsdienste. Een van die belangrikste faktore is 'n regering se beleid ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste. In Suid-Afrika het die voormalige algemene beleid van rasseskeiding 'n groot rol gespeel in die skepping van die huidige stand van biblioteek- en inligtingsdienste. Dit volg dus vanself dat daar beleid moet wees oor 'n sinvolle publieke toewysing van bronne sodat alle inwoners deur inligting bemagtig kan word.

### 4.4.2 Tegnologiese faktore

Biblioteek- en inligtingsdienste vorm deel van die moderne samelewing en word gevolglik geraak deur die ongelooflike vordering in die moderne tegnologie. Die moderne tegnologie sal dus 'n vanselfsprekende rol ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste speel.

Volgens Birru (1993:370-371) het die inligtingstegnologie, wat 'n kollektiewe term is vir die gebruik van die moderne rekenaar en elektroniese kommunikasie, 'n groot invloed op die manier waarop inligtingswerkers inligting hanteer. Trouens, dit het die tradisionele metode van aanwins, analisering, berging, verspreiding en aanbieding van inligting, totaal verander. Die inligtingstegnologie het inligtingsontsluiting deur middel van databasisse, intydse stelsels en bibliografiese inligting moontlik gemaak.

Tegnologie word in die biblioteek- en inligtingsdiens as hulpmiddel aangewend. Marais (1980:72) wys op die waarde van die rekenaar om groot hoeveelhede inligting te berg, te hanteer, en dit vinnig te herroep en sodoende 'n rol te speel in die beheer oor die groeiende massa inligting. "The development of information technology has greatly enhanced access to information by automating its organisation, storage and retrieval." (Cleveland, 1991:1.) Cleveland (1991:1) beweer dat inligtingstegnologie in heelwat gevalle veroorsaak dat gebruikers effektief en vinnig inligting elektronies kan vind - waardeur handmetodes ver oortref word.

Volgens Poulter (1996:299) is inligtingstegnologie "... devices which store, process and transmit data in digital form ...". Inligtingstegnologie maak dit ook moontlik om inligting oor te dra van die inligtingsryke na onder andere inligtingsarm-lande.

Volgens die verslag van die National Commission on Higher Education se Working Group on Libraries and Information Technology (hierna NCHE) aan die Minister van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie en die Minister van Onderwys (NCHE, 1996) het ontwikkeling in inligting en kommunikasietegnologie biblioteke in staat gestel "... to process, store, retrieve and communicate information in any form (oral, written or visual) unconstrained by distance, time and volume".

Cleveland (1991:1) bevind dat inligtingstegnologie toenemend tot die tendens lei dat daar verder wegbeweeg word van die aanskaf van materiaal (vir plaaslike versamelings) na toegang tot materiaal wat van buite die biblioteekmure verkry kan word. 'n Gevolg is dat toegang tot en die direkte gebruik van primêre bronne deur die eindgebruiker ingeboet word as gevolg van die tegnologiese ontsluiting van bibliografiese inligting.

Die inligtingstegnologie, soos blyk uit die voorafgaande, het die proses van ontsluiting, analisering, berging en tydige beskikbaarstelling van inligting vir die biblioteek- en inligtingsdienste baie vergemaklik. Deur die inligtingstegnologie word faktore wat belemmerend op tydige lewering van inligting kan inwerk, soos afstand en besit, grootliks verminder. Die oorbrugging van afstande vir die konkretisering van 'n reg op toegang tot inligting in Suid-Afrika, is 'n wesenlike faktor waarvoor genoemde tegnologie noodsaaklik is.

### 4.4.3 Die inligtingsamelewing: ontstaan en kenmerke

Dit is belangrik om aan die begrip "inligtingsamelewing" aandag te gee

aangesien daar in die meeste literatuur daarvan melding gemaak word. Aangesien Suid-Afrika deel is van die groter internasionale prentjie, sal die sogenoemde "inligtingsamelewing" ook hier 'n invloed uitoefen.

Dit blyk gou dat daar nie eenstemmigheid onder skrywers is oor wat die inligtingsamelewing en korrekte terminologie is nie. So beweer Martin (1995:1) dat daar geen kriteria ontwikkel is waaraan 'n inligtingsamelewing gemeet kan word nie en wonder hy of die gebrek aan kriteria 'n aanduiding is dat die term inligtingsamelewing nie maar net 'n populêre uitdrukking of slagspreuk geword het nie en hy oordeel dat dit eerder 'n geval van retoriek as van realiteit is. Martin (1995:1-3) glo dat die term inligtingsamelewing altyd 'n simboliese element bevat het. Sy siening van die inligtingsamelewing - ten spyte van konseptuele probleme - is soos volg: "... a society in which the quality of life, as well as prospects for social and economic development, depend increasingly upon information and its exploitation. In such a society, living standards, patterns of wore and leisure, the education system and the marketplace are all influenced markedly by advances in information knowledge".

Benjamin (1997:7) onderskei tussen ontwikkelde lande (die sogenaamde G-7 lande) en ontwikkelende lande (soos Suid-Afrika) se sienings van die inligtingsamelewing. Vir die ontwikkelde lande gaan dit om die bevordering van dinamiese kompetisie en die aanmoediging van private beleggings in die inligtingsamelewing, terwyl dit vir die ontwikkelende lande gaan om die bevrediging van basiese behoeftes, om sosio-ekonomiese ontwikkeling en om die voorsiening van toegang tot dienste en inligting.

Daar word dikwels, wanneer daar van die inligtingsamelewing melding gemaak word, ook verwys na die post- of na-industriële samelewing en soms word na die tydperk waarin die biblioteekwese hom tans bevind, verwys as die "age of information" (Harris & Hannah, 1993:vii). Benjamin (1997:7) beweer dat die term "an Information Community" in Suid-Afrika verkies word aangesien dit die perspektief bring dat inligting tot almal se voordeel aangewend word.

#### *4.4.3.1 Ontstaan van die inligtingsamelewing*

Shillinglaw (1988a:11-12) stel dat die idee van 'n post-industriële gemeenskap dikwels gebruik word as die verwysingspunt vir 'n bespreking van die inligtingsamelewing. Hy voer aan (onder andere op voetspoor van Karl Marx) dat die historiese ontwikkeling van die mens in 'n aantal fases ontvou het, naamlik eerstens die fase van die nomadiese jagter, tweedens die landboufase waarin die meeste mense by die landbou betrokke was, en derdens die industriële fase waarin die grootste deel van die arbeidsmag in die vervaardiging en verspreiding van goedere betrokke was. Hierna het 'n volgende fase ontstaan, naamlik die post-industriële samelewing, of ook meer algemeen bekend as die inligtingsamelewing.

Volgens Harris en Hannah (1993:4-5) het die post-industriële of inligtingsamelewing drie fundamentele dimensies, naamlik die verandering vanaf 'n goedere-produserende tot 'n diens-georiënteerde samelewing, die sentrale rol wat teoretiese kennis speel, en die skepping van nuwe intellektuele tegnologie as sleutel vir stelselontledings en besluitneming.

#### *4.4.3.2 Enkele kenmerke van die inligtingsamelewing*

Shillinglaw (1988:12-13) onderskei die volgende kenmerke van die inligting-samelewing:

- Teoretiese kennis word hoog aangeslaan en word gebruik vir die oplossing van probleme.
- Daar is 'n wetenskaplike benadering tot besluitneming en probleemoplossing.
- Akkurate en betroubare inligting is belangrik.
- Daar bestaan 'n groot verskeidenheid en oorvloed van inligting.
- 'n Goed ontwikkelde infrastruktuur bestaan vir die produksie, verspreiding en gebruik van inligting.

In die inligtingsamelewing word inligting gesien as 'n kommoditeit wat teen 'n prys te koop is. Dit bring natuurlik die kwessie van die inligting wat 'n "public good" is na vore. Indien inligting 'n handelskommoditeit geword het, wat word van die strewe dat inligting vir almal beskikbaar moet wees? (Harris & Hannah, 1993:50). Die vrees is dat die gaping tussen die inligtingsryke en inligtingsarm lande net al hoe groter sal word.

'n Vraag waarvoor die biblioteek- en inligtingsdienste te staan kom, is: wat is die rol van biblioteke in 'n samelewing wat inligting as 'n handelskommoditeit sien, maar ook daarop aanspraak maak dat almal 'n reg op toegang tot inligting het?

## 4.5 BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE IN SUID-AFRIKA

### 4.5.1 Algemene oorsig

Aangesien volledige inligting oor die huidige stand van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika nie vrylik verkrygbaar is nie, sal volstaan word met dit wat wel opgespoor kon word. Sommige van die inligting dateer reeds van 1992 af, maar daar kan aangeneem word dat as gevolg van die huidige beperking op fondse daar nie 'n noemenswaardige uitbouing van biblioteek- en inligtingsdienste sou gewees het nie.

Uit die National Education Policy Investigation-verslag (1992:7) aangaande biblioteek- en inligtingsdienste (voortaan NEPI) is die volgende gegewens verkry met betrekking tot biblioteek- en inligtingsdienste soos dit was aan die einde van 1990. Volgens dié verslag (1992:7) was die stand van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika aan die einde van 1990 soos volg:

- 'n onbekende aantal skoolbiblioteke
- twee nasionale biblioteke
- drie pligleweringsbiblioteke
- vier provinsiale biblioteekdienste wat 670 gemeenskapsbiblioteke en 1029 addisionele dienspunte bedien

- tien onafhanklike munisipale biblioteke
- universiteits-, kollege- en technikon-biblioteke
- spesiale biblioteke
- departementele regeringsbiblioteke
- "nasionale" tuisland-biblioteke.

Hierby moet nog aantal inligtingsentra, administratiewe eenhede en dienspunte (±4000) gevoeg word.

In 1991 is gerapporteer dat daar 9304 persone in die biblioteek- en inligtingsdienste in die formele sektor werksaam was - waarvan 2308 professioneel gekwalifiseerd was (NEPI, 1992:8).

Oppervlakkig gesien lyk dit of die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingstelsel relatief goed gevestig is met 'n verskeidenheid biblioteke wat die behoeftes van verskillende groepe dien. 'n Kernprobleem vir die biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika is nie soseer swak voorsiening van biblioteek- en inligtingsdienste nie, maar die oneweredige verspreiding van dienste. So is bevind dat daar in 1991 in Johannesburg met 'n bevolking van 1 739 000 (NEPI, 1992:37) 37 openbare biblioteke was met 'n gesamentlike boekevoorraad van 1 544 435 teenoor Soweto met 'n bevolking van 2,1 miljoen en sy ses openbare biblioteke en 'n voorraad van 34 500 boeke (NEPI, 1992.23). Daarby sal 'n persoon in verafgeleë landelike gebiede groter probleme ondervind om 'n nabygeleë biblioteek te vind. Daar is bevind dat byna 2 miljoen mense sonder biblioteekgeriewe in woongebiede buite of binne stedelike gebiede leef (Working Group on National Libraries, 1997).

'n Verdere bevinding van die ANC is dat die vorige regering geoordeel het dat staatsinmenging in biblioteek- en inligtingsdienste minimaal moes wees. Dit het tot gevolg gehad dat die bestaande "governance" van die biblioteek- en inligtingsdienste-infrastruktuur gefragmenteer is tussen verskeie owerhede, dat die biblioteek- en inligtingsdienste ongekoördineerd bedryf word en dit

deur ongelykhede gekenmerk word (ANC, 1995:84).

In die genoemde verslag oor nasionale biblioteke (Working Group on National Libraries, 1997) word gestel dat onrealistiese hoë verwagtings van die inligtingstegnologie gekoester word ten opsigte van inligtingsbehoeftes in 'n land soos Suid-Afrika waar armoede 'n groot probleem is. Wat die toekoms betref, moet die rol van bestaande biblioteke en inligtingsentra in die verspreiding van inligting deur opgradering van biblioteke, nie uit die oog verloor word nie.

Ten spyte van al die gebreke, moet toegegee word dat 'n relatiewe goedontwikkelde biblioteek- en inligtingsdienste-infrastruktuur bestaan, wat indien dit geherstruktureer en geheroriënteer kan word, as 'n nasionale bate gesien kan word.

Volgens Lor (1998:7) word ten opsigte van die huidige stand van biblioteek- en inligtingsdienste in die Republiek van Suid-Afrika van orals berigte ontvang van ontstellende agteruitgang. Alhoewel alle berigte nie geverifieer kan word nie, het die Library and Information Association of South Africa (LIASA) geen twyfel dat daar ernstige agteruitgang in die biblioteek- en inligtingsdienste is nie. Inligting oor die tendens in biblioteek- en inligtingsdienste tans in Suid-Afrika is uit die nuusbrief van LIASA verkry en word onder die volgende afdelings bespreek:

#### *4.5.1.1 Mediasentra / skoolbiblioteke*

Verslae is ontvang wat daarop dui dat skoolbiblioteke gesluit, ure ingekort en / of dienste beperk word. So byvoorbeeld berig die Departement van Opvoedkunde in KwaZulu-Natal dat daar geen geld ontvang is vir die aankoop van boeke die afgelope twee jaar nie. Van die 5 400 skole in die provinsie het 900 biblioteke. Slegs 2% van die skole se biblioteke is van voldoende biblioteekmateriaal voorsien. Geen skool het meer voltydse skoolbibliotekarisse nie. Volgens die School Register of Needs Survey het 8 miljoen van Suid-Afrika se 12 miljoen kinders nie toegang tot

biblioteekfasiliteite nie (Lor, 1998:7-8).

#### *4.5.1.2 Openbare Biblioteke*

Leerlinge en studente moet dikwels as gevolg van gebrekkige toegang tot inligting, staatmaak op openbare biblioteke vir hulle inligtingsmateriaal. So word die Natal Society Library (Pietermaritzburg) daagliks gemiddeld deur 4700 persone besoek - waarvan die meeste studente en leerlinge is.

Gewoonlik word openbare biblioteke gesamentlik deur die provinsies en plaaslike owerhede befonds. Dit blyk egter dat hier ernstige probleme ondervind word. So byvoorbeeld word berig dat in die Noordelike Provinsie, met enkele uitsonderings, biblioteke geen boeke sedert 1994 ontvang het nie en dat daar feitlik geen diens meer deur die Provinsiale Biblioteekdiens gelewer word nie. Daar is ook berig dat die Provinsiale Biblioteekdiens nie enige subskripsies op tydskrifte en koerante vir 1998 kon hernu nie. Provinsies soos Noordwes, Noord-Kaap en Oos-Kaap ondervind soortgelyke probleme en dit word aan onderbefondsing toegeskryf. Plaaslike owerhede moes ook besnoei op uitgawes en dit vind neerslag in personeelverminderings, verkorte biblioteekure en selfs die sluit van sommige kleiner biblioteke (Lor, 1998:8-9).

#### *4.5.1.3 Universiteite en Technikons*

Universiteite en technikons vorm die ruggraat van die nasionale boekevoorraad aangesien baie navorsers (ook van buite-instansies) op bronne van hierdie biblioteke deur middel van interbiblioteeklenings staatmaak. Universiteite en technikons is onder groot finansiële stremming en dit beïnvloed ook biblioteke. Die afname in die waarde van die rand het ook 'n groot invloed op aankope deur hierdie biblioteke aangesien 80-90% van hierdie instansies se boeke en tydskrifte ingevoer word. Tussen 1991-1997 het boeke se pryse met gemiddeld 39% en tydskrifte met 136% gestyg (Lor, 1998:9-10).

### *4.5.1.4 Nasionale Biblioteke*

Die funksies van nasionale biblioteke is om bymekaar te maak, te bewaar, rekord te hou en Suid-Afrika se gedokumenteerde erfenis beskikbaar te stel. Die twee nasionale biblioteke bevind hulle in 'n toestand van agteruitgang as gevolg van steeds dalende befondsing. 'n Voorbeeld van die toestand is dat slegs 117 van die 175 poste tans gevul is (Lor, 1998:10).

### 4.5.2 Samevatting

Uit bostaande ontleding van die algemene stand van sake met betrekking tot die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsdienste asook aspekte van werklike en beweerde agteruitgang in dié verband, is dit duidelik dat daar groot ongelykhede - in besonder ten aansien van rasse- en etniese groepe bestaan. Landelike gebiede ondervind 'n groot agterstand ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste terwyl biblioteek- en inligtingsdienste in ander streke van die land vergelykbaar is met dié van gevorderde geïndustrialiseerde lande. Biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika word enersyds gekenmerk deur inligtingvoorsiening deur middel van moderne tegnologie aan hoofsaaklik akademiese, besigheids- en wetenskaplike groepe en andersyds deur 'n baie elementêre of nie-bestaande inligtingsdiens ten opsigte van die grootste deel van die bevolking. Dit blyk dat daar nie 'n beheerliggaam bestaan wat alleenlik en eksklusief verantwoordelik is vir biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika nie, aangesien die vroeëre Nasionale Adviserende Raad vir Biblioteek en Inligtingsdienste deur die vorige regering ontbind is. Biblioteek- en inligtingsdienste word dus bedryf deur 'n verskeidenheid owerhede. Dit het tot gevolg dat daar 'n gebrek aan sentrale beplanning en beleidsformulering ten opsigte van biblioteek- en inligtingsdienste is - met gepaardgaande negatiewe gevolge vir biblioteek- en inligtingsdienste. Sekere van bogenoemde faktore het veroorsaak dat daar van die individu se reg op inligting in baie gevalle in die praktyk weinig ter sprake kom, aangesien toegang tot biblioteek- en inligtingsdienste in sommige gebiede 'n groot probleem is. 'n Tekort aan fondse en die daarmee

gepaardgaande aandrang op verhaling van koste van die gebruiker, veroorsaak dat inligting al hoe meer 'n eksklusiewe kommoditeit raak en die gaping tussen arm en ryk vergroot ten opsigte van toeganklikheid tot inligting. Dit skep uiteraard weer 'n elitistiese gebruikersgemeenskap.

## 4.6 BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE EN STAATSINLIGTING

### 4.6.1 Algemene oorsig: staatsinligting en die rol van die staat

Vervolgens word aandag gegee aan die verskaffing, beskikbaarheid en probleme verbonde aan die voorsiening van staatsinligting ten opsigte van reg op toegang tot staatsinligting. Daar is reeds in hoofstuk 2 aandag gegee aan die konsepte staatsinligting, regeringsinligting en openbare inligting.

Wanneer die beskikbaarstelling van staatsinligting ter sprake kom, is dit logies dat die regering van die dag as die hoofrolspeler die omvattende verantwoordelikheid moet aanvaar ten opsigte van dié inligting. In 'n praktiese sin moet die rol van die regering nie net neerkom op dié van kontrole oor die inligting nie, maar moet dit eerder gefokus wees op fiskale ondersteuning en koördinasie (Edwards, 1994:2).

Volgens (Hernon & McClure, 1984:46) is die staat se verantwoordelikheid in die bestuur van die inligting onder andere die versameling, produksie, beskerming, beskikbaarstelling en verspreiding van inligting sowel as die toeganklikmaking van inligting. Die regering se beleid ten opsigte van die bestuur van staatsinligting sal dus 'n groot rol in die beskikbaarheid van bogenoemde inligting speel.

Die verantwoordelikheid van die staat ten opsigte van staatsinligting in die Verenigde State van Amerika word deur die volgende vyf beginsels van die Amerikaanse staatsdrukker bevestig (Morehead, 1997:229):

- Die publiek het die reg tot toegang tot staatsinligting.
- Die regering het die plig om inligting te versprei en om publieke toegang

tot inligting te verseker.

- Die regering het 'n plig om die outentiekheid en integriteit van sy inligting te waarborg.
- Die regering het 'n plig ter bewaring van staatsinligting.
- Staatsinligting wat gegenereer of saamgestel is deur die regering, moet in die publieke domein beskikbaar bly.

Die vrystelling van staatspublikasies geskied in geskrewe en in toenemende mate in elektroniese formaat. Volgens Morehead (1997:229) behoort die geskrewe formaat nie ten koste van die elektroniese formaat weggelaat te word nie. Volgens hom het die gedrukte formaat die voordeel dat dit toeganklik en vervoerbaar is (Morehead, 1997:237). Hy is van oordeel dat die geskrewe formaat steeds die beste kans op bewaring het. In die Verenigde State van Amerika word daar sedert die promulgering van die *Electronic Information Enhancement Act* in 1993, meer as twee miljoen staatsdokumente maandeliks deur gebruikers elektronies afgelaai. Hollis (1997:32) sien dié ontwikkeling so dat al hoe minder publikasies in die toekoms in standaard of geskrewe formaat vrygestel sal word. Dit kan daartoe lei dat die gemiddelde burger in staat sal wees om die gewone manier (dit wil sê deur staatsbiblioteke te raadpleeg) van toegang tot staatsinligting te systap mits lede van die publiek die finansiële, tegniese en kundige toerusting het. In die Verenigde State van Amerika is volgens Hollis (1997:33) vordering gemaak ten opsigte van die standaardisering van staatsinligting in elektroniese formaat. So bevat tuisbladsye van die meeste staatsdepartemente onder andere inligting oor die departement se missie, die organisasiekultuur, die samestelling van die depot, 'n katalogus van publikasies en dienste wat die departement lewer. As gevolg van die gebrekkige beskikbaarheid van rekenaars en sagteware vir die gewone burger, meen Hollis (1997:32-33) egter dat (ten spyte van die koste daaraan verbonde), die gedrukte sowel as die elektroniese formaat beskikbaar moet wees.

### 4.6.2 Probleme ten opsigte van staatsinligting in Suid-Afrika

In Suid-Afrika kan staatspublikasies verkry word van die Staatsdrukker teen 'n minimale koste, byvoorbeeld R4-00 vir die HOP-witskrif. Dit kan ook gratis van die staatsdepartement wat betrokke is by die inligting verkry word. Verder is daar verskeie instansies wat staatsinligting beskikbaar stel op die Internet. 'n Voorbeeld hiervan is die ANC wat op die stadium poog om die belangrikste staatsinligting gratis beskikbaar te stel deur hulle tuisblad. Regsmateriaal en staatsinligting word deur instansies op die World Wide Web vrygestel maar dan meestal teen 'n inskrywingsfooi. Voorbeelde hiervan is Sangonet, Labournet, Legal Information Systems, Jutastat, Butterworths en Sabinet. Die feit dat die inligting geredelik beskikbaar is op die Internet, maar dat 'n persoon toegang tot 'n rekenaar moet hê, kundig moet wees ten opsigte van die Internet en in sommige gevalle moet inteken by 'n verskaffer, maak die inligting al hoe meer eksklusief. Volgens Cillié (1995:5) is die staat die grootste produseerder van inligting in die land en speel hierdie inligting 'n groot rol in die ontwikkeling van die land, maar die inligting moet toeganklik en beskikbaar wees wanneer dit benodig word.

Die probleem ten opsigte van staatsinligting is nie 'n tekort aan inligting nie, maar dat toegang tot sommige inligting onvoldoende is (Cillié, 1994:4). Staatsinligting is dikwels onderbenut en die waarde van die inligting word dikwels onderskat as gevolg van onder andere swak publisiteit en bemarking, onvoldoende voorrade en onvoldoende bibliografiese kontrole (Lor, 1995b:3). Benewens bogenoemde faktore voeg Cillié (1995:7) die volgende faktore by wat lei tot die onderbenutting van staatsinligting: staatsdepartemente kom nie altyd hul verpligting ten opsigte van die *Wet op Pliglewering* na nie; internasionale standaarde ten opsigte van publikasies word nie nagekom nie; daar bestaan 'n gebrek aan 'n sentrale verspreidingspunt; negatiewe en gebrekkige kennis in verband met staatsinligting bestaan by die algemene publiek; en daar is 'n onbevredigende hantering van staatsinligting deur sommige bibliotekarisse in bepaalde staatsdepartemente.

Volgens 'n opname onder respondente oor probleme in verband met staatsinligting is die volgende deur die respondente geïdentifiseer as sake waaraan aandag gegee behoort te word in 'n strewe na 'n beter benutting van staatsinligting (Cillié, 1995:9-10):

- die kwaliteit van die voorkoms van staatsinligting;
- die beperking van kostes deur middel van borgskappe en/of advertensiewerwing;
- die beskikbaarheid van staatspublikasies in alle tale;
- volledige rekordhouding en verslagdoening in verband met departementele aktiwiteite en wetgewing;
- die inligtingsbehoeftes van die algemene publiek;
- die gebruikersvriendelikheid van staatspublikasies;
- die verbetering van die leesbaarheid van inligting - veral vir gebruikers in ontwikkelende lande;
- die sentrale beskikbaarheid en verspreiding van staatspublikasies;
- die koördinering van nasionale en provinsiale staatspublikasies;
- die beskikbaarstelling van staatsinligting deur die privaatsektor op CD-ROM;
- die konsultering van die privaatsektor oor behoeftes wat bestaan.

Gesien die belangrikheid van staatspublikasies vir Suid-Afrika en die toeganklikheid tot staatsinligting vir alle inwoners, behoort daar indringend aan bogenoemde aanbevelings aandag gegee te word (Van As, 1995:33).

Uit die voorgaande ontleding blyk dit dat die staat meganismes in werking sal moet stel (onder andere deur middel van wetgewing, beleid en die voorsiening van die nodige finansies) om die reg op toegang tot inligting ten volle te ontwikkel. Elektroniese beskikbaarstelling van staatspublikasies kan die las ten opsigte van bewaring, ontsluiting en verspreiding vir staatsdepartemente verlig. Standaardisasie en koördinering in die skep van tuisbladsye by die aanbieding van staatsinligting sal 'n hoë prioriteit moet

wees.

## 4.7 SLOT

Uit die ontleding van die algemene rol van biblioteek- en inligtingsdienste met betrekking tot inligtingsverskaffing en die faktore wat 'n rol speel in die verband en in hoeverre biblioteek- en inligtingsdienste tans in Suid-Afrika aan die eise beantwoord, blyk dit dat Suid-Afrika deel is van die inligtingsamelewing met die gepaardgaande implikasies en verpligtinge wat dit vir so 'n samelewing meebring. Dit blyk ook dat biblioteke se funksies tans nie veel verskil van die norme wat deur Ranganathan vir die biblioteekwese daargestel is nie. Dit is ook duidelik dat vanweë ekonomiese omstandighede brondeling (resource-sharing) al hoe belangriker word - ook omdat versamelingbou finansieel beperk word. Wat versamelingbou betref, val die klem al hoe meer op "just-in-time" teenoor die "just-in-case"-benadering. Die beginsel van toegang tot inligting is in alle opsigte van toepassing op die biblioteekwese. Die kwessie van toegang vir die algemene publiek tot inligting, bring die probleem van kostes verbonde aan die verskaffing van inligting na vore. Indien Suid-Afrika en Afrika se ekonomiese toestande aanhou agteruitgaan, word die gevaar van informasie-élitisme 'n al hoe groter moontlikheid - juis dit wat die beginsel en beleid van publieke toegang tot inligting wil vermy. Vanweë ekonomiese redes is dit duidelik dat koördinasie en samewerking tussen staatsdepartemente, privaatdrukkers, die Staatsdrukker en bibliotekarisse van die allergrootste belang is indien die waarde van staatspublikasies ten volle deur die publiek besef en benut sal kan word. Sonder publieke toegang tot inligting sal daar van die vestiging van 'n kultuur van demokratisering en seggenskap ten opsigte van die land se bestuur en hulpbronne, weinig tot stand kom. In dié verband speel verskeie sosio-kulturele faktore 'n groot rol. Dit blyk ook dat die slagspreuk "inligting is mag" toepaslik vir die Suid-Afrikaanse samelewing is maar dit sal vereis dat inligting bestuur moet word.

# HOOFSTUK 5

# DIE ROL VAN BIBLIOTEKE IN DIE KONKRETISERING VAN 'N REG OP TOEGANG TOT INLIGTING

## 5.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om moontlikhede vir die praktiese uitvoering van 'n reg op toegang tot inligting deur biblioteke te ondersoek. Wetgewing wat hier van belang is, is *die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996, die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 en die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98 - wat eers in 1998 na die Nasionale Vergadering verwys is). Veral die *Wet op Pliglewering* kan nuwe moontlikhede en verantwoordelikhede vir die biblioteek- en inligtingsdienste open met die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke.

Daar word in hierdie hoofstuk eerstens aandag gegee aan die Amerikaanse stelsel wat as voorbeeld gedien het vir voorstelle vir amptelike publikasiebewaarplekke en wetgewing daaroor. Tweedens word geargumenteer dat die *Wet op Pliglewering* stipuleer dat die Minister van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, op aanbeveling van die LUR verantwoordelik vir biblioteke, ten minste een plek van pliglewering in elke provinsie moet aanwys. In artikel 6(g) van die *Wet op Pliglewering* word na 'n plek van pliglewering verwys as 'n "biblioteek of instansie" soos voorgeskryf deur die Minister. Gevolglik sal 'n saak uitgemaak word vir die huisvesting van amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke en nie in ander instansies nie.

Derdens word ook aandag gegee aan aanbevelings vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke en die praktiese uitvoering en die koördinering van alle rolspelers. In die verband word ook aandag gegee aan metodes om amptelike publikasiebewaarplekke bekend te stel en die bewustheid van die waarde van amptelike publikasies by die publiek te bevorder.

## 5.2 DIE FEDERAL DEPOSITORY LIBRARY PROGRAM VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Aangesien Suid-Afrika se amptelike publikasiebewaarplekke na aanleiding van die Amerikaanse stelsel beplan word en daar ook reeds 'n seminaar in samewerking met die Verenigde State van Amerika se Informasiediens (USIS) en die Staatsbiblioteek gehou en deur die USIS geborg is, word die Verenigde State van Amerika se Federal Depository Library Program (voortaan FDLP) kortliks bespreek.

### 5.2.1 Ontstaansgeskiedenis van die FDLP

Die FDL-program het formeel sy ontstaan in die laat 1850's gehad toe die verantwoordelikheid vir die verspreiding van kongrespublikasies na die Departement van Binnelandse Sake oorgedra is. Die Sekretaris van Binnelandse Sake kan instansies aanwys vir die gratis ontvangs van staatsinligting (Hernon & McClure, 1984:3). In 1962 is die *Depository Library Act* aanvaar waarin gestipuleer is dat staatsinligting wat aan depots verskaf word, gratis aan die publiek beskikbaar gestel moet word. Die potensiële aantal depots is vergroot en die kategorieë materiaal vir depots is uitgebrei en twee streeksdepot-biblioteke per staat is goedgekeur, terwyl die meerderheid depots kon kies watter staatsinligting hulle wil hê en dit dan na vyf jaar mag verwyder in oorleg met die streeksdepots. Sedert 1962 het die aantal depot-biblioteke drasties toegeneem. So was daar in 1971 1 084 depot-biblioteke teenoor die 1 373 aan die einde van Junie 1983. (Hernon & McClure, 1984:4). Die aantal biblioteke wat as depots geregistreer is, het gestabiliseer op ± 1 400 (Federal Depository Library Program:1998).

### 5.2.2 Beginsels en voorwaardes waarop die FDLP gebaseer is

Die Amerikaanse Kongres het die volgende drie beginsels vasgestel vir die FDL-program (Lor, 1995a:15):

- Met uitsondering van sekere publikasies sal alle Amerikaanse staatspublikasies aan die program beskikbaar gestel word.

- Amptelike publikasiebewaarplekke sal in elke staat van die Verenigde State van Amerika gevestig word sodat staatsinligting wyd beskikbaar kan

wees.

- Hierdie staatspublikasies sal gratis vir die algemene publiek beskikbaar wees.

Beginsels wat ten grondslag lê aan die FDLP bepaal ook die beginsels vir die praktiese uitvoering van die program soos vasgestel deur die Interassociation Working Group on Government Information Policy (IAWG). Die beginsels is onder meer dat biblioteke aansoek doen om as 'n depot te dien en daarmee instem om vrye toegang tot die biblioteek te verleen. 'n Biblioteek kan as 'n depot deur 'n senator of lid van die Huis van Verteenwoordigers of kragtens wetgewing (byvoorbeeld regsbiblioteke van regskole) aangewys word. Elke biblioteek is geregtig om inligting te kies wat sy gebruikers tevrede sal stel en in so 'n formaat te verskaf wat die beste aan die doel van die aansoeker sal voldoen. Hierbenewens moet departemente en agentskappe, in konsultasie met hulle gebruikers, die publikasieformaat en inhoud bepaal. Streeks- of regionale depots onderneem langtermyn toegang tot en bewaring van informasie vir huidige en toekomstige gebruikers. Hulle moet ook 'n naslaan- en inligtingsdiens bied aan die ander depots en inligting per interbiblioteeklening beskikbaar stel. Staatsdienswerkers en verkieslik alle individue moet opgelei en opgevoed word ten opsigte van hulle regte en verpligtinge in verband met bestaande inligtingswette. Die publiek moet die geleentheid kry om betekenisvolle bydraes tot besluite in verband met staatsinligting te lewer (Abbott-Hoduski, 1997:13-14).

Daar word egter bepaalde voorwaardes gestel waaraan biblioteke moet voldoen om as amptelike publikasiedepots te kwalifiseer. Van die voorwaardes is onder andere dat biblioteke in staat moet wees om akkommodasie en dienste te kan bied; die biblioteke moet in 'n area wees wat nie alreeds bedien word deur 'n ander depot nie, en dit moet algemeen toeganklik wees en nie toegangsgelde vra nie. Hierdie biblioteke moet maklik bereikbaar en toeganklik vir gestremdes wees. Biblioteke moet die basiese versamelings federale dokumente aanhou en moet addisionele materiaal kies wat hulle area sal dien. Versamelings moet georganiseer en in stand gehou word en dit wat ontvang word, moet minstens vyf jaar gehou word (Lor,

1995a:16).

Nuwe depot-biblioteke wat aanbeveel of aangewys word, kan nie bestaandes vervang nie. 'n Bestaande depot kan van sy status as depot-biblioteek ontneem word indien die betrokke depot-biblioteek vind dat hy nie die wetlike verpligtinge kan nakom nie of indien die betrokke biblioteek nalaat om sy pligte ten opsigte van amptelike publikasies na te kom. In die eerste geval kan die betrokke biblioteek vra om ontheffing as depot-biblioteek en in die tweede geval mag die Superintendent van Dokumente sodanige status van 'n biblioteek termineer (Library Program Service, 1992).

Om biblioteke te help met die uitvoering van hul pligte word volledige instruksies en handleidings verskaf. Hierdie instruksies en hulpmiddels word jaarliks, of indien nodig, meer dikwels hersien. Dié instruksies is tans ook elektronies beskikbaar. Voorbeelde van wat op die Internet gevind is, is onder andere Designation Handbook for Federal Depository Libraries, 1998; General Guidelines for Disposition of US Government Depository Publications, Guidelines for the Federal Depository Library Program, Instructions to Depository Libraries. Alle materiaal is geproduseer deur die United States Government Printing Office: Federal Depository Library Program en bevat almal die logo wat dit kenmerk as amptelike publikasies (vgl. in hierdie verband http://www. du.edu/~ttyler/).

Ten spyte van 'n goed deurdagte stelsel en ook hulp en leiding aan amptelike publikasiebewaarplekke, is daar tog swakpunte en probleme geïdentifiseer. Hernon en McClure (1984:316-317) vat dit soos volg saam:

- Daar bestaan dikwels tekorte aan personeel, fisiese fasiliteite en begrotings.
- Dokument-bibliotekarisse is dikwels nie opgelei nie.
- Substansiële verskille kom in die kwaliteit van biblioteke se naslaan en inligtingsdienste voor
- Daar bestaan 'n gebrek aan kundigheid om die dienste te bemark en bekend te stel.
- Die oneffektiewe gebruik van tegnologie en swak toerusting veroorsaak

frustrasie.

- 'n Hele aantal biblioteke kies minder as die aanbevole 25% van die publikasies wat beskikbaar is.
- Sommige biblioteke verkry hul status as depot-biblioteke hoofsaaklik sodat hulle sekere publikasies gratis kan bekom.

In teenstelling met bogenoemde probleme, word in die Designation Handbook for Federal Depository Libraries (1998) 'n aantal positiewe kenmerke van suksesvolle biblioteek-depots geïdentifiseer. Suksesvolle depot-biblioteke het 'n sterk wil om die publiek te dien en is daarom gewoonlik uitstekende depots vir staatsinligting. Deelname aan die FDLP impliseer investering van finansiële, fisiese en personeelhulpbronne. Biblioteke moet dit besef en nie net aansluit ter wille van die kans om gratis boeke of om die status verbonde aan 'n depot-biblioteek te verkry nie. Biblioteke wat nie té gespesialiseerd is nie en wat materiaal ontgin oor 'n aantal algemene onderwerpe waarin die publiek belangstel, vaar gewoonlik goed as depot-biblioteke. Daar is ook gevind dat biblioteke wat in 'n groot of groeiende bevolkingsgroeipunt geleë en maklik uit verskeie areas bereikbaar is, gewoonlik goed ondersteun word (Federal Depository Library Program, 1995).

### 5.2.3 Elektroniese toegang tot staatsinligting

In 1993 is die *Government Printing Office Access Act* aanvaar. Hierdie wet maak voorsiening vir intydse toegang tot staatsinligting deur die publiek. Die meeste van die Kongres se publikasies word elektronies deur die Internet vrygestel. So word die maandelikse katalogus van die Verenigde State van Amerika se staatspublikasies intyds vrygestel met adresse of URL's (Universal Resource Locators) vir direkte toegang deur die publiek. Die *Government Printing Office Access Act* het ook basiese dokumente voorgeskryf wat elektronies vrygestel word waaronder die Grondwet, wette, wetsontwerpe, statistieke en debatte (Abbott-Hoduski, 1997:13). Abbott-Hoduski (1997:12) beklemtoon dat afgeleë en afgesonderde gemeenskappe via die Internet gehelp word om inligting te bekom.

Die depot-biblioteke dien as 'n primêre bron vir die voorsiening van staatspublikasies en inligting aan die bevolking. Plaaslike besigheidsmense,

navorsers, studente en gewone burgers steun hierdie biblioteke vir belangrike staatsinligting. Deur 'n effektiewe diens te lewer, word die ekonomiese omstandighede van die omgewing en die kwaliteit van lewe van heelwat mense verbeter (Federal Depository Library Program, 1995).

## 5.3 MOTIVERING VIR DIE VESTIGING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIEBEWAARPLEKKE IN BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA

Die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 maak voorsiening vir die vestiging van minstens een amptelike publikasiebewaarplek in elk van Suid-Afrika se provinsies. Hierdie amptelike publikasiebewaarplekke sal deur die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie en op aanbeveling van die LUR verantwoordelik vir biblioteke aangewys word. Die bepaling is soos volg in artikel 6(2)(a) bewoord: "... wys minstens een plek van pliglewering in elke provinsie aan om as 'n bewaarplek vir amptelike publikasies te dien ...". In die woordomskrywingsartikel van die wet in artikel 6, word "plek van pliglewering" beskryf as "'n biblioteek of instelling".

Ten spyte van die feit dat die LUR vir Biblioteke 'n aanbeveling maak oor die aanwys van 'n amptelike publikasiebewaarplek, kan (volgens bogenoemde definisie en aanhaling) nie sonder meer aanvaar word dat 'n amptelike publikasiebewaarplek in 'n biblioteek gevestig sal word nie. Die klem in die toepaslike bewoording val op "een plek van pliglewering" en verder word gestel dat 'n amptelike publikasiebewaarplek gehuisves word in 'n biblioteek of instelling. Hieruit blyk duidelik dat die wetgewer die opsies oophou oor die plek waar amptelike publikasiebewaarplekke gevestig kan word. 'n Amptelike publikasiebewaarplek kan dus in enige gebou geplaas word waar daar nie toegangsbeperkings is nie. Hier kan gedink word aan poskantore, winkelsentrums en gemeenskapsentrums. Daar kan geredeneer word dat veral in verafgeleë gebiede waar biblioteke nie bestaan nie, daar darem gewoonlik 'n poskantoor of polisiekantoor bestaan wat vir die publiek toeganklik is.

Vir die biblioteekprofessie is hier 'n gulde geleentheid om 'n belangrike bydrae tot die demokratisering van die gemeenskap te lewer. Vryheid van inligting en

toegang tot inligting gaan hand aan hand. Biblioteke kan deur deelname aan die amptelike publikasiebewaarplekstelsel 'n skakel en 'n meganisme wees om te verseker dat amptelike publikasies vir die publiek beskikbaar is. Biblioteek- en inligtingsdienste sal owerhede moet oortuig dat biblioteke die beste plek vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke is.

In die Draft Report of the Interministerial Working Group on the Library and Information Services (hierna Draft Report) in verband met biblioteek- en inligtingsdienste wat voorgelê is aan die Minister van Onderwys en aan die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, word die volgende as missie van die biblioteek- en inligtingsdienste gestel (Draft Report : 1996):

> "The mission of library and information services in South Africa is to support and stimulate the socio-economic, educational, cultural, scientific and informational development of all communities in the **country by providing access to levels of information for all, and raise the levels of information awareness** (eie beklemtoning) and information literacy of all our people".

'n Aantal waardes is ook deur dié Werkgroep geformuleer om alle rolspelers in biblioteek- en inligtingsdienste te help met die uitvoering van 'n beleid, visie en missie vir biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika. Hierdie waardes behels onder andere die gelyke en effektiewe toegang tot inligting as 'n fundamentele reg vir alle Suid-Afrikaners; vrye toegang tot basiese inligting (wat staatsinligting insluit) as 'n fundamentele vereiste vir die opbou van 'n demokratiese gemeenskap; toegang tot inligting as 'n noodsaaklikheid met die oog op lewenslange onderwys en bemagtiging van die Suid-Afrikaanse burger, en die gebruik van 'n buigsame inligtingstruktuur wat rekening met die vinnig veranderde inligtingstegnologie hou.

Bogenoemde waardes sowel as die missie-stelling is in volkome ooreenstemming met die Grondwet, die *Wet op Oop Demokrasie* en die *Wet op Pliglewering*. Dit onderstreep biblioteek- en inligtingsdienste se onderneming tot die dien van die gemeenskap deur inligting, die bemagtiging van die gemeenskap deur toegang onder andere tot staatsinligting, en die bewusmaking van die publiek van die waarde van die amptelike publikasies.

Die doel van amptelike publikasiebewaarplekke word in die *Wet op Pliglewering* in artikel 7(4) soos volg gestel:

> 'n Bewaarplek vir amptelike publikasies moet:
>
> (a) as 'n sentrum dien vir die bevordering van openbare bewustheid van, en toegang tot amptelike publikasies en inligting gehou deur die regering en die instellings gelys ingevolge artikel 3 van die *Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite,* 1992 (Wet No. 93 van 1992); en
>
> (b) openbare toegang tot databasisse en ander inligtingsbronne verleen waartoe die publiek kragtens enige wet kan verkry.

Bogenoemde doelstellings van amptelike publikasiebewaarplekke is in ooreenstemming met die missiestelling van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika en onderstreep die argumentasie dat amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke tuishoort.

Uit die argumente van verskeie outeurs kan verskeie ander argumente afgelei word waarom amptelike publikasiebewaarplekke ten beste in biblioteke tuishoort:

1. Staatspublikasies het unieke probleme ten opsigte van katalogisering, indeksering en die ontsluiting daarvan. Bibliotekarisse is ingelig en opgelei in die kuns van ontsluiting van alle media. Daarom sal biblioteke in samewerking met staatsdepartemente die amptelike publikasies by die publiek kan uitbring (Cillié, 1995:6).

2. Biblioteke is nog altyd onder andere gesien as sentrums vir kulturele en opvoedkundige aktiwiteite. Voorbeelde is vakansieprogramme wat vir kinders aangebied word, praatjies wat gehou word oor allerlei onderwerpe, uitstallings van boeke en kunswerke, die gebruik van lokale vir besprekings en die beoefening van stokperdjies. Die biblioteke kan as amptelike publikasiebewaarplekke hulle kulturele en opvoedkundige missies verder uitbrei aangesien biblioteke gerat is daarvoor (Abbott-Hoduski, 1997:12).

3. Die sogenaamde neutrale status van die biblioteek by die publiek, lei

daartoe dat mense dikwels daar kom om inligting en raad te kry in plaas van om na ander instansies te gaan. Daarby is die biblioteek aan die publiek bekend en voel hulle hulle tuis in 'n publieke domein (Abbott-Hoduski, 1997:12). Berry (1997:6) sê die volgende oor die geskiktheid van die biblioteek en bibliotekaris in die verspreiding van inligting: "Librarianship may not be the only profession duty-bound to pursue and advocate the peoples' right to all the information, but it is the least tainted one. People don't trust politicians, journalists or commercial information vendors to tell it all. Only libraries and librarians can carry out this difficult, sometimes dangerous, but crucial mission."

4. Omdat die personeelsamestelling van biblioteke grootliks verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling is, behoort gebruikers hulle oor die algemeen tuis te voel in biblioteke - ook sover dit die aanvra en verskaffing van staatsinligting betref (Edwards, 1994:2). Hierbenewens is openbare of gemeenskapsbiblioteke oop vir almal en daar is nie toegangsprobleme nie. Biblioteke hou bronne soos indekse en kommentare aan wat dit makliker maak om bykomende inligting te bekom.

5. Die meeste biblioteke is goed voorsien en op hoogte van elektroniese stelsels en gepaardgaande ontwikkelinge. In die meeste gevalle is bibliotekarisse goed opgelei om inligting deur middel van die elektroniese hulpmiddels te verkry. Die bibliotekaris vervul hier die rol van 'n padaanwyser op 'n hoofweg. Moontlik sou die gebruiker ook die inligting self bekom het, maar met veel meer moeite en tyd (Tyobeka, 1997:3).

Uit die algemene literatuur oor biblioteek- en inligtingsdienste, is die volgende bykomende motiverings vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke deur skrywer afgelei:

1. Biblioteke se kerntaak is inligting en biblioteke speel nog altyd 'n groot rol in die verspreiding van inligting.

2. Oor die algemeen het biblioteke personeel wat opgelei is om mense en hulle behoeftes te verstaan en hulle werk daagliks met mense en hul

inligtingsbehoeftes. In sommige biblioteke is daar reeds vakbibliotekarisse en daar kan met relatief min koste en arbeid personeel van bestaande biblioteke opgelei word as vakbibliotekarisse wat spesifiek met amptelike publikasies werk.

3. Biblioteekpersoneel is ervare en gespesialiseerd in die opbou, beskerming en bewaring van die genoemde tipe materiaal - wat nie sonder meer die geval sal wees met alternatiewe tipe bewaarplekke nie. Biblioteekbewaarplekke sal dus makliker probleme met betrekking tot oningeligtheid en onkundigheid ten opsigte van die bewaring van die staat se eiendom oorbrug.

4. Biblioteke bestaan reeds in die meeste dorpe en stede. Dit sou onnodige koste meebring en selfs verwarring veroorsaak indien staatsinligting by alternatiewe instansies verkry moet word.

5. Biblioteke verskaf, na aanleiding van navrae deur gebruikers, 'n bykomende verwysingsdiens na ander instansies vir verdere hulp en inligting. Gevolglik kan 'n goed opgeleide en bekwame dokumente-bibliotekaris, die nodige bykomende hulp en verwysings gee.

6. Biblioteke word befonds deur die belastingbetaler. In dié opsig is dit dus gepas en ook reg dat die belastingbetaler se geld teruggeploeg word. Die landsburger word bemagtig deur die gebruik van amptelike inligting.

7. Biblioteke is ingeskakel by 'n stelsel waardeur daar sekuriteit, ondersteuning, kundigheid en befondsing verkry word. Biblioteke sukkel dus nie elk op sy eie aan nie maar is geregtig op en ontvang ondersteuning en wederkerige inligtingverskaffing binne die breër kader van die biblioteek- en inligtingsdienste.

## 5.4 VOORSTELLE VIR DIE VESTIGING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIEBEWAARPLEKKE IN BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA

### 5.4.1 Agtergrond tot die 1997-seminaar oor amptelike bewaarplekke

#### *5.4.1.1 Inleiding*

In 1997 is vir die eerste keer aanbevelings gemaak oor die praktiese implementering van amptelike publikasiebewaarplekke in Suid-Afrika. Dit het plaasgevind tydens 'n seminaar wat geborg is deur die Amerikaanse Inligtingsdiens (USIS) en die Staatsbiblioteek en die Komitee van Pligleweringsbiblioteke (Bolt, 1997:1). Die begin van hierdie ontwikkeling in Suid-Afrika se biblioteek- en inligtingsdiens, is te vinde in die aktiwiteite van die 1995-seminaar in Pretoria met die onderwerp: Seminar on improving the impact of government information in South Africa. Hierdie seminaar sou later blyk van groot belang te wees vir die toekomstige rol van biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika met die oog op demokratisering en die toegang tot staatsinligting.

#### *5.4.1.2 Die aanloop tot die 1997-seminaar oor amptelike publikasiebewaarplekke in Suid-Afrika*

Tydens die 1995-seminaar het Lor (1995b:3) dit gestel dat die seminaar as geleentheid gebruik moet word om faktore wat daartoe lei dat Suid-Afrikaanse staatsinligting nie optimaal benut word nie, te identifiseer en 'n verbetering aan te bring. By hierdie seminaar is daar verskeie lesings aangebied onder andere oor die beskikbaarheid van staatsinligting, standaarde vir staatsinligting, pliglewering, uitruilooreenkomste en 'n lesing oor die Amerikaanse staatspublikasiestelsel. In 'n voordrag gelewer deur Lor (1995a:15-19) het hy die moontlikheid gestel dat ten einde staatspublikasies meer geredelik beskikbaar te stel aan die publiek, 'n stelsel soortgelyk aan dié van die Verenigde State van Amerika ingestel behoort te word. Sedertdien was daar heelwat verwikkelinge en na samesprekings tussen Lor van die Staatsbiblioteek en Switzer van die United States Information Service (USIS) is besluit om 'n kundige op die gebied van die amptelike

publikasiebewaarplekstelsel uit die Verenigde State van Amerika na Suid-Afrika te nooi. Die resultaat was 'n seminaar waarvan die doel was om die konsep van amptelike publikasiebewaarplekke in Suid-Afrika bekend te stel en om konkrete voorstelle te formuleer vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke.

Tydens die seminaar is die volgende sake bespreek: die aanwysing van amptelike publikasiebewaarplekke; die seleksie van amptelike publikasies ten opsigte van amptelike publikasiebewaarplekke; die aanwins en prosessering van amptelike publikasies; personeel en opleiding, finansiële reëlings en verpligtinge. Na elk van die besprekings is 'n werkgroep saamgestel om verdere ondersoek in te stel en teen 'n vasgestelde datum terug te rapporteer. Die werkgroepe is later vervang deur 'n konsultant. Ten tye van die skryf van die skripsie in September 1998, was die verslag van die konsultant afgehandel en in besit van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie maar nog nie algemeen vrygestel nie (Bolt, 1998).

### 5.4.2 Besprekingspunte tydens die 1997-seminaar oor amptelike publikasiebewaarplekke

#### *5.4.2.1 Aanwysing van amptelike publikasiebewaarplekke*

In Suid-Afrika is die Minister van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie en die LUR vir Biblioteke in elke provinsie verantwoordelik vir die aanwys van die amptelike publikasiebewaarplekke.

Tydens die bespreking is onder andere aanbeveel dat daar handleidings beskikbaar gestel moet word aan belanghebbende partye, naamlik die Nasionale Biblioteek, die pligleweringsbiblioteke, akademiese biblioteke en die provinsiale biblioteekdiens van elke provinsie. Hierdie instansies asook die sentrale, provinsiale en munisipale regerings moet betrek word in die proses van aanwysing van amptelike publikasiebewaarplekke aangesien dié owerhede verantwoordelik sal wees vir sekere finansiële verpligtinge. Dit is verder belangrik om die verkose amptenare bewus te maak van die belang van amptelike publikasiebewaarplekke sodat fondse bewillig sal kan word. Dit is 'n vereiste dat amptelike publikasiebewaarplekke toeganklik moet wees vir almal en dat 'n betrokke gekose biblioteek oor 'n tradisie van diens aan die

publiek moet beskik. Biblioteke wat oorweeg kan word, is publieke, regs- en provinsiale biblioteke. Inligting behoort aan alle groot biblioteke verskaf te word sodat ingeligte besluite geneem kan word. Die Staatsdrukker in Pretoria moet inligting kan verstrek in verband met biblioteke wat intekenare is op staatspublikasies en sodoende as verdere moontlike amptelike publikasiebewaarplekke geïdentifiseer kan word (Bolt, 1997:2-5).

#### *5.4.2.2 Seleksie van materiaal vir amptelike publikasiebewaarplekke*

Ten opsigte van die seleksie van biblioteekmateriaal vir amptelike publikasiebewaarplekke is aanbeveel dat 'n lys opgestel moet word van wat as basiese bronne beskou kan word en wat in amptelike publikasiebewaarplekke benodig sal word. Dit kan onder andere gedoen word deur vas te stel wat byvoorbeeld die kernversamelings behels wat by regsbiblioteke beskikbaar is. Daar is verder aanbeveel dat die Staatsdrukker 'n katalogus beskikbaar stel wat as 'n gids kan dien vir die seleksie van basiese bronne; dat beleid neergelê sal moet word ten opsigte van die uitskakeling van sekere bronne, en dat daar ook gedink moet word aan bykomende bronne wat benodig mag word vir die effektiewe funksionering van amptelike publikasiebewaarplekke (soos byvoorbeeld databasisse, woordeboeke, glossariums en ander ondersteunende inligting) (Bolt, 1997:5-6).

#### *5.4.2.3 Die aanwins en prosessering van amptelike bronne*

Die aanwins en prosessering van amptelike bronne bevat 'n groot uitdaging aangesien daar op hierdie stadium nie 'n sentrale databasis bestaan oor wat op al drie die vlakke van regering gepubliseer word nie. Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika behoort die moontlikheid te ondersoek vir die daarstel van 'n sentrale databasis. Montjane (1997:10) bevestig dat die Staatsdrukker moet verseker dat alle provinsies voorsien word van amptelike publikasies sodat inligting vir die algemene publiek beskikbaar is. Montjane (1997:10-11) beklemtoon: "And this can only be achieved if there is a constant coordination between the National Government Printing Works and

the individual Provincial Communication Authorities including having a forum where the Local Government Authorities may be included in order to facilitate the dissemination of official publication to the grass-roots."

Die aanbevelings wat gemaak is ten opsigte van die aanwins en prosessering van amptelike publikasies deur afgevaardigdes by die seminaar, is die volgende:

- Aanwinste behoort koöperatief gedoen te word en 'n databasis van gepubliseerde materiaal op sowel nasionale as provinsiale vlak moet aan amptelike publikasiebewaarplekke verskaf word.
- Duplisering van katalogisering moet uitgeskakel word en behoort sentraal gedoen te word. Dit sal ook die probleme uitskakel wat bestaan met verskillende interpretasies van die bibliografiese ontsluiting van amptelike publikasies.
- Ondersoek behoort ingestel te word na die instelling van 'n aparte databasis vir amptelike publikasies en die koördinering van belanghebbendes soos die Kommunikasiediens van Suid-Afrika - wat ook beoog om 'n databasis daar te stel (Bolt, 1997:6-8).

#### *5.4.2.4 Menslike hulpbronne*

Dit is beklemtoon dat persone wat in 'n amptelike publikasiebewaarplek werk, die nodige kwalifikasie moet hê, dat so 'n persoon 'n goeie kennis van die werking van die staat en ook van rekenaartegnologie moet hê.

Tydens die bespreking is onder andere aanbeveel dat die minimum aantal personeellede by 'n amptelike publikasiebewaarplek een gekwalifiseerde bibliotekaris en een senior biblioteekassistent behoort te wees; dat die aangewese bibliotekaris betyds opleiding behoort te ondergaan met die oog op sy werk in 'n amptelike publikasiebewaarplek; dat indiensopleiding deur sommige regsbiblioteke verskaf kan word; dat die moontlikheid ook bestaan dat die Staatsdrukker werkswinkels kan organiseer in samewerking met byvoorbeeld die Staatsbiblioteek; dat 'n aanbeveling via biblioteekverenigings (byvoorbeeld LIASA) aan biblioteekskole gemaak kan word sodat kurrikulums gewysig kan word om ook amptelike publikasies in te sluit, en dat werknemers

in amptelike publikasiebewaarplekke belangegroepe kan stig (Bolt, 1997:8-9).

#### 5.4.2.5 *Finansiële aanspreeklikheid en kosteverhaling*

Ten opsigte van dié tema is dit beklemtoon dat 'n amptelike publikasiebewaarplek groot verantwoordelikhede meebring vir die betrokke biblioteek en owerheid. Daar is aangevoer dat die lopende kostes ten opsigte van die bestuur van 'n amptelike publikasiebewaarplek moontlik ses syfers per jaar kan beloop. Sake wat finansiële verpligtinge meebring is onder andere die grootte van die versameling, aantal sitplekke en werkstasies vir gebruikers; die totale ruimte benodig, die aantal personeellede, toerusting en inligtingstegnologie, en bykomende inligtingsmateriaal.

Daar is verdere aandag gegee aan die koste verbonde aan die loodsing en inrigting van amptelike publikasiebewaarplekke. Vanselfsprekend is hier groot bedrae ter sprake en daarom sal daar 'n finansiële besigheidsplan opgestel moet word om voor te lê aan potensiële skenkers of borge ten einde fondse in te win. Verder is geargumenteer dat die bedryfskoste die verantwoordelikheid van die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie sowel as van die LUR (verantwoordelik vir biblioteke) sal moet wees. Plaaslike regerings sal ook verantwoordelik wees vir sekere onkostes en sodanige plaaslike owerhede moet hieroor goed ingelig word. Derdens is aangevoer dat die moontlikheid van 'n kosteverhaling uit die beskikbaarstelling van amptelike publikasies aan die publiek, nie ter sprake is nie aangesien die beginsel by amptelike publikasiebewaarplekke geld dat juis hierdie inligting gratis deur die amptelike publikasiebewaarplekke ontvang en dus gratis aan die publiek beskikbaar gestel moet word. Dit bly belangrik om, indien koste bespaar wil word, aktiwiteite soos opleiding, prosessering en ander administratiewe take nie te dupliseer nie (Bolt, 1997:9-10).

#### 5.4.2.6 *Inligtingstegnologie*

Wêreldwyd is die neiging om amptelike publikasies in elektroniese formaat vry te stel. Ook in Suid-Afrika het amptelike inligting op die Internet toegeneem. Volgens Montjane (1997:11) het die Staatsdrukker reeds besef dat daar sekere nadele verbonde is aan die ou papiergebonde publikasies. Van die

nadele behels dat meer mense benodig word om masjiene te beheer, vertragings voorkom in die druk- en publiseerproses; dat buitengewone kostes verbonde is aan die herdruk van publikasies; dat vermorsing van papier plaasvind (byvoorbeeld 'n staatskoerant beslaan dikwels 200 bladsye terwyl gebruikers meestal slegs enkele bladsye daarvan benodig). Hierbenewens dra hoë postariewe en 'n relatief swak posdiens by tot stygings in koste en tyd wat verlore gaan. As gevolg van bogenoemde faktore is die Staatsdrukker reeds besig om nuwe elektroniese masjinerie te installeer. Dit is bekend as die "Print-on-Demand System" (Druk-op-Versoek-stelsel). Dié stelsel maak dit moontlik dat inligting geberg kan word in 'n elektroniese argief en maklik en teen relatief lae koste op versoek gedruk kan word. Dit kan ook op E-pos en Internet vrygestel word en daar word bereken dat koste bespaar sal word.

Die volgende aanbevelings is gemaak na bespreking deur die groep:

- Die beste en vinnigste elektroniese toerusting wat bekostigbaar is, moet geïnstalleer word aangesien die hele stelsel deur swak toerusting gekelder kan word.
- Personeel in amptelike publikasiebewaarplekke moet opgelei word om die Internet te gebruik en om inligting op CD-ROM te vind.
- Daar is reeds verskeie amptelike publikasies, meestal in volteks, in Suid-Afrika beskikbaar. Die uitsondering is egter provinsiale inligting wat feitlik nie beskikbaar is nie. Hieraan sal aandag gegee moet word.
- Daar sal gestreef moet word na eenvormigheid, standaardisasie en samewerking tussen staatsdepartemente, nasionale, provinsiale- en plaaslike regerings en die Staatsdrukker (Bolt, 1997:10-11).

## 5.5 BEKENDSTELLING EN BEMARKING VAN AMPTELIKE PUBLIKASIES

### 5.5.1 Inleiding

Amptelike publikasies is 'n ryk bron van inligting vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling en behoort daarom vir alle lede van die gemeenskap toeganklik te wees (Lor, 1997:11). Soos vroeër aangetoon, word amptelike publikasies onderbenut. Daar is ook aangetoon dat daar verskeie redes is vir die

onderbenutting van staatspublikasies en oplossings is aan die hand gedoen om probleme in verband met amptelike publikasies uit die weg te ruim.

Al sou al die probleme opgelos word, dan bly dit nog so dat die gemeenskap nie bewus is van die tipe inligting wat uit amptelike publikasies verkry kan word nie. Indien biblioteek- en inligtingsdienste 'n rol wil speel in die demokratiseringsproses in Suid-Afrika, sal die biblioteek- en inligtingsdienste in samewerking met die staat en ander belanghebbendes die waarde van amptelike publikasies moet aanmoedig. In die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 word in artikel 4(b) een van die doelstellings van 'n amptelike publikasiebewaarplek gesien as 'n sentrum vir die bevordering van openbare bewustheid en vir toegang tot amptelike publikasies en inligting wat gehou word deur die regering.

Die bewusmaking van die publiek van amptelike publikasies sal volgens skrywer die beste resultate hê indien die staat, biblioteek- en inligtingsdienste en amptelike publikasiebewaarplekke in hierdie verband saamwerk.

Vervolgens 'n uiteensetting van moontlikhede by die skep van 'n bewustheidskultuur by die publiek deur die staat, biblioteek en inligtingsdienste en amptelike publikasiebewaarplekke ten opsigte van die waarde van amptelike publikasies.

### 5.5.2 Die skepping van 'n publieke bewustheid oor staatsinligting deur die staat

#### *5.5.2.1 Die staat se hulpbronne*

Die staat het deur sy aanvaarding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 en deur verskeie ander wette wat aanvaar is en deur uitsprake hom duidelik verbind tot die vrye vloei van inligting en die verwesenliking van die fundamentele reg op toegang tot inligting. Daarom sal die staat deur die ondersteuning van pogings om amptelike publikasies bekend te stel, op tasbare wyse kan demonstreer dat die demokratisering van die gemeenskap belangrik is. Die staat het die mag om hulpbronne toe te ken. In die verband merk Kedem (1993:34) soos volg op: "An aspect of

governance is decision making and sharing of national resources." Die staat kan deur die goedkeuring van bronne op groot skaal help om die gemeenskap inligtingsbewus te maak - iets waartoe ander instansies nie in staat is nie. Manaka (1993:28) beweer dit kan op dieselfde skaal gedoen word as wat malaria en cholera-epidemies in die verlede beveg is.

#### *5.5.2.2 Moontlike maniere waarop die staat amptelike publikasies en die reg op toegang tot inligting kan bevorder*

Deur die loodsing van projekte kan die staat 'n bewustheid ten opsigte van die nut en belangrikheid van staatspublikasies bevorder. In dié verband kan gedink word aan advertensies in koerante (soos byvoorbeeld die staat se inligtingsadvertensies om kiesers bewus te maak van die vereiste staafkode in identiteitsdokumente met die oog op die 1999-verkiesing). Ook die televisie en die radio kan hiervoor gebruik word.

Die staat kan deur middel van Internet inligting ten opsigte van verkryging van amptelike publikasies bekendmaak en belangstelling hierin bevorder.

Verskeie departemente, byvoorbeeld die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie en die Departement van Onderwys kan deur onderlinge samewerking, die waarde van inligting en spesifiek amptelike inligting, in kurrikulums invoeg sodat kinders reeds op skoolvlak bewus gemaak word van die tipe inligting wat beskikbaar is en hoe dit hulle lewens raak.

Die staat sal ook moet toesien dat die nodige fondse beskikbaar gestel word vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke. Aangesien die bedryfskostes van die Provinsiale Regering verkry moet word, sal alle belanghebbendes goed ingelig moet word oor die waarde van sodanige inligting met die oog op die sukses van demokrasie op plaaslike sowel as provinsiale vlak.

### 5.5.3 Biblioteek-en inligtingsdienste

Benewens die verantwoordelikhede van die staat ten opsigte van die publieke bewusmaking oor amptelike publikasies, sal die biblioteek- en

inligtingsdienste ook 'n groot rol moet speel. Aangesien Suid-Afrika oor 'n relatief goed ontwikkelde biblioteek- en inligtingsdiens beskik, kan van die biblioteek- en inligtingsdienste 'n positiewe bydrae verwag word ten opsigte van die genoemde bewusmakingsproses.

Daar bestaan verskeie biblioteek- en inligtingsorganisasies waarvan die grootste op die stadium die nuutgestigte Library and Information Association of South Africa is. Hierdie organisasies kan op verskeie maniere die demokratisering van inligting versterk en amptelike publikasiebewaarplekke bekendstel. Die konsep in verband met amptelike publikasiebewaarplekke moet deur die lede aanvaar en as belangrik geag word en kan tydens jaarlikse konferensies deur middel van voordragte en bespreking aan die lede van die vereniging bekendgestel word. Hierbenewens kan die konsep deur middel van uitstallings tydens konferensies en nuusbriewe bekendgestel word. Verbeterde ontsluitingsmetodes kan 'n verdere bydrae lewer tot 'n bewusmaking en verhoogde gebruik van amptelike publikasies; meningsopnames kan aangewend word om betroubare inligting te bekom oor die vlakke van bewustheid aangaande amptelike publikasies en die frekwensie van gebruik daarvan. Dit kan verder opgevolg word met toegespitste projekte. Werkswinkels in verband met amptelike publikasies kan in samewerking met staatsdepartemente, die Staatsbiblioteek, die Staatsdrukker en amptelike publikasiebewaarplekke en biblioteek- en inligtingsverenigings gereël word.

Biblioteekverenigings en bibliotekarisse moet tot 'n groter mate betrokke raak by toegespitste bewusmakingsaktiwiteite ten opsigte van strategiese instansies soos die Freedom of Expression Institute (FXI) en persone in gesagsposisies in die samelewing - soos politici, besigheidslui en ander sodanige individue asook invloedryke instansies. Hierdie mense moet oortuig word dat dit vir die land en dus ook vir hulle belangrik is dat demokratisering slaag. Kedem (1993:47) sien die rol van bibliotekarisse so: "They must go all out en mix and rub shoulders with other people in the society ..." en verder "... if one wants to achieve some success he should not only be seen but must be also heard".

### 5.5.4 Amptelike publikasiebewaarplekke

Amptelike publikasiebewaarplekke se rol in die bewusmaking van die waarde van amptelike publikasies en waar en hoe dit beskikbaar is, sal moontlik deurslaggewend wees vir die suksesvolle implementering en bedryf daarvan. Amptelike publikasiebewaarplekke moet deeglik bewus wees van hulle waarde "as a public window on Government" (Tyobeka, 1997:3).

Aangewese amptelike publikasiebewaarplekke sal gesamentlik deur die provinsiale en plaaslike regerings finansieel onderhou moet word. Hierdie regerings moet besef dat amptelike publikasiebewaarplekke as 'n belangrike skakel dien in die demokratiseringsproses. Plaaslike regerings is dié been van die regering wat die naaste aan die mense is en wat die grootste effek het op mense se dag-tot-dag lewe (Van Niekerk, 1996:32). Plaaslike regerings kan mense aanmoedig om aan die demokrasie deel te neem deur die bywoning van plaaslike owerheidsvergaderings te bevorder. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur kopieë van agendas en notules van vergaderings aan amptelike publikasiebewaarplekke beskikbaar te stel vir insae deur die publiek. Hierdie inligting kan ook elektronies beskikbaar gestel word (Van Niekerk, 1996:36).

Die bemarking van dienste sal net slaag as dit 'n verbetering in dienste meebring en as dit werklik waarde het en in 'n behoefte voorsien (Hernon en Mcclure, 1984:135). Daarby is bemarking 'n aaneenlopende proses wat deeglike beplanning en navorsing vereis.

Daar bestaan 'n magdom metodes waarvolgens amptelike publikasiebewaarplekke hulle dienste kan bemark en bekendstel. Van die metodes behels die skryf van brosjures en artikels en die opstel van bibliografieë. Netwerke en konsortiums kan inligting vrystel oor die beskikbaarheid van amptelike publikasies. Belangegroepe kan ook gestig word en lesings en demonstrasies kan gehou en begeleide toere gereël word. Advertensies sou verder in plaaslike en provinsiale koerante geplaas kan word.

Die sukses van amptelike publikasiebewaarplekke sal grootliks afhang van

die personeel se ywer vir die saak van demokratisering. Personeel sal dus self oortuig moet wees van die waarde van amptelike publikasies vir die gemeenskap.

## 5.6 SLOT

Biblioteke het 'n rol te speel in die demokratiseringsproses. Die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997 wat vereis dat daar ten minste een amptelike publikasiebewaarplek in elk van die Republiek van Suid-Afrika se nege provinsies moet wees, gee aan biblioteke 'n gulde geleentheid om 'n bydrae te lewer tot die konkretisering van die reg op inligting. Die Amerikaanse Federal Depository Library Program bestaan al langer as 'n eeu en kan as voorbeeld dien vir die instelling van amptelike publikasiebewaarplekke in die Republiek van Suid-Afrika. Die belangrikste sake waaraan biblioteek- en inligtingsdienste in die Republiek van Suid-Afrika in dié verband aandag moet gee is enersyds om die publiek, politici, sakelui sowel as biblioteekpersoneel bewus te maak van die waarde van amptelike publikasies en andersyds om 'n stelsel vir amptelike publikasiebewaarplekke daar te stel waarin duidelike riglyne, doelwitte en programme uitgewerk is. Dit is duidelik uit die voorgaande uiteensetting dat 'n aantal belanghebbers reeds die bal aan die rol gesit en baanbrekerswerk in dié verband verrig het. Biblioteek- en inligtingsdienste moet duidelik die voorneme tot deelname laat blyk en met voorstelle en motiverings na vore kom om te verseker dat amptelike publikasiebewaarplekke gevestig word. Uit die voorgaande blyk dit dat biblioteke die aangewese instansies is vir die vestiging van amptelike publikasiebewaarplekke.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die post-1994 bedeling in Suid-Afrika is in breë trekke gekenmerk deur maatreëls om die Suid-Afrikaanse samelewing op omvattende wyse te transformeer. Teen die agtergrond van 'n kultuur van konflik, polarisasie en die manipulasie en geheimhouding van inligting, het die nuwe bewind spesifiek daarop gekonsentreer om die Suid-Afrikaanse bedeling te omskep in 'n bestel waarin daar 'n vryer vloei van inligting is en is daar 'n reg op toegang tot inligting vir Suid-Afrikaanse burgers grondwetlik in artikel 32 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 verskans. Naas grondwetlike bepalings - en veral soos vergestalt in die Handves van Regte - moes daar deur middel van nasionale wetgewing beslag gegee word aan die besonderhede van hierdie regte. In geheel gesien het hierdie maatreëls drastiese veranderings teweeggebring wat ook 'n invloed op die biblioteek- en inligtingswese het.

Hoewel die nasionale wetgewing soos vereis deur artikel 32 nog nie gepromulgeer is nie, het die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* (W67-98) laat in 1998 voor die Nasionale Vergadering gedien. Hierdie wetsontwerp bevat die praktiese reëls vir die implementering van die reg op inligting wat in die 1996-Grondwet vervat is. Tot tyd en wyl die wetsontwerp gepromulgeer word, geld artikel 23 van die interim *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 wat bepaal dat elke persoon 'n reg op inligting het ter beskerming van sy of haar fundamentele regte.

Teen hierdie agtergrond was die sentrale probleemstelling van hierdie studie dat die nuwe grondwetlike bedeling omvattende en ingrypende implikasies vir die bibliotekaris en biblioteke meegebring het wat moontlik veranderings en

aanpassings in die biblioteekwese sou verg. Die hoofdoel van die studie was om vas te stel watter moontlike implikasies artikel 32 van die 1996-Grondwet vir die bibliotekaris en biblioteke kan meebring. Om hierdie oogmerk te bereik, is 'n ontleding gemaak van die regsimplikasies van artikel 32 van die 1996-Grondwet (gelees met die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie*) asook 'n ontleding van die huidige rol van biblioteke in Suid-Afrika ten opsigte van inligtingverskaffing, en die onderskeiding van vereistes en norme waaraan biblioteke (gesien die nuwe wetgewing oor toegang tot inligting en die verskaffing van inligting) sal moet voldoen.

## 6.2 GEVOLGTREKKINGS

Daar is bevind dat inligting verband hou met toeligting, opheldering, verklaring, inlig en op die hoogte bring. Die konteks waarbinne die woord gebruik word, beïnvloed die interpretasie daarvan. In 'n wetenskaplike konteks word daar bepaalde vereistes gestel waaraan die begrip inligting moet voldoen. Inligting kan verwys na waarneembare en nie-waarneembare objekte en kan meerdere bestemmingsfunksies hê. Inligting kan slegs deur middel van 'n medium vrygestel word.

Openbare inligting kan teenoor staatsinligting gestel word. Openbare inligting is 'n breër konsep as staatsinligting omdat dit inligting in alle staats- en semi-staatsinstansies insluit. Staatspublikasies word deur beide die Staatsdrukker en privaatinstansies uitgegee. Hierdie publikasies het betrekking op alle vlakke en aktiwiteite van die regering. Staatsinligting word nie net na binne nie, maar ook buite staatsinstansies versprei.

Daar kan verskeie betekenisse aan die begrip vryheid van inligting verleen word. Dit is 'n omvattende begrip wat onder meer vryheid van spraak, uitdrukking en toegang tot inligting insluit. In alle gevalle verwys die begrippe na toegang tot staatsinligting.

Die Suid-Afrikaanse regsbestel berus op die aanvaarding en erkenning van fundamentele regte. Een van die fundamentele regte is die reg op toegang

tot inligting wat in die 1996-Grondwet vervat is. Hierdie reg is een van die pilare van demokrasie soos ook die reg op vrye meningsuiting en die reg op kritiek op owerheidsoptredes. Die reg op toegang tot inligting kan nie onbeperk geld nie.

Daar is bevind dat inligting 'n nasionale bate is en dat alle mense geregtig is op inligting. Hierdie inligting is hoofsaaklik amptelike inligting maar kan ook verwys na inligting wat deur instansies en individue gehou word.

Menseregte het ontwikkel uit die aanspraak van mense dat bepaalde waardes beskerm moes word. Menseregte word op verskeie wyses geïnterpreteer. Eerste, tweede en derde generasies menseregte word onderskei. Dit is nie duidelik onder watter van hierdie kategorieë die reg op inligting ingedeel kan word nie, maar daar sou geredeneer kon word dat die reg op inligting 'n eerste generasiereg is. In Suid-Afrika word daar eerder na fundamentele regte as menseregte verwys. Die Handves van Regte in die 1996-Grondwet bind alle vlakke van die owerheid en het ten doel om alle mense te beskerm.

Uit die analise het geblyk dat die reg op toegang tot inligting soos opgeneem in artikel 32 nie 'n absolute reg is nie aangesien dit deur artikel 36 van die 1996-Grondwet beperk word. Artikel 32(2) van die 1996-Grondwet bepaal dat nasionale wetgewing gepromulgeer moet word om die reg op toegang tot inligting in meer besonderhede te reël. Gevolglik het die *Wetsontwerp op Oop Demokrasie* tot stand gekom. Die besondere doelstellings van dié wetsontwerp is onder andere om aan die publiek 'n reg op toegang tot inligting wat deur regeringsliggame gehou word, te gee. Die beperkings op die uitoefening van die reg op toegang tot inligting mag egter nie goeie regering ("governance") dwarsboom nie. Die reg op toegang tot inligting het ten doel om aan die een kant individue te beskerm teen die misbruik van inligting deur die regering of privaatinstansies, en aan die ander kant om die publiek te bemagtig om ingeligte besluite te neem.

'n Tweede belangrike wet in hierdie verband wat reeds gepromulgeer is, is die *Wet op Pliglewering* 54 van 1997. Dié wet se hoofdoel is om die intellektuele

eiendom van die nasie op rekord te plaas en te bewaar sodat dit vir die publiek beskikbaar kan wees. 'n Tweede baie belangrike oogmerk van dié wet is dat daar in elke provinsie minstens een plek aangewys moet word vir die bewaring van amptelike (staats-) publikasies. Die doel met die amptelike publikasiebewaarplekke is om staatsinligting meer toeganklik vir die publiek te maak en om die nodige openheid ten aansien van inligting te demonstreer. Hierbenewens blyk dit ook dat die algemene beskikbaarstelling van inligting en in besonder staatsinligting, bedoel is om by te dra tot die algemene ontwikkeling van die bevolking.

Hoewel die *Wet op Pliglewering* nie pertinent stel dat biblioteke amptelike publikasiebewaarplekke is of sal wees nie, het dit uit die ontleding van die historiese en hedendaagse taak en vermoë van biblioteke geblyk dat dit oor verskeie kwaliteite beskik wat dit uiters geskik maak om as sodanige bewaarplekke te dien. Die kerntaak van biblioteke is inligting en daarom bied hierdie aanwysing van amptelike publikasiebewaarplekke aan biblioteke 'n gulde geleentheid om deel te hê aan die demokratiseringsproses in Suid-Afrika deur die verspreiding van inligting. Uit die studie blyk dit dat die eis om die vrye vloei van inligting en gelyke toegang tot inligting steeds sentraal staan ten opsigte van die doelstellings van biblioteek- en inligtingsdienste. Daarom is daar ten spyte van probleme verbonde aan biblioteek- en inligtingsdienste soos die swak verspreiding van biblioteke in Suid-Afrika en onderbefondsing, tot die gevolgtrekking gekom dat biblioteke dié instellings is wat die beste of baie goed toegerus is om as amptelike publikasiebewaarplekke op te tree.

Die *Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika* 43 van 1996 maak voorsiening vir die behoorlike bestuur en versorging van rekords van regeringsliggame. Biblioteke moet van die wet kennis neem onder meer omdat bepaalde inligting aan openbaarmakingstermyne onderhewig gestel word.

In die Verenigde State van Amerika word biblioteke as depots vir staatsinligting gebruik. Die Federal Depository Library Program kan as

voorbeeld dien vir die inwerkingstelling van bewaarplekke soos deur die *Wet op Pliglewering* bepaal.

Dit het verder geblyk dat biblioteek- en inligtingsdienste, ten einde te verseker dat amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke gehuisves word, pro-aktief moet optree en in samewerking met alle belanghebbendes prosedures en reëls daar moet stel vir die implementering van amptelike publikasiebewaarplekke in biblioteke. Staatspublikasies word onderbenut omdat dit nie algemeen beskikbaar is nie en omdat die waarde daarvan nie deur die algemene publiek besef word nie.

## 6.3 AANBEVELINGS

Biblioteek- en inligtingsdienste moet hulle beywer vir 'n goeie verstandhouding met politieke besluitnemers wat oor befondsing en die toewysing van amptelike publikasiebewaarplekke besluit. Bibliotekarisse moet dus nie net gesien word op plekke waar dit saak maak nie, maar moet ook gehoor word. Biblioteek- en inligtingsdienste moet besef dat sinvolle (politieke) besluite alleen geneem kan word indien inligting oor die behoeftes van biblioteke aan besluitnemers beskikbaar gestel word. Diegene wat die finansies toeken, moet bewus wees van die spesifieke behoeftes van biblioteek- en inligtingsdienste. Bostaande beteken dat daar 'n totaal nuwe rol wag op bibliotekarisse ten opsigte van beleidmaking en biblioteekbemarking.

Biblioteek- en inligtingsdienste sal 'n bewuste poging moet aanwend om die personeel van biblioteek- en inligtingsdienste, studente in opleiding aan biblioteekskole, skoliere en die publiek oor die algemeen bewus te maak van die waarde en beskikbaarheid van amptelike (staats-) inligting. Dit kan op verskeie maniere gedoen word, maar so 'n poging kan alleen slaag indien dit op die hoogste vlak bestuur en behoorlik gekoördineer word.

Personeelopleiding sal 'n hoë prioriteit moet geniet ten einde amptelike bewaarplekke te laat slaag as instrument vir demokratisering. Indien die diens aan gebruikers swak is as gevolg van onwilligheid of onkunde of

onvermoë, sal die publiek nie oortuig word dat hulle belastinggeld sinvol bestee en dat biblioteke geskikte plekke is om as amptelike publikasiebewaarplekke te dien nie. Met ander woorde: indien die middele en instrumente waardeur staatsinligting bekendgestel moet word, ontoereikend is, kan aanvaar word dat die hele idee rondom die beskikbaarstelling van inligting en die toegang tot inligting, skade sal ly. Hierdie vereiste sal meebring dat biblioteekkurrikulums hersien moet word en dat biblioteekstudente rekenaarvaardig sal moet word. In die verband kan en sal biblioteke waarskynlik self 'n bydrae moet lewer.

Die vereistes wat in landelike gebiede gestel gaan word as gevolg van (onder andere) ongeletterdheid, semi-geletterdheid, onkunde, onbekendheid met inligtingsentra en die waarde daarvan, kan meebring dat spesifieke aandag aan die tipe opleiding van bibliotekarisse gegee sal moet word. Vanweë die besondere en hoe vereistes wat aan bibliotekarisse in die landelike gebiede gestel gaan word om die reg op inligting te realiseer, sal gerigte navorsing gedoen moet word om meer kennis en insig te bekom oor hoe hierdie probleme oorbrug kan word. Daar kan verwag word dat hierdie bibliotekarisse innoverend sal moet optree om mense van inligting te voorsien.

Dit is belangrik dat die gepaste tegnologie ingespan word deur byvoorbeeld die gebruik van die Internet en CD-ROM. Dit vereis weereens kundigheid van die biblioteekpersoneel, maar ook toewysing van die optimale rekenaartoerusting wat bekostig kan word. Frustrasie ten opsigte van swak rekenaarverbindings en stadige ontginning van inligting kan 'n belemmering wees vir die reg op toegang tot inligting. Metodes sal gevind moet word om te verseker dat provinsiale en plaaslike owerhede inligting op 'n toeganklike wyse beskikbaar stel

Toenemende aandag sal op hoë vlak gegee moet word aan die vermindering van duplisering ten opsigte van die aanwins, ontsluiting, prosessering en beskikbaarstelling van inligting. Dit is onvermydelik dat toenemende koördinasie sal moet plaasvind tussen alle belanghebbendes.

Verdere navorsing sal onderneem moet word om die behoeftes van gebruikers (in landelike, "township" en stedelike gebiede) ten aansien van amptelike inligting te bepaal. Die aard van kernversamelings in verskillende streke van die land moet ook ondersoek word.

Ten einde nuwe gebruikers van biblioteke te akkommodeer, moet biblioteke navorsing onderneem met die oog op bepaalde programme wat aangebied kan word om biblioteke (oor die algemeen en spesifiek ten opsigte van reg op staatsinligting) bekend te stel en om dit in hierdie verband gebruikersvriendelik te maak.

## 6.4 SLOT

Biblioteke word deur staatsgeld gesubsidieer en het dus 'n belangrike rol te speel in die implementering van die reg op toegang tot inligting en die demokratiese bestel in Suid-Afrika. Die biblioteek- en inligtingsdienste en die staat het, teen die agtergrond van verantwoordelike regering en demokratiese deelname aan regering, voor 'n nuwe uitdaging te staan gekom waar inligting, as 'n grondpilaar van die demokrasie, op 'n uitgebreide skaal vir die breë publiek toeganklik gemaak moet word. Dit vereis dat die staat sorg sal moet dra dat staatsinligting sodanig georden en gesistematiseer word dat dit vir algemene bekendstelling aangewend en toeganklik gemaak kan word.

Die nuwe omstandighede vereis dat die biblioteek- en inligtingswese hierdie reg op toegang tot inligting vir die publiek moet laat realiseer. Die biblioteek- en inligtingswese moet sorg dra dat hulle hierdie geleentheid gebruik. Bibliotekarisse en biblioteekpersoneel behoort egter nie op die staat te wag om hierdie taak aan hulle op te dra nie, maar moet positief voorstelle maak oor die rol van biblioteke in hierdie verband:

> "Librarianship may not be the only profession duty-bound to pursue and advocate the peoples' right to all the information, but it is the least tainted one. People don't trust politicians, journalists or commercial information vendors to tell it all. Only libraries and librarians can carry out this difficult, sometimes dangerous, but crucial mission" (Berry, 1997:6)

# BRONNELYS

ABBOTT-HODUSKI, B.E. 1997. The United States depository system as a tool for democracy. *Meta-info bulletin*, 6(4):11-15, Nov.

ACTAG ***kyk*** ARTS AND CULTURE TASK GROUP.

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1995. A policy framework for education and training. Manzini : MacMillan. 135 p.

ALLAN, A.J. 1990. The myth of government information. London : Library Association Ltd. 64 p.

ANC ***kyk*** AFRICAN NATIONAL CONGRESS.

ANON. 1996a. Open democracy bill: an almost dead letter. *Financial Mail*, 142(10):50, Nov. 1.

ANON. 1996b. Liberating information: the Open Democracy Bill. *FXI update : a monthly bulletin of the FXI of South Africa*: 1-3,8, Jan/Feb.

ANON. 1996c. Open Democracy Bill: COSATU intervenes. *Financial Mail*, 139(8):46-47, Feb. 9.

ANON. 1997. The right to know. *Sunday Independent*: 7, Jul. 27.

ARTS AND CULTURE TASK GROUP. Library and Information Services Subcommittee. 1995. Report on library and information services: as presented on 31 July. Chapter 6. Pretoria : State Library. 173 p.

AUCAMP, G. 1962. Woordekeus: sinoniem en antoniem. Kaapstad : Juta. 142 p.

BANJO, G. 1995. Freedom of information in Nigeria. (*In* Turfan, B., *ed.* Emerging democracies and freedom of information: proceedings of a Conference on the International Group of the Library Association (IGLA), held in Oxford, September 1994. London : Library Association. p. 135-143.)

BEATTY, D. 1994. Human rights and the rules of law. (*In* Beatty, D.M., *ed.* Human rights and judicial review: a comparative perspective. Dordrecht : Marthinus Nijhoff. p. 1-56.)

BEHRENS, S.J. 1994. Bibliographic control and information sources. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. 399 p.

BENJAMIN, P. 1997. Multipurpose community centres in South Africa. *Meta-info bulletin*, 6(1):6-12, Feb.

BERRY, J.N. 1997. The rebirth of information activism. *Library Journal*, 122(7):6, April.

BIRRU, G. 1993. The role of SISA in the transfer of information technology in Africa. (*In* Coetzer, A.G., *ed.* Proceedings of the Info Africa Nova Conference, held in Pretoria on 3-7 May 1993. Vol. 2. Pretoria : Info Africa Nova. p. 368-396.)

BOLT, S. 1997. Report on the Seminar of Official Publications Depositories, held at the American Embassy in Pretoria on 1-3 October 1997. Pretoria. 11 p. (Unpublished.)

BOLT, S. 1998. Mondelinge mededelings aan outeur. Pretoria.

BOOYSEN, H. & VAN WYK, D.W. 1984. Die 83-grondwet. Kaapstad : Juta. 214 p.

BOROVANSKY, V.T. 1996. The changing trends in scholarly

communication: issues for technological university libraries. (*In* Van Marle, G.A.J.S. & Tornudd, E., *eds.* Resources management: proceedings of the 16th Biennial IATU-conference held in Enschede on 5-9 June 1995. Enschede : University of Twente. p. 68-79.)

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.W., *red.* 1982. Tweetalige Woordeboek. Afrikaans-Engels. Kaapstad : Tafelberg. 1901 p.

BOWDEN, R. 1995. Keynote address. Emerging democracies and freedom of information. (*In* Turfan, B., *ed.* Emerging democracies and freedom of information: proceedings of a Conference on the International Group of the Library Association (IGLA), held in Oxford, September 1994. London : Library Association. p. 3-9)

CILLIé, R.M. 1994. Availability of information in South African government departments. *Meta-info bulletin*, 3(3):4-5, May.

CILLIé, R.M. 1995. Survey In South African government departments on the availability and utilization of government publications. *Meta-info bulletin*, 4(4):5-10, July.

CLEVELAND, G. 1991. Electronic document delivery. Ottawa : IFLA. 155 p. (CUDT-series on data communication technologies and standards for libraries. Report nr. 2.)

CONCISE OXFORD DICTIONARY OF CURRENT ENGLISH. (Allen, R.E. (ed.)) 1990. Public sector. London : Clarendon. 1454 p.

DALTON, G. 1988. Library and information services for research. (*In* Shillinglaw, N. & Thomas, W. The information society. Cape Town : Donker. p. 171-206.)

DE BEER, J.F. 1998. Workshop to enhance the services of the State Library, Pretoria and of the official publications depositories. *Meta-info bulletin*,

7(3):10-12, Aug.

DE VILLIERS, B. 1996. Human rights in developing countries: some crucial issues. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, (4):679-700.

DE VILLIERS, D.E. 1984. Die geskiedenis van menseregte. (*In* Du Toit, D.A. *red.* Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 9-38.)

DE VILLIERS, B. & SINDANE, J., *eds.* 1996. Managing constitutional change. Pretoria : HSRC. 360 p.

DEPARTEMENT VAN KUNS, KULTUUR, WETENSKAP EN TEGNOLOGIE. 1997. Report of the Working Group on the National Libraries of South Africa. Second draft. (24 Feb. 1997) [Beskikbaar op Internet:] http://www.polity.org.za/govdocs/reports/library.html [Datum van gebruik: 26 Maart 1998.]

DESIGNATION HANDBOOK FOR FEDERAL DEPOSITORY LIBRARIES. 1998. U.S. Government Printing Office : Federal Depository Library Program. http://www.du.edu~tt/er/desig.html [Datum van gebruik: 13 Augustus 1998.]

DLAMINI, C.R.M. 1995. Human rights in Africa: which way South Africa? Durban : Butterworths. 167 p.

DRAFT REPORT ***kyk*** SUID-AFRIKA Departement van Kuns, Kultuur en Tegnologie.

DU PLESSIS, L.M. 1996. Evaluative reflections on the final text of South Africa's Bill of Rights. *Stellenbosch Law Review*, 7(3):283-306.

DU PLESSIS, W. 1986. Die reg op inligting en die openbare belang. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif-LLD.) 537 p.

DU PLESSIS, W. 1994. Toegang tot polisiedossiere. *South African Journal*

*of Criminal Justice*, 7(3):307-321.

DUGARD, J. 1994. International human rights. (*In* Van Wyk, D.J., *ed.* Rights and constitutionalism: the New South African legal order. Kenwyn : Juta & Co. p. 171-195.)

EDWARDS, H. 1994. Meta-information for a new South Africa. *Meta-information bulletin*, 3(3):1-3, May.

ERASMUS, G. 1995. Regspraak rondom die Grondwet en fundamentele reg. *Stellenbosch Law Review*, 6(1):119-126.

ESTERHUYSE, W. 1984. Die politieke funksie van die idee van menseregte. (*In* Du Toit, D.A., *red.* Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 98-107.)

ESTERHUYSE, W. 1995. Ons ontluikende demokrasie: hoe oop? *Finansies en Tegniek,* 47(27):18, Jul.

FEDERAL DEPOSITORY LIBRARY PROGRAM. 1995. Designation Handbook for Federal Depository Libraries. [Beskikbaar op Internet:] http://www.du.edu/~ttyler/desig.htm [Datum van gebruik Sept. 1, 1998].

FEDERAL DEPOSITORY LIBRARY PROGRAM. 1998. Government information at a library near you. [Beskikbaar op Internet:] http://www.access.gpo.gov/su_docs/libpro.html [Datum van gebruik: Aug. 25, 1998].

FINER, S.F. 1985. Comparative government: an introduction to the study of politics. Harmandsworth : Penguin. 615 p.

FOX, W. & MEYER, I van H. 1995. Public administration dictionary. Kenwyn : Juta. 141 p.

GELDENHUYS, T. 1993. Die regbeskerming van inligting. Pretoria :

Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif-LLD.) 567 p.

GORMAN, M. 1995. Five new laws of librarianship. *American Librarian*, 26(8):784-785, Sept.

GRIESSEL, D. 1995. The right to information. *De Rebus*, (336):779-780, Dec.

HAMALENGWA, M., FLINTERMAN, C. & DANKWA, E.V.O. 1988. The international law of human rights in Africa: basic documents and annotated bibliography. Dordrecht : Martinus Nijhoff. 427 p.

HARBER, A. 1995. A radical to bring power to the people. *Mail & Guardian*, Oct. 27. [Beskikbaar op Internet:] http://www.mg.co.za/mg/news/oct27-rights2.html [Datum van gebruik: 22 Jul. 1997].

HARRIES, R. 1991. Human rights in theological perspective. (*In* Blackburn, R. & Taylor, J., *eds* Human rights for the 1990's: legal, political and ethical issues. London : Mansell. p. 1-13.)

HARRIS, M.H. & HANNAH, S.A. 1993. Into the future: the foundations of library and information services in the post-industrial era. Norwood : Ablex. 182 p.

HARTEVELD, P., STADLER, L.G. & HAUPTFLEISCH, D.C. 1992. Woordkeusegids: 'n kerntesourus van Afrikaans. Kaapstad : Southern Boekuitgewers. 367 p

HAT (Odendal, F.F., *reds.*). 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand : Perskor. 1295 p.

HERNON, P. & McCLURE, C.R. 1984. Public access to governmental information: issues, trends and strategies. Norwood : Ablex. 457 p.

HOFMEYR, W. 1996. A bill of rights for South Africa. *Aambeeld*, 24(2):31-34, Nov.

HOLLAMBY, E.O. 1994. Section 23 of the Interim Constitution and access to information in police dockets. *Consultus*, 7(2):140-144, Oct.

HOLLIS, D.R. 1997. Virtual government documents reference collection. (*In* Diaz, K.R., *ed.* Reference sources on the internet: off the shelf and onto the web. New York : Haworth. p. 31-49.)

JOHANNESSEN, L., KLAAREN, J. & WHITE, J. 1995. A motivation for legislation on access to information. *South African Law Journal*, 112(1):45-60, Feb.

KEDEM, K.A. 1993. Politics and library development in Africa. (*In* Coetzer, A.G., *ed.* Proceedings of the Info Africa Nova Conference, held in Pretoria on 3-7 May 1993. Vol. 1. Pretoria : Info Africa Nova. p. 34-50.)

KLAAREN, J. 1997. The status of access to information legislation in South Africa. [Beskikbaar op Internet:] http://pc72, law.wits.ac.za/docs/odaupdt.html [Datum van gebruik: 24 Jul.1997].

LE ROUX, F. 1994. Die beginsels van 'n regstaat. *RSA Review*, 7(2):56-61.

LIBRARY PROGRAM SERVICE. 1992. Instructions to depository libraries. US Government Printing Office. Washington [Beskikbaar op Internet:] http://www.du.edu/~ttyler/instrl.htm [Datum van gebruik: Aug. 31, 1998].

LINE, M. 1996. Line's five laws of librarianship and one all embracing law. *Library Association Record*, 98(3):144, March.

LOR, P.J. 1995a. Depositories of government publications in the United States: a possible model for South Africa? *Meta-info bulletin*, 4(4):15-20, Jul.

LOR, P.J. 1995b. Introduction to the seminar: government publications and the RDP. *Meta-info bulletin*, 4(4):3-4, Jul.

LOR, P. 1997. The Legal Deposit Bill 1997 and official publications depositories. Paper presented at a seminar on Official Publication Depositories held at the United States Embassy, Pretoria, 1-3 Oct. 1997. 11 p. (Unpublished.)

LOR, P.J. 1998. Memorandum on the state of libraries in South Africa, March 1998. *LIASA letter*, 2(1):7-12, March.

LOR, P.J. & CILLIé, R.M. 1998. Commencement of the Legal Deposit Act, 1997 (Act No. 54 of 1997). *Meta-info bulletin*, 7(3):1-8, Aug.

LOUW, A DU P. 1987. Demokrasie. (*In* Van Vuuren, D.J., *red.* Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika: grondslae en perspektiewe. Johannesburg : Macmillan. p. 95-108.)

LUNDU, M.C. 1995. The library in service of society: philosophical foundation. Pretoria : Info Africa. 189 p.

MALUWA, T. 1995. Democracy and human rights - the significance of human rights law to developing countries. *African Law Review*, 6(1):24-35, May.

MANAKA, S. 1993. In search of a model for library and information service (*In* Coetzer, A.G., *ed.* Proceedings of the Info Africa Nova Conference, held in Pretoria on 3-7 May 1993. Vol. 1. Pretoria : Info Africa Nova. p. 17-33.)

MARAIS, J.J. 1980. Inligtingsweerbaarheid: 'n inligtingskundige terrein-verkenning. Johannesburg : RAU. (Verhandeling-M.Bibl.) 161 p.

MARSH, N.S. 1987. Access to government-held information. (*In* Marsh, N.S., *ed.* Public access to government-held information: a comparative symposium. London : Stevens & Son. p. 1-34.)

MARTIN, W.J. 1995. The global information society. Hampshire : Aslib Gower. 233 p.

MATHEWS, A. 1978. The darker reaches of government: access to information about public administration in three societies. Cape Town : Juta. 245 p.

MERRIT, C. 1994. A culture of censorship: secrecy and intellectual repression in South Africa. Cape Town : David Philip. 296 p.

MERRIT, C. 1995. In a state of ambivalence: the case of freedom of information in South Africa. (*In* Turfan, B., *ed.* Emerging democracies and freedom of information. London : Library Association. p. 155-169.)

MONTJANE, M.Z. 1997. The state of official publishing in South Africa. Presented as a paper at the Seminar on Official Publications Depositories held 1-3 October 1997 at the American Embassy, Pretoria. 14 p. (Unpublished.)

MOREHEAD, J. 1997. Feature column: government information sources. Inordinate fondness: the feds and the internet. (*In* Diaz, K.R., *ed.* Reference sources on the Internet: off the shelf and onto the web. New York : Haworth. p. 227-237.)

MUREINIK, E. 1994. A bridge to where? Introducing the interim Bill of Rights. *South African Journal on Human Rights,* 10(1):31-48.

NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION. 1996. Working group on libraries and information technology: policy, planning and co-operation. [Beskikbaar op Internet:] http://star.hsrc.ac.za/nche/wglt/final/toc.html [Datum

van gebruik: 2 April 1998].

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION. 1992. Library information services: report of the NEPI library and information services research group; a project of the National Education co-ordinating committee. Cape Town : Oxford University. 98 p.

NCHE ***kyk*** NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION.

NEPI ***kyk*** NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION.

PETREN, G. 1987. Access to government-held information in Sweden. (*In* Marsh, N.S., *ed.* Public access to government-held information: a comparative symposium. London : Stevens & Son. p. 35-54.)

POULTER, A. 1996. Information technology. (*In* Line, M., *ed.* Librarianship and information work worldwide 1995. London : Bowker-Sauer. p. 299-320.)

RABER, D. 1997. Librarianship and legitimacy: the ideology of the public library inquiry. Westport : Greenwood. 162 p.

RABIE, M.A. & LOUBSER, M.M. 1984. Menseregte en die Suid-Afrikaanse Reg. (*In* Du Toit, D.A., *red.* Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 9-40.)

RANGANATHAN, S.R. 1963. The five laws of library science. Bombay : Asia Publishing House. 449 p.

RANNEY, A. 1990. Governing: an introduction to political science. Englewood Cliffs : Prentice-Hall. 510 p.

RAUTENBACH, I.M. 1995. General provisions of the South African bill of rights. Durban : Butterworths. 180 p.

RAUTENBACH, I.M. & MALHERBE, E.F.J. 1994. Wat staan in die grondwet? Johannesburg : RAU. 97 p.

RAUTENBACH, I.M. & MALHERBE, E.F.J. 1998. Wat sê die grondwet? Pretoria : Van Schaik. 75 p.

RILEY, T. & RELYEA, H.C., *eds*. 1983. Freedom of information trends in the information age. London : Frank Cass. 172 p.

RODEE, C.C., ANDERSON, T.J. & CHRISTOL, C.Q. 1967. Introduction to political science. 2nd ed. New York : McGraw Hill. 710 p.

ROSKIN, G., CORD, R.L., MADEIROS, J.A. & JONES, W.S. 1991. Political science: an introduction. Englewood Cliffs : Prentice Hall. 416 p.

SHILLINGLAW, N. 1988a. South Africa as an information society. (*In* Shillinglaw, N. & Thomas, W. The information society. Cape Town : Donker. p. 9-20.)

SHILLINGLAW, N. 1988b. Access to recorded information. (*In* Shillinglaw, N. & Thomas, W. The information society. Cape Town : Donker. p. 21-45.)

SHILS, E. 1968. Political development in the new states. Den Haag : Mouton. 91 p.

SHORTER OXFORD DICTIONARY. 1980. 2 volumes. Information. Oxford : Oxford University Press.

SIEVERS, E. 1975. Staatspublikasies en staatspublisering. *SAIPA : Tydskrif vir Publieke Administrasie*, 10(2):71-83, Jun.

SOUTH AFRICAN YEARBOOK. 1996. Pretoria : South African Communications Services. 542p.

STRONG, C.F. 1963. Modern political constitutions: an introduction to the comparative study of their history and existing form. London : Sidgwick & Jackson. 389 p.

SUID-AFRIKA. Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnolgie en die Departement van Onderwys. 1996. Draft Report of the Interministerial Working Group on the Library and Information Services. [Beskikbaar op Internet:] httm://www.sacs.org.za/level4/liswgr.htm [Datum van gebruik: 3 April 1998].

SUID-AFRIKA. 1953. Polisiewet, no. 7 van 1953. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1953. Wet op Openbare Veiligheid, no. 3 van 1953. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1957. Verdedigingswet, no. 44 van 1957. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1974. Wet op Publikasies, no. 42 van 1974. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1982. Wet op Binnelandse Veiligheid, no. 47 van 1982. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1982. Wet op Beveiliging van Inligting, no. 84 van 1982. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 200 van 1993. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 108 van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, no. 43

van 1996. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op Pliglewering, no. 54 van 1997. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998. Die Wetsontwerp op Oop Demokrasie, no. W67-98. Pretoria : Staatsdrukker.

TURFAN, B. 1995. Introduction. (*In* Turfan, B., *ed.* Emerging democracies and freedom of information: proceedings of a conference on the International Group of the Library Association (IGLA), held in Oxford, September 1994. London : Library Association. p. xiii-xiv.)

TYOBEKA, E.M. 1997. Opening speech delivered by dr. Errol M. Tyobeka, Chief-director: Public Science and Liaison, Department of Arts, Culture, Science and Technology at the OPD-seminar held at the USA Embassy, Pretoria. 1-3 Oct. 9 p. (Unpublished.)

VAN AS, A. 1995. Utilisation of government publications. *Meta-info bulletin*, 4(4):31-33, Jul.

VAN DER WALDT, G & HELMBOLD, L. 1995. The constitution and the new public administration Kenwyn : Juta. 195 p.

VAN GRAAN, O.J. 1984. Die verskynsel van geheimhouding van bedrywighede van die openbare sektor met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika. Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth. (Proefskrif-D. Phil.) 249 p.

VAN NIEKERK, R.V. 1996. Organising local government information. *Innovation*, 12:31-36, June.

VAN WYK, A. 1995. Access to official information is a right. *RSA Review*, 8(4):10-19, May.

VINCENT, R.J. 1986. Human rights and international relations. Cambridge : Cambridge University Press. 186 p.

VORSTER, M.P. 1982. Konstitusies. (*In* Van Vuuren, D.J. & Kriek, D.J., *reds.* Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika. Johannesburg : MacMillan. p. 109-141.)

WAT (Woordeboek van die Afrikaanse taal). 1961. Inligting. Pretoria : Staatsdrukker.

WETTE ***kyk*** SUID-AFRIKA.

WITBOOI, S. 1994. Librarianship in a transitional South Africa. *Cape Librarian*, 83(2):13-15, Feb.

WORKING GROUP ON NATIONAL LIBRARIES ***kyk*** DEPARTEMENT VAN KUNS, KULTUUR, WETENSKAP EN TEGNOLOGIE.